15. Ekumenisiteit en Owerheid

15.1 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT EN OWERHEID (Artt.91, 123, 133, 157, 183, 197, 202, 233, 237)

A. Dr. HG Stoker stel Afdeling A van die Rapport.
B. Dr. J le Roux stel Afdeling B van die Rapport.
C. Ds. BCG Fourie stel Afdeling C van die Rapport.
D. Dr. PW Bingle stel Afdeling D van die Rapport.
E. Dr. CJ Smit gee 'n terugskouing en perspektief oor die werksaamhede
F. Ds. E Kayayan en prof. JPL Reinecke kry 'n spreekbeurt.
G. Ds. IW Ferreira stel die groot werk wat in Afrika plaasvind.
H. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Ekumenisiteit.
Punt 2.2.7 van die Rapport word verwys na die Kommissie : Finansies.
I. Ds. P Venter rapporteer namens die Kommissie : Ekumenisiteit.
J. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie : Finansies.

K. RAPPORT

A. Deputate Ekumenisiteit en Owerheid

1. Opdrag

1.1 Acta 2000:206-254, 488-493, 497-501.
1.2 Die opdragte word breedvoeriger uiteengesit by die drie onderafdelings hieronder.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Die Deputate het gekonstitueer met dr. MJ du Plessis as voorsitter en dr. HG Stoker as skriba.
2.2 Die Deputate (primi- en sekundi-lede) het in drie Kommissies verdeel, naamlik
- Ekumenies Binnelands [Dr. CFC Coetzee (voors), Dr. J le Roux (skriba)]
- Ekumenies Buitelands [Dr. CJ Smit (voors), Ds. BCG Fourie (skriba)]
- Owerheidsake [Dr. PW Bingle (voors), Oudl. W Grové (skriba)]

2.3 Die drie Kommissies het afsonderlik vergader om uitvoering te gee aan dié deel van die opdragte van Sinode 2000 wat deur die Deputate aan hulle opgedra is.
2.4 Die Deputate het jaarliks vergader om die werk van die Kommissies te monitor.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Dat in die vervolg drie Deputaatskappe daar gestel word, naamlik
- Ekumenies Binnelands
- Ekumenies Buitelands
- Owerheidsake

3.2 Dat die drie nuwe Deputaatskappe so saamgestel word dat kontinuïteit behoue bly. (Ken asseblief die voorsitter en rapporteur van die Deputate, asook die voorsitters van die drie Kommissies in die verband).

Besluit: Goedgekeur.

B. Ekumenisiteit – Binnelands

4. Opdrag

4.1 *Acta 2002:243, 15.2, 4*

Punt 4.1.1: Sit die gesprek oor kerklike eenheid, in lyn met die opdragte en besluite sedert Sinode 1958 voort. Die Deputate moet Sinode 2003 adviseer oor die stand van die gesprek deur duidelike doelstellings vir die voortgang van die gesprek te gee.

Punt 4.1.2: Sit die gesprek met die APK voort in die lig van 3.3. [3.3 lui so: Die Sinode oordeel dat die nuwe Deputate inisiatief moet neem om, in oorleg met die ander twee gespreksgenote, te besin oor die moontlikheid om die gesprek uit te brei om daardeur ander kerkgemeenskappe op Gereformeerde Belydenis by die gesprek te betrek.]

Punt 4.1.3: In die gesprekvoering met die ander Afrikaanse Kerkgemeenskappe moet die Deputate rekening hou met die verskuiwings in kerklike verhoudings die afgelope dekades en die volgende Sinode hieroor adviseer.

Punt 4.1.4: Benut op gepaste wyse dit wat die Kerkgemeenskappe in gemeen het en identifiseer terreine van konkrete samewerking.

Punt 4.1.5: Laat skyn die lig van die Gereformeerde getuienis saam met die ander twee Kerkgemeenskappe.

Punt 4.1.6: Gee so gereeld moontlik inligting oor die verloop van die gesprek op die TKK en oor plaaslike samewerking aan Klassisse en Kerkrade deur.

Punt 4.1.7: Benoem afgevaardigdes vir die volgende Konvent en handel alle sake af oor die funksionering van die Konvent wat na hulle verwys mag word.

4.2 *Acta 2002:244, 15.2, 2 (Aanvullende Rapport)*

Punt 2.1: Die Sinode spreek sy teleurstelling uit dat, ondanks die goeie voornemens en beplanning van die TKK asook die drie werkswinkels wat gehou is, daar nie bevredigende resultate uit die werksaamhede voortgekom het nie.

Punt 2.2: Die Sinode dra dit aan die nuwe Deputate op en doen 'n beroep op die ander twee gespreksgenote in die TKK om die genoemde drie doelstellings van die TKK (vgl Rapport 2.1.3.2-2.1.3.4) met erns en effektiwiteit na te strewe.

Punt 2.3: Die Sinode nooi voortaan ook die APK uit om amptelik 'n groeteboodskap tydens die Sinode oor te dra.

Besluit: Kennis geneem.

5. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

5.1 **Die Deputate Ekumene en Owerheid** het by sy eerste gesamentlike vergadering die volgende sake na die Binnelandse Ekumene verwys en na behandeling is soos volg daarmee gehandel:

5.1.1 *The Assosiation of Evangelicals in Africa* (AEA) en *The Evangelical Assosiation of South Africa* (TEASA) (Acta 2000:215, 3.4). Verwys na die Deputate Ekumene en Owerheid: Buitelandse Ekumene, subgroep Afrika.

5.1.2 *Raad van Kapelaansdienste* (Acta 2000:217, 3.6). Verwys na die Deputate Ekumene en Owerheid: Gesprek met Owerheid.

5.1.3 *Onafhanklike Uitsaai Owerheid* (OUO) en *Christen Netwerk* (CNW) (Acta 2000:217, 3.7). Dit is via die Administratiewe Buro verwys na die Deputate Publikasies onder wie Radio en TV ressorteer.

5.1.4 *Rustenburg Beraad* (Acta 2000:218, 3.8). Die Administratiewe Buro is versoek om enige uitnodiging wat ontvang word aan die Deputate Ekumene en Owerheid: Binnelandse Ekumene deur te gee. Geen kennis is ontvang nie.

5.1.5 *English Reformed Chruch Randburg* (ERCR) en *Free Church of South Africa* (Acta 2000:229, 5.2). Dit is verwys na die Deputate Ekumene en Owerheid: Buitelandse Ekumene weens die band met buitelandse kerke.

5.1.6 *Ander kerke van Gereformeerde Belydenis* (Acta 2000:229, 6). Op versoek is dit verwys na die Deputate Ekumene en Owerheid: Buitelandse Ekumene aangesien dit handel oor kontak met buitelandse kerke.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 **Suid Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)** (Acta 2000:216, 3.5). Daar is per skrywe by die SARK aangemeld met die versoek om met waarnemerstatus na hulle byeenkomste uitgenooi te word. Via die afgevaardigdes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is verneem dat die skrywe wel ontvang is, maar tot op datum van hierdie rapport is nog geen reaksie ontvang nie. 'n Opvolgskrywe met dieselfde versoek is weer gerig. In die Aanvullende Rapport sal verder hieroor gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

5.3 **"Neergedaal het na die hel"** (Acta 2000:424, 3.5). Die Deputate vir Leerstellige Sake is via die Administratiewe Buro en dr. JL Venter versoek om, sodra hulle met hulle navorsing oor die woorde in die Apostolicum so ver gevorder het dat dit met die ander kerke met dieselfde belydenis bespreek moet word, dit aan die Deputate Ekumene en Owerheid: Binnelandse Ekumene deur te gee. Geen terugvoering is tot op datum van hierdie Rapport van hulle ontvang nie. Moontlik kan met die Aanvullende Rapport verder gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

5.4 **Tussenkerklike Kommissie (TKK)**

5.4.1 **Werkswyse:** Die werkswyse van die TKK soos aan Sinode 2000 (:240, 2) gerapporteer naamlik gereelde werkswinkels van twee dae per keer het voortgeduur terwyl die frekwensie vermeerder het tot twee werkswinkels per jaar. Die drie sake, naamlik *krities-opbouende gesprek*, *samewerking* en *getuienistaak* het tydens die werkswinkels aandag ontvang.

Besluit: Kennis geneem.

5.4.2 **Verskuiwing in kerklike verhoudings** binne die kerkgemeenskappe – verskillende bevolkingsgroepe (Acta 2000:243, 4.1.3)

5.4.2.1 Die saak is op die Agenda van die Tussenkerklike Kommissie geplaas en word daar bespreek

5.4.2.2 Advies oor die aangeleentheid aan Sinode 2003 is met die ter perse gaan van hierdie Rapport nog nie moontlik nie aangesien samespreking by die TKK oor die aangeleentheid nog nie ver gevorder het nie.

Besluit: Kennis geneem.

5.4.3 **Krities-opbouende gesprek**

5.4.3.1 **Die teleurstelling van Sinode 2000** oor die gebrek aan vordering in die samesprekings by die TKK is deur die voorsitter, dr. CFC Coetzee, oorgedra.

5.4.3.2 **Groepvorming in kerkgemeenskappe**. Die gesprek by die TKK het uitgeloop op 'n analisering van groepvorming in kerkgemeenskappe wat as strominge gedefinieer kan word en selfs neig na modaliteite. Groepvorming binne kerkgemeenskappe bemoeilik die taak van die TKK veral met betrekking tot gesprekke wat kerklike eenheid ten doel het. Navorsingsresultate van Kerkspieël kan baie nuttig wees om die groepvorming en tendense binne kerkgemeenskappe asook die

grensverkeer tussen die kerkgemeenskappe te bestudeer. Daarom is gesprek gevoer met die persone verantwoordelik vir Kerkspieël (kyk 5.4.4.1 hieronder).

Besluit: Kennis geneem.

5.4.3.3 **Eietydse vertolking van die Belydenis**

5.4.3.3.1 Die deelnemende kerkgemeenskappe aan die TKK het gesprek gevoer oor elke kerkgemeenskap se amptelike standpunte oor die Skrif en Belydenis asook oor die Verhouding van Skrif en Belydenis. Uit die gesprekke het dit uitgekristalliseer dat die standpunte van die drie deelnemende kerke in wese ooreenstem. Verskille wat aangeteken is, handel byvoorbeeld oor die vraag of verskillende teologieë in die Skrif aanwesig is, die saak van eenheid deur middel van die Belydenis as "gemeenakkoord", en die vryheid/binding van die eksegeet aan die belydenis. Tog is ooreengekom dat die genoemde verskille in uitgangspunte nie van so 'n aard is dat dit die saak van 'n eietydse vertolking van die Belydenis hoef te kortwiek nie.

5.4.3.3.2 By die bespreking van die eerste onderwerp op grond van 'n Rapport van 'n subkommissie van die TKK, wat gehandel het oor *Christus as die Bewerker van die verlossing* het geblyk dat daar oor die wese van die belydenis saamgestem word maar dat daar ruim verskille in uitgangspunte bestaan met betrekking tot teologiese onderskeidings en oor veral die rol van die Belydenisskrifte. Die bespreking van die onderwerp is beëindig en is weer na die subkommissie verwys om aan die hand van die volgende metodologiese vrae 'n Rapport saam te stel: (a) Wat is die basiese belydenis met betrekking tot die tema? (b) Hoe word die belydenis uit die Bybel begrond? (c) Hoe vind die belydenis neerslag in die Belydenisskrifte? (d) Hoe kan die grondwaarheid in hedendaagse taal uiteengesit word? (e) Hoe raak die belydenis die huidige teologiese debat? (f) Watter teologiese kommentaar blyk nodig te wees? (g) Watter verskille bestaan tussen die standpunte van die deelnemende kerkgemeenskappe?

5.4.3.3.3 **Aanbeveling:** Dat die te benoemde Deputate voortgaan met die kritiese-opbouende gesprek oor 'n hedendaagse vertolking van die Belydenis.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.3.4 **Kerklike eenheid**. Uit die gesprekvoering oor kerklike eenheid het duidelik geblyk dat die kerkgemeenskappe hieroor verskil.

5.4.3.4.1 Dat strukturele eenheid die einddoel van die samespreking behoort te wees word nie deur die NHKA onderskryf nie. Die NHKA werk met begrippe soos: *verskeidenheid in die eenheid* terwyl die NGK en die GKSA opereer met die begrippe *sondige geskeidenheid* en *strukturele eenheid*.

5.4.3.4.2 Elke kerkgemeenskap het sy eie etos wat vir die lidmate baie kosbaar is en daarom is die gedagte aan verandering daarvan 'n baie emosionele saak. Dit staan beslis in die weg van strukturele eenheid.

5.4.3.4.3 Op die platteland wat ontvolk ontstaan die situasie dat lidmate van die drie Afrikaanse kerke hulle eenheid met mekaar beleef maar dat hulle struktureel uit mekaar gehou word. Dit kan daarop uitloop dat daar naderhand geen predikantsbediening meer is nie omdat daar drie klein gemeentetjies bestaan wat nie een predikantsbediening kan bekostig nie.

5.4.3.4.4 Die feit word in die oë gestaar dat strukturele eenheid tussen die deelnemende kerke nie in die afsienbare toekoms sal realiseer nie. In die lig hiervan word die gesprek gestuur in die rigting van die moontlike

kerkordelike verankering van hulle samewerkingseenheid in die een of ander ekumeniese liggaam (kyk 5.4.4.2 hieronder).

5.4.3.4.5 **Aanbeveling:** dat die gesprek oor kerklike eenheid voortgaan.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.4 Samewerking

5.4.4.1 **Kerkspieël**

5.4.4.1.1 Kerkspieël is 'n empiriese navorsingspublikasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat elke vier jaar die lig sien. Dr. Jan Bisschoff en ds. Kobus Schoeman van die NGK het aan die Tussenkerklike Kommissie inligting verstrek oor enkele navorsingsresultate van Kerkspieël. Hulle navorsing tot op datum was hoofsaaklik op makrovlak maar kan ook uitgebrei word tot mikrovlaknavorsing. Hulle navorsingsresultate kan aan die ander deelnemende kerkgemeenskappe aan die TKK beskikbaar gestel word.

5.4.4.1.2 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word uitgenooi om saam te werk aan Kerkspieël 2004, reeds in die beplanningsfase deur navorsingsvrae wat vir die onderskeie kerkgemeenskappe van belang is, deel van die navorsing te maak. U Deputate het dr. JL Venter aangewys om die GKSA by die Kerkspieël navorsingsprojek te verteenwoordig.

5.4.4.1.3 Aanbeveling: Dat met dank deelgeneem word aan Kerkspieël 2004.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.4.2 **Tussenkerklike Raad**. Die TKK het die afgelope drie jaar baie aandag gegee aan 'n moontlike vaster kerkregtelike verankering van die samewerking tussen die deelnemende kerkgemeenskappe. Die gesprekvoering het uitgeloop op die voorstel vir die stigting van 'n Tussenkerklike Raad (TKR) waarvan 'n *Konsep Grondslag* hier volg.

Konsep Grondslag van die Tussenkerklike Raad

1. Naam

Tussenkerklike Raad

2. Aard

Die Tussenkerklike Raad is 'n Raad van kerkgemeenskappe wat die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf op grond waarvan die kerkgemeenskappe hulle eenheid in Jesus Christus in die Raad tot uitdrukking bring en bevorder deur 'n gesamentlike agenda af te handel.

3. Samestelling

Die Tussenkerklike Raad word saamgestel uit kerkgemeenskappe wat die genoemde belydenisskrifte onderskryf en na aansoek, of uitnodiging, aansluit.

Historiese perspektief

Die samestellende kerke tydens stigting is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die besondere verhouding tussen hierdie kerkgemeenskappe, wat vanaf 1958 in die Tussenkerklike Kommissie tot uitdrukking gekom het, het in 2003 op die stigting van die Tussenkerklike Raad uitgeloop. Hierdie verhouding het uit 'n gemeenskaplike reformatoriese herkoms, 'n gesamentlike sosio-historiese kontekstualiteit en 'n gemeenskaplike taal gegroei. Ondanks die verskeidenheid in kerkformasie en kerklike etos, asook graadverskille in die belewing van die gemeenskaplike belydenis, het dié kerkgemeenskappe deur die jare op grond van 'n gemeenskaplike groeibodem 'n verhouding van geloofseenheid in Christus

gehandhaaf en hulle streef steeds daarna om dié verhouding tot 'n hegter kerkregtelik verantwoorde eenheid te voer.

4. Kerkregtelike posisionering

Die Tussenkerklike Raad word uit die saamwerkende kerkgemeenskappe saamgestel, op die wyse wat elke kerkgemeenskap geskik ag. Die verteenwoordigers van die saamwerkende kerkgemeenskappe werk op sterkte van die mandaat wat die betrokke kerkgemeenskap aan hulle verteenwoordigers gegee het in die Tussenkerklike Raad saam binne die raamwerk van die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en die betrokke kerkorde van elke kerkgemeenskap. Binne hierdie raamwerk oordeel die Tussenkerklike Raad hoe die agenda afgehandel kan word en rapporteer aan die onderskeie kerkgemeenskappe oor sy werksaamhede.

5. Opdrag

Om kerklike eenheid op grond van dieselfde belydenisskrifte in Jesus Christus te belewe en te bevorder deur

5.1 'n krities-opbouende gesprek tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe voort te sit;

5.2 kennis te neem van bestaande samewerkingsterreine en 'n geheelbeeld daarvan aan die saamwerkende kerkgemeenskappe te gee;

5.3 nuwe samewerkingsterreine tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe te identifiseer, te koördineer, en met verantwoording aan die onderskeie mandaatgewers uit te bou;

5.4 waar nodig gesamentlike getuienis in die samelewing en aan die owerhede te lewer;

5.5 in die Tussenkerklike Raad nuwe ontwikkelinge in die saamwerkende kerke, of beëindiging van bepaalde kerklike praktyke, of verdere presisering van wesenlike aspekte van kerkwees in die ontwikkelingsfase daarvan mee te deel en te toets;

5.6 kerklike sake van gemeenskaplike belang gesamentlik in 'n wyer sfeer in die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika te bevorder.

Toeligtingsperspektief

(i) Bestaande samewerkingsterreine is onder andere

Bybelvertaling;
Dae van verootmoediging en gebed;
Vertalings, wysigings en samestellings van liturgiese en ander kerklike geskrifte;
Gesamentlike kerklike belange in onderwys- en maatskaplike sake;
Gesamentlike projekte in die breë gemeenskap; en
Samewerking tussen kerkgemeenskappe op plaaslike vlak.

(ii) Die mandaatgewende vergaderings versoek die betrokke saamwerkende kommissies en Deputategroepe om jaarliks inligting van hulle werksaamhede aan die Tussenkerklike Raad te verskaf met die oog op 'n geheelbeeld, die identifisering van bykomende sake, en nuwe samewerkingsterreine.

(iii) Deputaatgroepe en kommissies van die onderskeie kerkgemeenskappe rapporteer steeds aan hulle mandaatgewers.

6. Konstituering, administrasie en werkswyse

6.1 Die Tussenkerklike Raad word gekonstitueer deurdat die saamwerkende kerkgemeenskappe elkeen sewe afgevaardigdes benoem. Geen beperking word op die getal waarnemers geplaas nie.

6.2 Die Tussenkerklike Raad benoem 'n Interimkomitee van twee afgevaardigdes van elke kerkgemeenskap wat as dagbestuur optree.

6.3 Die ooreenstemmende voorsitterskap en skribaat van die Tussenkerklike Raad en die Interimkomitee word roterend, soos deur die Tussenkerklike Raad bepaal, behartig.

6.3.1 Die taak van die voorsitter is om die leiding op beide vergaderings by wyse van erkende prosedurereëlings te gee.

6.3.2 Die taak van die skriba is om notules te hou, beide vergaderings te reël, en die stukke in bewaring te hou.

6.3.3 Die Interimkomitee vergader wanneer dit nodig geag word en stel die agenda van die Tussenkerklike Raad saam wat minstens twee keer per jaar vergader.

6.3.4 Die vasstelling van die agenda kan vir die koördinering van gemeenskaplike sake meebring dat ad hoc afgevaardigdes van verskeie relevante deputate, deputategroepe en kommissies van die saamwerkende kerkgemeenskappe insette op die Tussenkerklike Raad lewer.

6.3.5 Alle koste met betrekking tot die Tussenkerklike Raad en die Interimkomitee word pro rata, soos voorgestel deur die Interimkomitee en vasgestel deur die Tussenkerklike Raad, deur die saamwerkende kerkgemeenskappe gedra en deur die skriba hanteer.

7. Wysiging aan die Grondslag van die Tussenkerklike Raad

Wysigings van administratiewe reëlings word met 'n twee derde meerderheidstem goedgekeur. Prinsipiële wysigings wat die aard van die Tussenkerklike Raad, die samestelling, kerkregtelike posisionering en die opdrag daarvan wesenlik verander, moet deur die bevoegde vergaderings van die saamwerkende kerkgemeenskappe goedgekeur word.

Vasgestel op …… 2001

5.4.4.3 **Aanbevelings**

5.4.4.3.1 Dat meegedoen word aan die stigting van die Tussenkerklike Raad ooreenkomstig die konsep grondslag wat die aanwys van Deputate impliseer.

5.4.4.3.2 Dat Deputate aangewys word om die GKSA by die Tussenkerklike Kommissie te verteenwoordig totdat die TKR tot stand gekom het wat dan die funksies van die TKK oorneem.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.4.3.3 Dat die Sinode begroot vir alle koste verbonde aan die TKK en te stigte TKK.

Besluit:

1. Slegs die koste van die Deputate deur die Sinode benoem, het betrekking.
2. Dat die koste by die Deputate Ekumenisiteit en Owerheid se begroting ingesluit word en vir goedkeuring en afhandeling by die Bestuur van die Administratiewe Buro ingedien word.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.5 Definisie van ekumeniese verhoudings tot mekaar

5.4.5.1 Uit gesprekvoering by die TKK blyk dat daar verskille bestaan oor die definisie van die ekumeniese verhoudings waarin die deelnemende kerke tot mekaar staan. Die gesprek het ontstaan uit die definisie van die GKSA se buitelandse ekumeniese verhoudings naamlik *ekumeniese kontak*, *ekumeniese bande* en *ekumeniese eenheid*. Veral oor *ekumeniese eenheid* bestaan daar verskille. Daar is besluit dat die deelnemende kerke in bilaterale gesprekke hulle ekumeniese verhoudings met mekaar moet definieer.

5.4.5.2 **Aanbeveling:** Dat die te benoemde Deputate opdrag kry om voort te gaan met die bilaterale gesprekke oor die definiëring van die ekumeniese verhoudings tussen die deelnemende kerke aan die TKK.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.6 Belydenisskrifte

5.4.6.1 Die TKK het kennis geneem dat die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NGK versoek het dat die hervertaling van die Belydenisskrifte oorweeg word. Van die NHKA is daar geen formele versoek in die verband nie maar hulle gee die versekering van samewerking indien so 'n projek van stapel gestuur word. Van die GKSA is eweneens geen formele versoek in die opsig nie. Die TKK het besluit dat die NGK 'n gemotiveerde voorlegging moet maak met die oog op aanbevelings aan die opdraggewende vergaderings. Moontlik sal in die Aanvullende Rapport verder hieroor gerapporteer kan word.

5.4.6.2 Die TKK het 'n subkommissie, bestaande uit prof. J Buitendag (s) (NHKA), dr. CFC Coetzee (GKSA) en dr. WJ Botha (NGK) aangewys om vas te stel watter verskille in vertalings van die algemene- sowel as die besondere Belydenisskrifte in die onderskeie kerkgemeenskappe in gebruik is, in die lig waarvan die TKK verdere besluite kan neem om toenemende verskille in die vertaling van belydenisskrifte te bekamp.

5.4.6.3 Die TKK het besluit om by die opdraggewende vergaderings van die TKK aan te beveel om enige verdere eie vertalings en aspekte van eie vertalings van die algemene- en besondere Belydenisskrifte slegs te implementeer na oorlegpleging met die ander kerkgemeenskappe op die te stigte TKR.

5.4.6.4 Aanbeveling: dat enige eie vertaling van die algemene- en besondere Belydenisskrifte slegs implementeer sal word na oorlegpleging met die ander kerkgemeenskappe op die te stigte TKK.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.7 Buitelandse bediening

5.4.7.1 Die TKK het met dank kennis geneem van die samewerking tussen die deelnemende kerke met betrekking tot bediening aan lidmate in die buiteland. Dit dra 'n positiewe beeld oor aan die buitelandse kerke waar lidmate van al drie kerkgemeenskappe 'n geestelike tuiste vind. In die buiteland speel die kerklike verskille tussen die kerkgemeenskappe feitlik geen rol nie en word die eenheid as Christene binne die Gereformeerde tradisie beleef.

5.4.7.2 Die deelnemende kerkgemeenskappe onderskryf al drie die standpunt dat daar nie onder Afrikaanse emigrante in die buiteland afsonderlike Afrikaanse Kerke gestig moet word nie maar dat lidmate aangemoedig moet word om by die bestaande kerke van Gereformeerde Belydenis in die betrokke lande

in te skakel. Tog sal dit vir die buitelandse kerke goed wees om waar daar 'n groot saamtrekking van Suid-Afrikaners in die buiteland is, predikante uit die kerke in Suid-Afrika te beroep soos inderdaad in Australië en Nieu Seeland reeds gebeur het.

5.4.7.3 Aanbeveling: Dat met die ander deelnemende kerke aan die TKK nou saamgewerk word met betrekking tot bediening aan lidmate in die buiteland.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.8 Uitnodiging na Sinode 2003

5.4.8.1 'n Versoek is op 6 Maart 2000 via die Administratiewe Buro aan die Deputate vir Nasionale Sinodes gerig om die APK formeel na Sinode 2003 uit te nooi.

5.4.8.2 Die Administratiewe Buro is op 19 Junie 2002 versoek om die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Afrikaanse Protestantse Kerk formeel na Sinode 2003 te nooi.

Besluit: Goedgekeur.

5.4.9 Getuienislewering

5.4.9.1 Luisterpos by parlement

5.4.9.1.1 Die TKK het gesprek gevoer oor die noodsaaklikheid van die skepping van 'n luisterpos by die parlement vanwaar inligting oor wetgewing wat in die pyplyn is aan die kerkgemeenskappe deurgegee kan word en wat kerkgemeenskappe dan in staat stel om betyds gemotiveerde insette te lewer.

5.4.9.1.2 Die TKK het kennis geneem van die aktiewe rol wat die Rooms Katolieke Kerk speel met hulle permanente personeel by hulle lessenaar by die parlement.

5.4.9.1.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het 'n luisterpos by die parlement geskep en dr Ben du Toit aangestel om die pos te beman. Daar bestaan noue samewerking tussen hom en die verteenwoordigers van die NHKA en die Deputate vir gesprek met die owerheid van die GKSA.

5.4.9.2 Konvent. Die TKK neem deurlopend kennis van die vordering by die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

5.4.10 **Kontak met die kerke**. Die skriba van die TKK, dr. J le Roux, het na elke werkswinkel in die kerklike pers berig oor die werksaamhede van die TKK. Daar was ook verskeie radioberigte en -onderhoude in die verband.

5.4.11 Ander sake

5.4.11.1 Belasting op kerklike finansies. Die TKK het kennis geneem van die moontlikheid dat belasting op kerklike eiendom en kerklike finansies in die nabye toekoms gehef kan word. Verder het die TKK kennis geneem dat die deelnemende kerke elk besig is met 'n ondersoek in die verband. U Deputate het dit onder die aandag van die Administratiewe Buro gebring dat die ander kerke ook besig is met navorsing op hierdie terrein.

Besluit: Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro om kerkrade hieroor volledig in te lig.

5.4.11.2 Besluiteregister van TKK. Die TKK het dit aan sy Interimkomitee opgedra om geskikte persone te vind om 'n besluiteregister van besluite deur die TKK geneem, saam te stel.

5.5 *Afrikaanse Protestantse Kerk*

5.5.1 Bilaterale gesprekke met die APK gaan voort teen 'n tempo van twee per jaar. Daar word tans gesprek gevoer oor: *Ons onderlinge roeping teenoor mekaar in die lig daarvan dat die kerk een en ekumenies is.*

5.5.2 Die APK se Sinode het besluit op waarnemerstatus by die Tussenkerklike Kommissie.

5.5.3 Die APK se Sinode het besluit om volledig by die Konvent vir Reformatories Kerke betrokke te raak.

5.5.4 Aanbevelings

5.5.4.1 Dat voortgegaan word met die samesprekings met die APK.

5.5.4.2 Dat die Sinode begroot vir die samesprekings.

Besluit: Goedgekeur.

5.6 *Konvent vir Reformatoriese Kerke*

5.6.1 Die volgende Rapport is deur die algemene sekretaris van die Konvent, dr. CJ Smit, saamgestel.

5.6.1.1 Op 6 en 7 Maart 2002 het die Konvent vir die vierde agtereenvolgende jaar vergader. Die vergadering is deur die Calvyn Protestantse Kerk en die Christelike Gereformeerde Kerk in Parow aangebied.

5.6.1.2 Met die vier kerkgemeenskappe wat verskoning aangeteken het, kom die getal deelnemende kerkgemeenskappe (Soutpansberg en Middellande ingesluit) nou op vyftien te staan – van vlak in die twintig moontlike Gereformeerde kerke in Suider-Afrika. Die volgende Gereformeerde kerke neem deel aan die Konvent:

- die Afrikaanse Protestantse Kerk, wat nuut as deelnemende kerkgemeenskap toegetree het
- die Calvyn Protestantse Kerk
- die Christelike Gereformeerde Kerk
- die Free Church in South Africa
- die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika
- die Gereformeerde Kerke Middellande
- die Nederduitse Gereformeerde Kerk
- die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
- die Presbyterian Church of Africa
- die Reformed Church in Africa
- die Rynse Kerk
- die Church of England in South Africa
- die Gereformeerde Kerke Soutpansberg
- die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika
- die Christ Church Midrand
- die United Congregational Church.

5.6.1.3 Deur die afgelope vier jaar het die Konvent onder meer die volgende bereik:

5.6.1.3.1 ‘n Basis vir Dae van Verootmoediging is vasgestel waarvolgens in die toekoms veel meer kerkgemeenskappe as in die verlede (Afrikaans-, Engels-, Tswana-, Venda-, Sotho- en Zoeloesprekend!) betrek sal word.

5.6.1.3.2 Getuienis is teenoor owerheidsinstansies en –persone gelewer oor geweld en misdaad, besteding en verspreiding van fondse vir bestryding van armoede, die wetgewing oor aborsie, onderwys, werksetiek, verskaffing van mediese dienste, skakeling van kerke met die owerheid, ensomeer.

5.6.1.3.3 Indringende bespreking is gevoer oor kerkwees, prediking en gemeentebou in ‘n veranderende tyd met behoud van gereformeerde

beginsels. Die bediening van lidmate in die buiteland en die verhouding van kerk en staat het ook besondere aandag gekry.

5.6.1.3.4 In Julie 2001 is in samewerking met SEVTO van UP ‘n landswye konferensie oor armoede en ongelykheid gehou.

5.6.1.3.5 In Maart 2002 het die fokus op die kerk in die gemeenskap, en op kerk en staat geval. Besluite wat die Konvent in Maart 2002 geneem het:

- In hierdie tyd van veranderende waardes en geloofsafvalligheid bely die kerkgemeenskappe wat in die Konvent vergader dat die drie-enige God, soos Hy Hom in sy Woord openbaar, die enigste antwoord vir ‘n soekende wêreld is.
- Hierdie kerkgemeenskappe aanvaar biddend hulle roeping om die evangelie in eietydse taal en toepassing te bring aan mense wat nog nie tot die geloof in Christus gekom het nie en aan almal wat deur armoede, MIV-VIGS en ander nood onder die gebrokenheid van die sonde ly.
- Die Konvent neem met besorgdheid daarvan kennis dat Suid-Afrika die land is waar inkomste die ongelykste in die wêreld verdeel word en dat die kloof tussen die wat het en die wat nie het nie steeds groter word.
- Die Konvent neem kennis van nuwe navorsing wat toon dat vir elke R160 miljoen wat die owerheid vir armoedebestryding beskikbaar stel, daar R170 miljoen deur die kerke in die land beskikbaar gestel word. Die Konvent moedig elke deelnemende kerkgemeenskap aan om hulle infrastruktuur vir die regverdige verspreiding van hulpfondse aan die owerheid beskikbaar te stel en nooi die betrokke owerheidsinstansies om hiervan gebruik te maak.
- Die Konvent is diep bewus van die kerke se verantwoordelikheid teenoor die armes. Die Konvent moedig ook die owerheid aan om voort te gaan om die armoedeprobleem so effektief moontlik aan te spreek – waar moontlik en toepaslik met die hulp van die kerke – en om uitgawes met groot verantwoordelikheid te hanteer, ook om geld wat vir welsynwerk bedoel is, so vinnig en effektief moontlik te versprei.
- Die Konvent doen ‘n beroep op alle lidmate van deelnemende kerke en op alle Christene en ander inwoners van die land om, waar dit op hulle terrein val, toe te sien dat lone en salarisse op ‘n Christelike basis bepaal word.
- Die Konvent neem met kommer kennis van mediaberigte van maatskappye wat groot salarisaanpassings vir bestuurspersoneel gee, terwyl terselfdertyd baie personeellede afgedank word – wat verdere werkloosheid aan die hand werk.
- Die Konvent veroordeel elke mate van uitbuiting deur onregverdige lone, salarisse, leningskemas en enige onregverdige metodes wat op arbeidsuitbuiting neerkom (2 Kor 8:13,14).
- Die Konvent steun maatreëls wat deur die owerheid getref mag word om armes teen uitbuiting te beskerm.
- Die Konvent versoek die finansiële sektor om mikro-lenings aan arm mense op so ‘n wyse beskikbaar te maak dat daardeur nie uitbuiting plaasvind nie.

- Die Konvent neem met kommer daarvan kennis dat die staatslotery in sommige arm gemeenskappe negatiewe gevolge het, onder meer deurdat mense broodgeld gebruik om lotto-kaartjies te koop. Die Konvent doen ‘n beroep op lidmate van deelnemende kerkgemeenskappe en alle Christene in die land om hulle vertroue in God te stel, hard te werk en nie deur lotery hulle vertroue op die geluk te stel wat hulle kan tref nie.
- Die Konvent dra aan die Interimkomitee op om die regsposisie van predikante en die behoud van kerkgemeenskappe se interne kerkregering in die lig van die nuwe arbeidswetgewing en die relevante kerklike bepalings verder te hanteer – byvoorbeeld by wyse van ‘n kongres vir kerke – en om die aangeleentheid met die steun van soveel moontlik kerkgemeenskappe in die land met die betrokke owerheidsinstansie op te neem. Vir dié doel word, waar moontlik, kundiges soos proff. Dries du Plooy en Pieter Coertzen gekoöpteer.
- Die Konvent dra aan die Interimkomitee op om vir skakeling met die betrokke owerheidspersone kontak te maak met die parlementêre kontaklessenaar onder leiding van dr. Ben du Toit.
- Die Konvent dra aan die Interimkomitee op om voort te gaan met die reëling van werkswinkels oor die armoedeprobleem.
- Die Konvent pleit by die owerheid om toe te sien dat die polisiëringsisteem en die regsprekende stelsel so uitgebrei word dat misdaad effektief bekamp kan word en dat misdadigers behoorlik gestraf, en gehoorsame inwoners van die land voldoende beskerm, kan word. Die kerkgemeenskappe wat in die Konvent vergader, verseker die owerheid ook van hulle voortdurende voorbidding.
- Die Konvent doen ‘n beroep op deelnemende kerke om hulle finansiële verpligtinge teenoor die Konvent so gou moontlik na te kom.

5.6.2 Aanbevelings

5.6.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die vordering van die Konvent

Besluit: Goedgekeur.

5.6.2.2 Die Sinode begroot vir die GKSA se jaarlikse finansiële verpligting van R1200 as ‘n deelnemende kerkgemeenskap.

Besluit: Goedgekeur dat die koste by die Deputate Ekumenisiteit en Owerheid se begroting ingesluit word en vir goedkeuring en afhandeling by die Bestuur van die Administratiewe Buro ingedien word.

5.7 *Sinodes Soutpansberg en Middellande*

Sinode 2000 het *ad hoc* Deputate aangewys vir gesprek met die betrokke Sinodes. Sodra hulle opdrag uitgevoer is, sou hierdie Deputate die gesprek verder voer.

Aangesien die gesprek van die *ad hoc* Deputate met die Sinode Soutpansberg vasgeval het, kon hierdie Deputate aanvanklik nie voortgaan met die gesprek nie. Die *ad hoc* Deputate het hierdie Deputate gedurende 2002 kennis gegee dat hulle gesprek met Soutpansberg nou gereduseer word tot die teologiese opleiding en dat hierdie Deputate dus met gesprek met die Deputate van die twee Sinodes kan voortgaan.

U Deputate het 'n Kommissie uit hulle geledere aangewys om 'n gespreksgeleentheid met die Deputate van die Sinodes te reël. Op datum van hierdie Rapport het sodanige gesprek nog nie plaasgevind nie. Moontlik kan met die Aanvullende Rapport meer gerapporteer word.
Besluit: Kennis geneem.

6. Sake waaroor die Sinode moet besluit

6.1 Die Sinode wys Deputate vir Binnelandse Ekumene aan met die volgende opdrag:

6.1.1 Alle gesprekke van die Deputate het kerklike eenheid binne die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika ten doel.

6.1.2 Gaan voort met die gesprek met die gespreksgenote in die Tussenkerklike Kommissie naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

6.1.3 Gaan voort met die gesprek met die Afrikaanse Protestantse Kerk.

6.1.4 Begin nuwe gesprekke met ander binnelandse kerke binne die Gereformeerde tradisie binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, *ekumeniese bande* en *ekumeniese eenheid*.

6.1.5 Wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

6.1.6 Voer gesprek met die Sinodes Soutpansberg en Middellande oor die sake wat deur Sinode 2000 na hierdie Deputate verwys is en nog nie afgehandel kon word nie asook ander sake wat deur die Sinode besluit mag word.

6.1.7 Verteenwoordig die GKSA in die te stigte Tussenkerklike Raad.

Besluit: Goedgekeur.

C. Ekumenisiteit – Buitelands

1. Inleiding

1.1 Die Deputate betuig graag hulle dankbaarheid oor die besluit van die Sinode 2000 om by wyse van 'n jaarlikse verpligte kollekte per kerk voorsiening te maak vir noodsaaklike werksaamhede.

1.2 Erkenning word ook hiermee gegee aan die twee adviseurs wat by die Deputate benoem is. Hulle het dikwels uit eie navorsingsfondse of ander fondse vir die Deputate opdragte uitgevoer.

1.3 Die eenwording van die Deputate Ekumeniese Sake met die Deputate Korrespondensie het ook die verwagte vrug opgelewer wat uitgeloop het op hierdie een Rapport.

1.4 In die Rapport word onderskei tussen die opdragte wat uitgevoer is met kerke in ekumeniese eenheid (korrespondensie) en werk wat gedoen is ten opsigte van kerke en vergaderings met wie ekumeniese bande en ekumeniese kontak onderhou word. Die indeling vir laasgenoemde is streeksgewys gedoen.

1.5 Daar word ook uitgebreid in die Aanvullende Rapport gerapporteer, aangesien werksaamhede voortgegaan het na die publiseringsdatum van die Rapport.

1.6 Ter wille van duidelikheid word hieronder ‘n lys van afkortings weergegee.

TERMINOLOGIE EN AFKORTINGS EKUMENE

AEA	Association of Evangelicals in Africa
BTH	Baccalaureus Theologicae
CCAP	Kerk in Zambia
CNW	Christen Netwerk Radio en TV
CRCA	Christian Reformed Church Australia
CRCM	Christian Reformed Church in Malawi
CRCNA	Christian Reformed Church North America & Canada
CGB	Confessioneel Gereformeerd Beraad in die GKN
CGKN	Christelijke Gereformeerde Kerk Nederland
ERCC	Belydende Gereformeerde Kerk in die Kongo
FCS	Free Church Scotland & Continuing
FCSA	Free Church SA King Williams Town
FEPRC	First Evangelical Presbyterian Reformed Church Singapore
FRCA	Free Reformed Church Australia
GB	Gereformeerde Bond in GKN
GES	Selfde as REC
GGI	Gereja Gereja Indonesia
GKN	Gereformeede Kerken Nederland
GKN (V)	Vrijgemaakt
IKGK/ICRC	International Conference of Reformed Churches
IRF	International Reformed Forum
LRC	Lanka Reformed Church
NAPARC	North American Presbyterian and Reformed Council
OPC	Orthodox Presbyterian Church
OUO	Onafhanklike Uitsaai Owerheid
PCA	Presbyterian Church America
PCUGANDA	Presbyterian Church Uganda
PRCA	Presbyterian Reformed Church America (Hoeksema)
RCJ	Reformed Church Japan
RCNZ	Reformed Church New Zealand
REC	Reformed Ecumenical Congress
RPCNI	Reformed Presbyterian Church of North India
SARK	SA Raad van Kerke
TEASA	Kongres van die AEA
TKK	Tussenkerklike Kommissie
TSP	Teologiese Skool Potchefstroom
URC	United Reformed Church in England
URCNA	United Reformed Church in North America
WARC	World Association of Reformed Churches
WFRC	World Federation of Reformed Churches
WRF	World Reformed Fellowship

Besluit: Kennis geneem.

2. Kerke in ekumeniese eenheid (korrespondensie)

2.1 *Opdrag*

2.1.1 Korrespondeer met Kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan.

2.1.2 Dra namens die GKSA groete oor aan sulke Kerke wat uitnodigings rig vir afvaardiging.

2.1.3 Stuur die Handelinge van Sinode 2000 en inligting oor besluite wat vir hulle relevant is, aan hierdie Kerke.

2.1.4 Vra die Handelinge van hulle Sinodes aan en bestudeer dit met die oog op sake wat vir die GKSA van belang is.

2.1.5 Gaan voort om hierdie Kerke na hierdie Sinodes uit te nooi, tot tyd en wyl die besluite van die Sinode van 1991 in hierdie verband uitgevoer kan word (vgl Acta 1991:511, 4; Acta 2000:250, 4.6).

2.1.6 Die Sinode gee aan die nuwe Deputate die opdrag om te besin oor die term korrespondensie. Alle kerke (met wie die GKSA korrespondensie het) se siening oor korrespondensie moet ingewin word en dan moet aan die volgende Sinode 'n duidelik bewoorde aanbeveling gegee word (Acta 2000:251, 3.1 [vgl 4.6.6.4]).

2.1.7 Daar moet indringende samesprekings met die CRC gevoer word en 'n finale verslag moet aan die Sinode van 2003 voorgelê word (Acta 2000:251, 3.2).

- Indringende gesprek moet met die CRC gevoer word oor hulle hermeneutiek (Acta 2000:250, 4.4.2).
- In die gesprek moet van primêre gegewens van die CRC self gebruik gemaak word (Acta 2000:250, 4.4.3).
- Deputate moet na die CRC se volgende Sinode afgevaardig word (Acta 2000:250, 4.4.4
- 'n Skrywe moet aan die RCNZ gerig word waarin die GKSA se volle besluit in hierdie verband uiteengesit word.

2.1.8 Die Sinode maak dit deel van die mandaat van die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede om alle sake rakende sendingsamewerking tussen die GKSA en buitelandse kerke te hanteer in samewerking met die Deputate Korrespondensie Buitelandse Kerke (Acta 2000:252, D).

2.1.9 Aan die [Deputate] word opgedra om in die lig van 3.2 (Acta 2000:417) indringende korrespondensie/gesprekke met die belanghebbende Deputate van die NedlGK en die CRC te voer om vas te stel of die verskil in Skrifverklaring oor die toelating van vrouelidmate in die besondere dienste as gevolg van 'n Skrifkritiese hermeneutiek is, wat die eenheid met die GKSA in die gedrang bring en waarvolgens voortgesette korrespondensie in heroorweging geneem sou moet word (Acta, 2000:418, 4).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Die Sinode neem kennis

2.2.1 *Algemeen*

2.2.1.1 Opdrag 2.1.1

(i) Dit was vir die Deputate 'n besondere voorreg om korrespondensie met die kerkgemeenskappe in korrespondensie te onderhou – soos in hierdie Rapport weerspieël word.

(ii) Besoeke is gebring aan die Deputate van al die kerkgemeenskappe in korrespondensie, met uitsondering van die Presbyterian Church of Korea (Kosin) met wie se Deputate by een geleentheid samesprekings gevoer is.

2.2.1.2 Opdrag 2.1.2

Waar dit prakties uitvoerbaar was, is groeteboodskappe aan kerkgemeenskappe in korrespondensie oorgebring. Dit sluit die volgende in:

- CRCNA
- RCNZ

- CRCA
- CGKN
- NedlGK
- RCJ
- FCS

2.2.1.3 Opdrag 2.1.3

'n Kopie van Acta 2000 is aan kerkgemeenskappe in korrespondensie gestuur.

2.2.1.4 Opdrag 2.1.4

Acta's en/of ander inligtingstukke van ander Sinodes is ontvang van:

- CRCNA
- RCNZ
- CRCA
- CGKN
- RCJ ('n Acta in Japannees!)
- FCS

2.2.1.5 Opdrag 2.1.5

(i) 'n Reëling is met die Administratiewe Buro getref om Sinode Soutpansberg en Sinode Middellande na hierdie Sinode uit te nooi.

(ii) Al die kerkgemeenskappe in korrespondensie is genooi om afgevaardigdes na Sinode 2003 te stuur.

2.2.1.6 Opdrag 2.1.6

(i) Die opdrag is ten dele reeds deur die vorige Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede afgehandel, deurdat die begrip *Korrespondensie* in 'n Begripsopheldering nuut omlyn is (Acta 2000:206-210, 2). Hiervolgens het Sinode 2000 'n duidelike besluit geneem oor die betekenis en inhoud van Korrespondensie (Acta 2000:210, 2.3).

(ii) Die deel van die opdrag in 2.1.6, waarvolgens kerke in korrespondensie se siening oor die begrip Korrespondensie ingewin moet word, is uitgevoer deur dié besluit op die ICRC 2001 te inisieer: *to make an overview of the rules and different terminology for ecumenical relations to facilitate the discussion on harmonizing* (Acta ICRC 2001, Philadelphia, USA:62, 2,10).

Aanbeveling: Die volgende begrippe word gebruik om die verskillende fases in die ekumeniese gesprek te onderskei:

1. In die binneste sirkel, waar korrespondensie (eenheid in kerkverband) uitgedruk word, praat ons van **Ekumeniese Eenheid/Ecumenical unity**.
2. In die tweede sirkel, waar gesprekke en samewerking *uit roepingsvervulling van die een kerkgemeenskap teenoor 'n ander in koninkryksgerigtheid plaasvind, ook* ter voorbereiding van een kerkverband, praat ons van **Ekumeniese Bande/ Ecumenical Ties**.
3. In die derde en wydste sirkel, waar gesprekke en samewerking plaasvind met die doel van die uitbreiding van die koninkryk (gesamentlike optrede en profetiese getuienis), en met die langtermyn doel van een kerkverband, praat ons van **Ekumeniese Kontak/Ecumenical Contact**."

2.2.1.7 Opdrag 2.1.7

Kyk 2.3.9

2.2.1.8 Opdrag 2.1.8

Kyk 6

2.2.1.9 Opdrag 2.1.9

Kyk 2.3.2. en 2.3.9

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Belewing van ekumeniese eenheid

2.2.2.1 Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland

2.2.2.1.1 By twee geleenthede het die Deputate van die CGKN dié van die GKSA besoek, en omgekeerd het die Deputate van die GKSA dié van die CGKN by twee geleenthede besoek (prof. A le R du Plooy en dr. CJ Smit). Ook by die ICRC is samesprekings gehou.

2.2.2.1.2 Oor ekumenisiteit en korrespondensie

Deputate van die CGKN stem saam dat die ICRC die liggaam is waardeur groter duidelikheid en eenstemmigheid oor die begrip *Korrespondensie* gekry moet word. Die CGKN onderskei bv. steeds tussen volledige en beperkte korrespondensie en hulle volledige korrespondensie kom nie presies met dié van die GKSA ooreen nie.

2.2.2.1.3 CGKN en GKN(V)

Dié verhouding ontwikkel positief. Die onderskeie kerkgemeenskappe se Deputate het saam aan 'n federatiewe model gewerk om die eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe tot uitdrukking te bring. Onder die kerke van die CGKN is daar in 'n groot mate 'n houding van aarseling – dié model word dus nog nie geïmplementeer nie. Onder die GKN(v) is daar ook 'n terughoudendheid vanweë verskillende strominge in die CGKN. Kerklike gesprekke oor eenheid en kwelvrae word voortgesit. Daar bestaan 'n uitruilingsreëling tussen professore van Kampen en Apeldoorn. Op plaaslike vlak vind onder heelwat plaaslike kerke kanselruiling plaas.

2.2.2.1.4 CGKN en NedlGK

Formele gesprekke oor eenheid is deur die CGKN gestaak vanweë hulle kritiek op die NedlGK oor beweerde swak hermeneutiek wat ten grondslag aan die NedlGK se besluit lê om vroue in die amp van diaken toe te laat, asook beweerde vryheid ten opsigte van die binding aan die ondertekeningsformulier. Die CGKN oordeel ook dat daar gemeentes in die NedlGK is wat hulle nie gebonde aan die AKS (Accoord van Kerklijke Sameleving) ag nie. Ondanks die formele besware wat die CGKN teenoor die NedlGK opper, vind verskeie gemeentes uit die twee kerkverbande dermate toenadering dat in sommige gevalle gesamentlike eredienste gehou word.

2.2.2.1.5 CGKN en Gereformeerde Bond (GB)

Die GB is amptelik deel van die Hervormde Kerk in Nederland, wat in die Samen-op-Weg beweging eenheid met die GKN en die Lutherse Kerk probeer bewerkstellig. Om dié rede het die Sinode van die CGKN geen amptelike bande met die GB nie, maar daar is geen beswaar teen plaaslike samewerking nie

2.2.2.1.6 CGKN en Sinode Soutpansberg

(a) Deputate van die CGKN is, vanweë hulle sendingbetrokkenheid in Venda, deur die Dagbestuur van die Teologiese Skool genooi om as adviseurs teenwoordig te wees by samesprekinge tussen verteenwoordigers van die Teologiese Skool en Soutpansberg. Die samesprekinge gaan oor teologiese opleiding. Die teenwoordigheid van Deputate van die CGKN is bespreek en gefinaliseer.

(b) Die CGKN steun Soutpansberg se aansoek om deelname aan die ICRC.

2.2.2.1.7 CGKN en FCS
Die CGKN het ook aan die FCS (Continuing) volledige korrespondensie aangebied.

Aanbeveling

1. Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGKN, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom.
2. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes, waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.2 Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)

2.2.2.2.1 By drie geleenthede is 'n besoek aan die Deputate van die NedlGK gebring. (Dr. CJ Smit op pad terug van die ICRC (2001), prof. A le R du Plooy op pad terug van Skotland en die VSA (2000), en beide by geleentheid van die Sinode van die GKN(V) (2002).)

2.2.2.2.2 Na 'n indringende gesprek met verteenwoordigers van die Deputate, wat ook omvattend in *Nederlands Dagblad* gerapporteer is, word voorlopig gekonkludeer dat die vertrekpunte ten agtergrond van die NedlGK se besluit in 1995 om vrouelidmate ook tot die diens van diaken toe te laat, nie op 'n Skrifkritiese hermeneutiek berus nie. Met die gegewens tot die Deputate se beskikking, oordeel ons dat moontlike "swak hermeneutiek" nie noodwendig Skrifkritiek is nie:

Rond het vraagstuk van de vrouw in het ambt concludeerden we dat er in deze zaak verschil is tussen schriftkritiek en de interpretatie van de Schrift. We zien dit vraagstuk niet als zaak van de belijdenis, maar een zaak van interpretatie van de Schrift. Rond dit vraagstuk is het wel van belang telkens te kijken of er serieus met de Schrift wordt omgegaan, en op welke grond een kerk zich hierover buigt. Niet de maatschappelijke ontwikkeling, maar de Schrift zelf in zijn context is voor dit vraagstuk bepalend.

Implementering van die besluit om vrouelidmate in die amp van diaken toe te laat, word aan die vryheid van die kerke oorgelaat. Daar is sommige gemeentes (ongeveer 10), wat nie die AKS volledig in gebruik het nie, wat vroue ook in die amp van ouderling toelaat. Daardie kerke verantwoord hulle teenoor die ander kerke op grond van hulle interpretasie (eksegese) van die betrokke Skrifgegewens.

2.2.2.2.3 Verder is die volgende in 'n gesamentlike verklaring (Leiden 30-06-2001) bevind:

- *Kerkelijke eenheid is een zaak van eenheid van belijden. Het gaat om de eenheid van het geloof en niet om eenheid in methode en eenheid in bijkomstige zaken. Dat betekent dat de deputaten van mening zijn dat kerken niet gescheiden moeten leven, vanwege zaken die niet de primaire aspekten van geloofseenheid raken.*
- *In het gesprek over de Kerkenorde stemden we overeen dat de KO niet gezien moet worden als een reglementenbundel. Het is een samenvatting en weergave van de schriftbeginselen voor kerkregering, en daarin is hij bindend.*

- *In het licht van een voorgenomen studie naar de herformulering "nedergedaald ter helle", bleek in het gesprek dat daar er voor de NGK afgevaardigden geen bezwaar bestaat om deze formulering te interpreteren en te herformuleren om de betekenis er van duidelijker te maken.*
- *Wat betreft onze wederzijdse verhoudingen met de GKV en CGK is er naast teleurstelling voor een officiële terughoudendheid, ook blijdschap over het voortgaan van de plaatselijke contacten. Het is onze overtuiging dat er geen kerkelijke verdeeldheid mag bestaan, waar er sprake is van eenheid in geloof. Waar sprake is van eenheid in geloof en belijden moeten kerken veel begrip hebben voor praktische en methodische verschillen.*
- *Het is verheugend op te zien dat er een grotere betrokkenheid ontstaat tussen plaatselijk kerken van de GKSA en de zendingskerken van de NGK in Zuid Afrika.*

2.2.2.2.4 Die Deputate het hulle dankbaarheid gekonstateer oor die groeiende samewerking op plaaslike vlak ten opsigte van die sending.

2.2.2.2.5 Die Deputate van die NedlGK het hulle tevredenheid uitgespreek met die reëling van GKSA-Sinode 2000 met betrekking tot die opleiding van predikante.

Aanbeveling

1. Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die NedlGK steeds ekumenies een is.
2. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes, waar dit moontlik is. Gesprekke oor Skrifbeskouing en hermeneutiese beskouing word voortgesit.
3. Besondere dankbaarheid word uitgespreek oor die groeiende samewerking op plaaslike sendingvlak. Die Sinode moedig hierdie ontwikkeling sterk aan.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.3 Presbyterian Church in Korea (Kosin) (PCKK)

2.2.2.3.1 Tydens samesprekings tydens die ICRC is die eenheid in leer, diens en tug met dié kerk bevestig.

2.2.2.3.2 Daar was nie 'n geleentheid om verdere ontmoetings met Deputate van dié kerkgemeenskap te reël nie. Hier is geen besondere sake wat die Sinode se aandag verg nie.

Aanbeveling

1. Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die PCKK steeds ekumenies een is.
2. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.4 Reformed Church in Japan (RCJ)

2.2.2.4.1 Benewens konstruktiewe samesprekings met die waarnemer van die RCJ by die ICRC, waarin die eenheid tussen die GKSA en die RCJ opnuut geblyk het, het die Deputate vir prof. JM Vorster afgevaardig om die Sinode van die RCJ van16 tot 19 Oktober 2001 by te woon.

2.2.2.4.2 Aan prof. Vorster is volledige deelname aan die sinode toegestaan wat advies, spreekreg en stemreg ingesluit het.

2.2.2.4.3 Die RCJ het rondom 1945 tot stand gekom as ‘n vrug van die sending deur die PCA, die OPC en die CRCNA.

2.2.2.4.4 Die kerkgemeenskap bestaan uit ongeveer 4 900 belydende- en 4 000 dooplidmate. Die gemeente in Tokio bestaan uit 240 belydende lidmate, dié in Osaka uit 200, terwyl die res uit gemeentes bestaan met heelwat minder lidmate as 100 elk.

2.2.2.4.5 Die RCJ is gereformeerde kerke in die ware sin van die woord. Hulle erken die gesag van die Skrif as die Woord van God en handhaaf die organiese inspirasie teorie wat by ons ook die hoeksteen van Skrifverklaring is. Leerstellig en kerkregtelik is die dokumente, soos die Westminster Konfessie, uit die Presbiteriaanse tradisie aanvaar.

2.2.2.4.6 In die lig van bogenoemde kan steeds gekonstateer word dat die GKSA en die RCJ een is in leer, diens en tug.

Aanbeveling

1. Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCJ steeds ekumenies een is.
2. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes - as deel van die prioriteitslys.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.5 Reformed Church of Australia (RCA)

2.2.2.5.1 Naamsverandering

Die Sinode besluit om die naam van die kerk te verander van *Reformed Churches of Australia* na *Christian Reformed Churches of Australia.*

2.2.2.5.2 Kinders in die kerk

Die Sinode het op grond van 'n Studierapport gehandel oor die plek van kinders in die kerk spesifiek met betrekking tot die viering van die heilige Nagmaal. Die gebruik bestaan in die kerke dat eers op 'n laat stadium belydenis van geloof afgelê word. Toelating tot die Nagmaal is steeds aflegging van belydenis van geloof, maar kerkrade word aangemoedig om kinders op 'n baie vroeër stadium toe te laat om dit te doen. As 'n kind op so jonk as 10-jarige ouderdom werklik as gelowige lewe en die Here liefhet, selfs al is daar nog nie volle geloofsvolwassenheid en volle begrip van die Belydenisskrifte nie, behoort hy toegelaat te word om sy geloof in die openbaar te bely maar dan met die invoeging van die woorde: "to the best of my understanding".

2.2.2.5.3 Vrou in Diakenamp

Die Sinode het by die oorweging van die Studierapport onderskeid gemaak tussen die diakonaat en die regeeramp in die kerk. Die Kerkorde word dienooreenkomstig aangepas. Op grond van hulle Skrifstudie het die Sinode besluit om dit aan die vryheid van kerkrade oor te laat om sowel mans- as vrouelidmate in die diakonaat toe te laat.

2.2.2.5.4 Suid-Afrikaanse immigrante

Die Sinode het ernstige aandag gegee aan die talle Suid-Afrikaanse "migrants" wat in Australië woon. Hulle het onder andere besluit:

- "To strongly urge and encourage the local churches to consider the spiritual needs of the many thousands of South African migrants who have migrated to Australia."
- Om kerkrade aan te moedig "… to seek suitably gifted and qualified ministers from within our South African ecumenical partners to work in the Australian situation where that is desirable."

- Hulle doen 'n beroep op die Suid-Afrikaanse kerke om die kommunikasie tussen voornemende emigrante en die CRCA te bevorder.

2.2.2.5.5 Nuwe kerkorde

Die Sinode het die kerkorde van die CRCA hersien. Uit die eerste deel van Artikel 1 blyk duidelik dieselfde standpunt as die GKSA:

> "a. The Reformed Churches of Australia, confessing their complete subjection to the Word of God, and the Reformed Creeds as a true interpretation of this Word, acknowledging Christ as the only Head of His Church, and desiring to conduct the affairs of the church in a fitting and orderly way (1 Corinthians 14:40), regulate their ecclesiastical organisation and activities in the following articles."

Aanbeveling

1. Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCA steeds ekumenies een is.
2. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.
3. Aan die nuwe Deputate word opgedra om waar nodig in Suid-Afrika hulp aan te bied met die kerklike inskakeling van oudlidmate uit Suid-Afrika in Australië.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.6 Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)

2.2.2.6.1 Die Sinode van die RCNZ

(i) In opdrag van Sinode 2000 het dr. HG Stoker die Sinode van die Reformed Churches of New Zealand einde April en begin Mei 2002 in Christchurch bygewoon en 'n groeteboodskap oorgedra.

(ii) Die RCNZ is bedank vir die moeite wat baie RCNZ-gemeentes doen om oudlidmate uit Suid-Afrika in te skakel. ‘n Beroep is op die gemeentes gedoen om selfs nog meer moeite te doen, aangesien daar nog duisende oudlidmate van kerke in Suid-Afrika is wat nog nie ‘n kerklike tuiste gevind het nie.

(iii) Die kerklike situasie in Suid-Afrika is geskets om die gemeentes daar nodige agtergrond te gee ten opsigte van die inskakelingsproses en die meeleef met Afrikaners ver van hulle geboorteland. Gemeentes is ook aangemoedig om predikante uit Suid-Afrika te beroep.

(iv) Die Sinode het die kerke in Suid-Afrika die versekering gegee dat moeite gedoen word om die Afrikaners in te skakel. Die kontak met die GKSA is vir die RCNZ so belangrik, dat hulle (hoewel ‘n klein kerkverband) besluit het om weer ‘n afgevaardigde na Sinode 2003 te stuur.

Voorstel: Dat aan die nuwe Deputate opgedra word om ‘n afgevaardigde na die volgende Sinode van die RCNZ te stuur, met bykomende opdrag om te help met die inskakeling van ons oudlidmate by die kerke daar.

2.2.2.6.2 Inskakeling van oudlidmate by die RCNZ

(i) ‘n Doel van die besoek aan die Sinode van die RCNZ was om ‘n bydrae te lewer tot die positiewe inskakeling van oudlidmate van die Afrikaanse kerke by die RCNZ.

(ii) Opvallend is die feit dat uit die 36 afgevaardigdes na die Sinode, vier afgevaardigdes (en een sekunduslid) oudlidmate van kerke in Suid-Afrika is, naamlik Pieter van Huyssteen (Avondale), Jim van

Rensburg (Bucklandsbeach), Tinus Spies (North Shore), Cobus van der Walt (Nelson) en Henk Bouwman (Hamilton).

(iii) Oudlidmate uit Suid-Afrika wat ingeskakel het by die RCNZ getuig dat hulle vriendelik ontvang is Die preke wat hulle in die RCNZ-gemeentes hoor, is Skrifgetrou en die liturgie is baie soortgelyk aan dit wat hulle in Suid-Afrika gewoond was.

(iv) Talle lidmate wat na Nieu Seeland emigreer, is skynbaar steeds nie bewus van die *Reformed Churches* daar nie. Die Sinode van die RCNZ het dringend gevra dat Suid-Afrikaanse gemeentes en mense hulle gemeentes in Nieu Seeland sal inlig oor Suid-Afrikaners wat soontoe emigreer.

2.2.2.6.3 Predikante en ondersteuning uit Suid-Afrika

(i) Dr. Jan Lion-Cachet (voorheen van Gereformeerde Kerk Port Elizabeth) is deur 'n nuwe gemeente in die RCNZ, wat deur 'n klompie oud Suid-Afrikaners net noord van Wellington begin is, beroep. Behalwe die gemeentewerk het hy die verdere opdrag gekry om te help met die kerklike inskakeling van Afrikaners in die suidelike deel van die noord-eiland.

(ii) Australië en Nieu Seeland-gemeentes moet steeds aangemoedig word om predikante uit Suid-Afrika te beroep, sodat die tekort aan predikante wat in die twee lande bestaan (en groei weens die toestroming van oudlidmate) uit Suid-Afrika eerder as uit ander lande aangevul word. Dit kan beslis help met die inskakeling en tuisvoel van tien-duisende lidmate uit Suid-Afrika.

(iii) In gebiede waar oudlidmate woon en daar nie gemeentes is waar hulle gemaklik kan inskakel nie, sal dit goed wees as die Suid-Afrikaanse kerke met die kerke in Australië en Nieu Seeland saamwerk om met die oudlidmate uit Suid-Afrika kerke daar te plant. Selfs in gebiede waar daar wel kerke bestaan waarby ingeskakel kan word, kan die andersheid van die kerklike kultuur dit ook nodig maak om kerke waarby veral oud Suid-Afrikaners betrokke is, te begin as deel van die kerklike familie daar.

Voorstel: Aan die nuwe Deputate word opgedra om waar nodig hulp aan te bied met die kerklike inskakeling van oudlidmate uit Suid-Afrika.

2.2.2.6.4 Sending en barmhartigheid

(i) Die RCNZ het die afgelope aantal jare ook saam met die OPC van Amerika gehelp met sendingwerk en teologiese opleiding in Afrika, spesifiek in Uganda, en het in samewerking met die NG Kerk bystand verleen aan vloedgeteisterdes in Mosambiek.

(ii) Die Sinode het besluit om hulle betrokkenheid by sendingwerk en barmhartigheid in Suidelike Afrika te vergroot en hulle kommissies sal in die verband verder met die GKSA kontak maak. Hulle besluit hieroor lui soos volg: "*To encourage the OMB (Overseas Mission Board) and the NDC (National Diaconat Committee) to establish direct contact with the GKSA mission and diaconate committees*".

Voorstel: Dat die nuwe Deputate aandag gee aan bogenoemde, in samewerking met ander relevante Deputate, gemeentes en lidmate.

2.2.2.6.5 Teologiese skool

(i) Die RCNZ is saam met die Christian Reformed Church of Australia (CRCA) betrokke by die Reformed Theological Seminary (RTC) te Geelong (naby Melbourne).

(ii) Uitsprake van twee van die professore daar oor die wyse waarop God Hom steeds aan ons openbaar (afgeslotenheid van die kanon), het spanninge gebring in die verhouding tussen die RCNZ en die RTC.

(iii) Na 'n intensiewe en in diepte bespreking, is die volgende besluit geneem:

"*That in view of the stated position of two members of the faculty on prophecies and the WCF (Westminster Confession) 1.1 and 1.6 and the stated position of the RCNZ on these matters (see Acts of Synod 1998, Art 68), the RCNZ give notice of the dissolution of the contract between our chuches and the ACTE, to take effect at the next synod, and instruct the deputies to draw up an agreement, in consulation with the ACTE / RTC, that allows for a working relationship between the RCNZ and the RTC*."

2.2.2.6.6 Verhouding met Christian Reformed Church of Australia (CRCA)

(i) Tydens die sinodesitting het lede van die RCNZ hulle ontsteltenis uitgespreek oor sekere tendense in die CRCA, waaronder die vrou in die amp, bepaalde aanbiddingspraktyke (liturgieë) en kinders aan die nagmaalstafel.

(ii) Die RCNZ sien hulleself steeds ekumenies een met die CRCA.

2.2.2.6.7 International Conference of Reformed Churches (ICRC)

Die RCNZ is lid van die ICRC. Hulle ondersteun ook die aansoek van die GKSA om 'n deelnemende kerkgemeenskap te word.

Aanbeveling

1. Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCNZ steeds ekumenies een is.
2. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van 'n afgevaardigde waar dit moontlik is.
3. Dat aan die nuwe Deputate opgedra word om afgevaardigdes na die volgende Sinode van die RCNZ te stuur, met bykomende opdrag om te help met die inskakeling van ons oudlidmate by die kerke daar.
4. Aan die nuwe Deputate word opgedra om waar nodig in Suid-Afrika hulp aan te bied met die kerklike inskakeling van oudlidmate uit Suid-Afrika in Nieu Seeland.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.7 Gereformeerde Kerk Botswana (GKB)

2.2.2.7.1 Kyk Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2.8 Free Church of Scotland (FCS)

2.2.2.8.1 In die FCS het 'n ongelukkige skeuring plaasgevind. Tans bestaan dié kerk in die FCS en die FCS (Continuing). Die agtergrond van dié gebeure word hier uiteengesit:

2.2.2.8.2 Op 20 Januarie 2000 het 'n groep van 22 predikante hulle van die FCS gedistansieer, tydens 'n vergadering van die betrokke kommissie van die FCS wat klagtes teen prof. Donald Macleod nie wou behandel nie.

2.2.2.8.3 Die betrokke kommissie het tegelyk direk daartoe oorgegaan om die 22 predikante se predikantstatus te suspendeer. ‘n Redelike persentasie (onbepaald) van lidmate van die FCS skaar hulle agter die 22 predikante.

2.2.2.8.4 Die skeuring is die ongelukkige en treurige gevolg of resultaat van spanninge rondom die figuur van prof. Donald Macleod. Beweringe en klagtes oor ‘n owerspelige verhouding met ‘n Australiese vrou, in die vroeër jare van 1980 asook met 5 ander vroue gedurende die jare 1990-1995 is teen die professor ingebring. Aangesien van die klagtes by die polisie gelê is, is die saak gedurende 1995/96 in die Siviele hof verhoor. Die professor is onskuldig bevind en die klaers (tesame met ander predikante ens.) is as samesweerders teen professor Macleod uitgemaak.

2.2.2.8.5 As gevolg van hierdie gebeure en ook as gevolg van ‘n algehele ontevredenheid oor sommige leerstellige en kerkregtelike aangeleenthede in die FCS het die sogenaamde FCSDA (Defence Association) in 1997 ontstaan.

2.2.2.8.6 Die FLA – Commission (Finance, Law and Advice Commission) wat besondere bevoegdhede het, wou geen verdere klagtes / aanklagte teen prof. Macleod behandel nie, omdat hulle meen dat al die sake rondom hom met die hofsaak afgehandel is en nie nou deur ‘n kerklike “hof” in behandeling geneem mag word nie.

2.2.2.8.7 ‘n Groep predikante uit die geledere van die Defence Association het in 1999 klagtes teen prof. D Macleod ingedien, en die FLA Commission het geoordeel dat die optrede neerkom op verontagsaming van die reg (contumacy) wat skorsingswaardig is. Op 20 Januarie 2000 het die skeuring plaasgevind.

2.2.2.8.8 Die groep wat weggebreek het, meen hulle is uitgestoot en beskou hulleself as die FCS (Continuing).

2.2.2.8.9 Op 25 Mei 2000 het prof. Du Plooy saam met die Deputate van die GKN(v) en die CGKN ‘n indringende gesprek van 3½ uur met die FCS (Cont) gevoer, by die Liberton Kirk, in Edinburgh waar hulle vergader het. Aan beide kommissies was sy advies die volgende:

- Probeer die verdere verloop van die skeuring dadelik stop en vries alle verdere optrede in die verband;
- Oorweeg om op grond van of in die lig van die korrespondensie met verskeie ander kerke iets soos arbitrasie aan te vra. Insgelyks sou andere kerke gevra kon word vir advies en of fasilitering.

  Die reaksie was een van begrip en dank vir die belangstelling, maar dat die breuk eintlik finaal is en feitlik onherstelbaar is.

Aanbeveling

1. Op hierdie stadium word nie verdere inisiatiewe deur die GKSA met betrekking tot die breuk geneem nie, en oor die skeuring word nie ‘n bevinding of ‘n keuse gemaak nie.
2. Met beide, die FCS en die FCS (Continuing), word ekumeniese eenheid (korrespondensie) gekonstateer.
3. In terme van die besluit van Sinode 2000 word dringend met die FCS en die FCS (Cont) gesprek gevoer, om veral aandag aan die kerkregtelike houdbaarheid van hulle "afsonderlike" bestaan in RSA te gee, asook aan die FCSA se posisie ten opsigte van die gebeure in Skotland.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.9 Christian Reformed Church in North America (CRCNA)

2.2.2.9.1 Sake wat bespreek is met die CRC

Die afgevaardigdes het die Sinode van die CRCNA bygewoon, die IRC (Inter Relations Committee) ontmoet en veral die volgende is bespreek:

(i) Die hermeneutiese riglyne/beginsels wat deur die CRCNA gebruik word vir Skrifverklaring.

(ii) Die CRC se korrespondensie met die Uniting Reformed Church (NGKerk familie in SA); die feit dat die CRCNA gemaklik met die Belharbelydenis is, al het hulle nog nie 'n formele besluit daaroor geneem nie.

(iii) Die liturgieë wat in die plaaslike kerke in gebruik is.

(iv) Die inhoud van die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens asook die formulier vir die bediening van die Heilige Nagmaal wat in verskillende gemeentes in gebruik is. Die lede van die IRC het u Deputate in kennis gestel dat die CRC die gebruik het dat elke plaaslike kerk sy eie formuliere mag opstel en gebruik.

(v) Na aanleiding van bogenoemde, is die nakoming van die ooreenkoms wat tussen kerke bestaan wat kerkverband sluit, ook bespreek.

2.2.2.9.2 Sinodebesluite van belang vir die GKSA

(i) Die CRCNA het 'n nuwe "Charter for Ecumenicity" aanvaar.

(ii) Vrouelidmate word voortaan in alle ampte toegelaat, nadat hulle sedert 1979 tot die diakenamp toegelaat is. Hierdie toelating het verskeie beperkinge, soos dat hulle onder bepaalde omstandighede nie na meerdere vergaderings toe gedeputeer mag word nie, nie lede mag wees van sinodale deputaatskappe nie, maar dat daar wel 'n adviserende liggaam van vrouens voortaan op elke Sinode sal dien (na aanleiding van die "Ethnic Advisors").

2.2.2.9.3 Bevindings

(i) Hermeneutiek

Die afgevaardigdes se indruk is nie dat Skrifkrities te werk gegaan word nie. Dit was duidelik dat die CRCNA-Sinode telkens probeer het om na die Skrif te luister. Die afgevaardigdes het geen geval teëgekom waar die Bybel verwerp is nie.

(ii) Besluitneming

Die afgevaardigdes het onder die indruk gekom dat die CRCNA in hulle besluite en beraadslaginge ook met die Gereformeerde leer erns maak en dat plekke of kerke waar klaarblyklik ander aksente voorkom, vir die CRCNA 'n bron van kommer is.

(iii) Die "krisis" waarin die CRCNA hom bevind:

Teen die agtergrond van die kerkskeuring waardeur die kerkgemeenskap in 1995 gegaan het, probeer die CRCNA tans met alles in hulle vermoë om die eenheid in hulle kerkgemeenskap te bewaar (37,000 lidmate het die CRCNA verlaat). Derhalwe "bestuur" hulle die verskille oor die posisie van die vroue in die besondere ampte. Sover dit die GKSA raak, moet in gedagte gehou word dat die CRCNA reeds sedert 1979 vrouelidmate in die amp van die diaken verkies – en die GKSA het dit deurentyd aanvaar.

(iv) Die volgende sake is 'n bron van kommer

(a) Die handhawing en toepassing van die kerkorde, formuliere en liturgie. Die sake is almal met die IRC bespreek, maar behoort verder aandag te geniet.

(b) Toenemende charismatiese inslag by sekere kerke van die CRC. In die gesprek met die IRC het hulle erken dat die charismatiese inslag by verskeie kerke aan die toeneem is. Dit dra nie die lede van die IRC se goedkeuring weg nie. Hierdie saak behoort ook in die voortgaande gesprek met die CRC aandag te geniet.

2.3 Die Sinode besluit

2.3.1 Oor 2.2.1 (Algemeen)

(a) Die Sinode neem kennis van 2.2.1.1–2.2.1.9.

(b) By 2.2.1.6 (Opdrag 2.1.6): Om by die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:210, 2.3) onder (ii) 'n byvoeging te maak – wat hier in kursief weergegee word. Die hele besluit met die voorgestelde byvoeging lui soos volg:

"Die volgende begrippe word gebruik om die verskillende fases in die ekumeniese gesprek te onderskei:

(i) In die binneste sirkel, waar korrespondensie (eenheid in kerkverband) uitgedruk word, praat ons van **Ekumeniese Eenheid/Ecumenical unity**.

(ii) In die tweede sirkel, waar gesprekke en samewerking *uit roepingsvervulling van die een kerkgemeenskap teenoor 'n ander in koninkryksgerigtheid plaasvind, ook* ter voorbereiding van een kerkverband, praat ons van **Ekumeniese Bande/ Ecumenical Ties**.

(iii) In die derde en wydste sirkel, waar gesprekke en samewerking plaasvind met die doel van die uitbreiding van die koninkryk (gesamentlike optrede en profetiese getuienis), en met die langtermyn doel van een kerkverband, praat ons van Ekumeniese Kontak/Ecumenical Contact."

Besluit: Goedgekeur.

2.3.2 Oor 2.2.2.1 (CGKN)

(i) Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGKN, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.3 Oor 2.2.2.2 (NedlGK)

(i) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die NedlGK steeds ekumenies een is.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is. Gesprekke oor Skrifbeskouing en hermeneutiese beskouing word voortgesit.

(iii) Besondere dankbaarheid word uitgespreek oor die groeiende samewerking op plaaslike sendingvlak. Die Sinode moedig hierdie ontwikkeling sterk aan.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.4 Oor 2.2.2.3 (PCKK)

(i) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die PCKK steeds ekumenies een is.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.5 Oor 2.2.2.4 (RCJ)

(i) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCJ steeds ekumenies een is.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes - as deel van die prioriteitslys.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.6 Oor 2.2.2.5 (RCA)

(i) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCA steeds ekumenies een is.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.7 Oor 2.2.2.6 (RCNZ)

(i) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCNZ steeds ekumenies een is.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

(iii) Dat aan die nuwe Deputate opgedra word om ‘n afgevaardigde na die volgende Sinode van die RCNZ te stuur, met bykomende opdrag om te help met die inskakeling van ons oudlidmate by die kerke daar.

(iv) Aan die nuwe Deputate word opgedra om waar nodig hulp aan te bied met die kerklike inskakeling van oudlidmate uit Suid-Afrika.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.8 Oor 2.2.2.7 (GKB)

(i) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die GKB steeds ekumenies een is.

(ii) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.9 Oor 2.2.2.8 (FCS)

(i) Op hierdie stadium word nie verdere inisiatiewe deur die GKSA met betrekking tot die breuk geneem nie, en oor die skeuring word nie ‘n bevinding of ‘n keuse gemaak nie.

(ii) Met beide, die FCS en die FCS (Continuing), word ekumeniese eenheid (korrespondensie) gekonstateer.

(iii) In terme van die besluit van Sinode 2000 word dringend met die FCS en die FCS (Cont) gesprek gevoer, om veral aandag aan die kerkregtelike houdbaarheid van hulle “afsonderlike” bestaan in RSA te gee, asook aan die FCSA se posisie ten opsigte van die gebeure in Skotland.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.10 Oor 2.2.2.9 (CRCNA)

(i) Die gesprek oor korrespondensie word voortgesit.

(ii) Vermeende afwykinge van die Gereformeerde hermeneutiek sowel as vermeende afwykinge van die Gereformeerde kerklike praktyk (liturgieë, ens) word verder ondersoek met die oog op 'n finale aanbeveling. Indien nodig, word ook 'n indringende vermaning aan die CRCNA gerig

(iii) Die nuwe Deputate stuur weer afgevaardigdes na die CRCNA.

Besluit: Goedgekeur.

3. Skakeling met ekumeniese vergaderings

3.1 *International Conference of Reformed Churches (ICRC)*

3.1.1 Opdrag

3.1.1.1 Die nuwe Deputate kry opdrag "om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49"

3.1.1.2 Die GKSA doen aansoek om aan die *ICRC* deel te neem, in oorleg met die Nasionale Sinodes van Soutpansberg en Middellande.

3.1.1.3 Die CGKN, OPC, FCS en RCNZ word genader om die GKSA se aansoek te motiveer en te ondersteun, soos deur die konstitusie van die *ICRC* bepaal word (Acta 2000:213).

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Die Sinode neem kennis

3.1.2.1 Twee Deputate, te wete dr. CJ Smit en ds. BCG Fourie, het die *ICRC* in Philadelphia, VSA, gedurende Junie 2001 bygewoon. Voorafgaande kontak met die Sinodes Soutpansberg en Middellande oor bywoning het nie iets konstruktiefs opgelewer nie siende dat geen terugvoer ontvang is nie. Daar is tans blyke dat Soutpansberg oorweeg om apart lidmaatskap van die *ICRC* te verkry.

3.1.2.2 Een nuwe kerk het lidmaatskap verkry naamlik die *Reformed Presbyterian Church of North India (RPCNI*). Kerke vanuit al die kontinente het die kongres bygewoon en nuwelinge het ingesluit Gereformeerde Kerke in Hongarye en dele van Oos-Afrika.

3.1.2.3 Na die skeuring in die *Free Church of Scotland (FCS*) wat lid is van die *ICRC*, is besluit om aan albei die kerke (*FCS en FCS Continuing*) sittingsreg te verleen. Sien ook 4.3.

3.1.2.4 Daar is geleentheid gebied aan die GKSA vir 'n voorstelling asook om brosjures beskikbaar te stel (vergelyk 9). Die Hervormingsdag-verklaring 2000 van die TSP is voorgehou en dit het heelwat positiewe belangstelling ontlok. Die verklaring van die TSP insake Historiese Jesus is sedertdien ook aan al die lidkerke versprei.

3.1.2.5 Kennis is gegee aan die *ICRC* van die voorneme van die GKSA om self lid te word van die *ICRC*. Ondersteuning vir die aansoek is verkry van die *Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland (CGKN), Reformed Church New Zealand (RCNZ) en Orthodox Presbyterian Church of America (OPC)*. Van die *Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) (GKN(V))* is die versekering ontvang dat die aansoek nie teengestaan sal word nie.

3.1.2.6 Die aansoek vir lidmaatskap moet volgens die konstitusie van die *ICRC* reeds 'n jaar voor die Kongres in besit van die algemene sekretaris wees. Die Deputate het egter geoordeel om die aansoek terug te hou totdat die Driepartyegesprek gefinaliseer is met die *Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) (GKN(V))* en die *Vrygemaakte Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (VGKSA)*, wat albei lidkerke is. Dit het veroorsaak dat die aansoek dus nie betyds ingedien kon wees teen Junie 2000 nie.

3.1.2.7 Die volgende temas is tydens die *ICRC* behandel:
Die regulerende beginsel in aanbidding
Werk onder die Jode

Die werk van die Heilige Gees in die gelowige
Presbiteriaanse en Gereformeerde visie op kerklike eenheid
Hermeneutiek en die Bybel

3.1.2.8 Gesprekke is met verskeie Deputate van die teenwoordige kerke gevoer, naamlik die *Christelijk Gereformeerde Kerken Nederland (*CGKN), *Reformed Church New Zealand (*RCNZ), *Reformed Church Japan* (RCJ), *Presbyterian Church of Uganda* (PCUGANDA), GKN(V), *United Reformed Church of North America* (URCNA), *Lanka Reformed Church* (LRC), *Gereja Gereja di Indonesia* (GGI). Daar word elders in die rapport oor die kontak met die kerke gerapporteer. Amptelike gesprekke met meer kerke was egter onmoontlik weens die druk program van werksaamhede.

3.1.2.9 Die volgende *ICRC* word in die RSA aangebied in 2005 en die VGKSA is aangewys as die sameroeper. U Deputate het die volle hulp, samewerking en ondersteuning van die GKSA aangebied in die reëlings van die kongres.

3.1.2.10 Die telematiese aanbieding van die PU vir CHO se BTh-program is ook aan die teenwoordiges verduidelik en daar het ruim belangstelling daarop gevolg, veral onder die kerke in Indonesië. Daar is ook ‘n amptelike uitnodiging gerig aan die GKSA om daar besoek af te lê, veral met die oog op bekendstelling van die telematiese onderrig.

3.1.2.11 Die daarstelling van die twee kapasiteitsbouposte by die TSP het positiewe reaksie by veral die CGKN ontlok.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Die Sinode oordeel

3.1.3.1 Die uitbouing van kontak met die *ICRC* asook die individuele lidkerke is belangrik vir onderlinge vorming en ondersteuning.

3.1.3.2 Gesien die feit dat die *ICRC* ontstaan het uit ‘n behoefte om veral op Sendinggebied inligting en ondersteuning daar te stel, is dit belangrik vir die GKSA om homself daarin te bly posisioneer.

3.1.3.3 Daar is ‘n opvallende nader beweeg aan mekaar van die Presbiteriaanse en Gereformeerde tradisies in die *ICRC* wat in die verlede nog onverkende terrein was.

3.1.3.4 Ekumeniese kontak behoort met die lidkerke met wie daar nog nie ekumeniese eenheid bestaan nie, voortgesit te word met die oog op verdere ontwikkeling.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1.4.1 Daar word voortgegaan met die proses om lidmaatskap te verkry van die *ICRC*.

3.1.4.2 Die besluit van Sinode 2000, om by wyse van kerklike ramings die ledegeld te bekostig, word bevestig.

3.1.4.3 Twee Deputate word deur die Sinode afgevaardig na die *ICRC* 2005.

3.1.4.4 Die *ICRC* 2005 word wyd bekendgestel onder die GKSA om deelname en ondersteuning aan te moedig.

3.1.4.5 Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49”

3.1.4.6 Daar word veral aandag gegee aan sendingkoördinering deur die *ICRC*.

3.1.4.7 Daar word nouer ekumeniese bande gesoek met die ander lidkerke in die *ICRC*.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Reformed Ecumenical Congress (REC)

3.2.1 Opdrag

3.2.1.1 Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag "om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49"

3.2.1.2 Een of twee waarnemers word na die byeenkoms van die REC in Java gedurende 2000 gestuur (Acta 2000:213, 214).

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 Die Sinode neem kennis

3.2.2.1 Twee Deputate te wete, prof. JM Vorster en ds. BCG Fourie het die kongres in Yogjakarta, Java, Indonesië bygewoon van 13–29 Julie 2000.

3.2.2.2 Op die oomblik is die volgende kerke met wie ons ekumeniese eenheid (korrespondensie) het nog lid van die *REC*:
Die *Reformed Churches of Japan,* (RCJ)
Christian Reformed Churches of Australia (CRCA) en
Christian Reformed Church of Northern America (CRCNA).
Daar was verskeie afgevaardigdes van hierdie kerke op die kongres en met hulle is gereeld gesprekke gevoer tydens die twee weke wat die kongres geduur het. So is kontak opgevolg nadat beide die Sinodes van die *CRCA en CRCNA* vroeër die jaar deur ander Deputate bygewoon is.

3.2.2.3 Ander kerke wat tans deel uitmaak van die *REC* kom letterlik uit alle wêrelddele. Uit Nederland het die *Samen-op-Weg-Kerke* afgevaardig uit die Gereformeerde Kerken Nederland, die Nederlands Hervormde Kerk, onder andere uit die Gereformeerde Bond binne die Hervormde Kerk. Ook uit Europa was daar afgevaardigdes uit Frankryk en van die Gereformeerde Kerk in Griekeland. Uit die omgewing van Amerika was daar afgevaardigdes uit die Dominikaanse Republiek. Voorts was daar afgevaardigdes uit Indië en Sri Lanka. Van die Koreaanse kerke is lid, maar het nie afgevaardigdes gehad nie. Buiten die CRCA uit Australië was daar ook afgevaardigdes uit die Presbiteriaanse Kerke in Australië. Uit Suider Afrika was daar 'n baie groot aantal afgevaardigdes. Verskeie kerke binne die NG Kerk-familie, Botswana, Swaziland, Malawi, Zimbabwe, Zambië, Uganda, Malawi, Kenia en Nigerië. Uit Indonesië self was daar afgevaardigdes uit 'n wye gebied vanaf Sumatra tot Oos-Timor. 'n Wye verskeidenheid kulture is verteenwoordig en dit het gesorg vir baie interaksie oor belangrike geloofsake en hoe dit hanteer word.

3.2.2.4 Die sake wat op die agenda gedien het, spruit meesal uit die vorige kongres. Slegs enkele nuwe sake het deel uitgemaak van die agenda. In hoofsaak het die volgende sake gedien:

* Die hantering van godsdiens pluralisme (verskeidenheid van godsdienste)
* Strategieë vir diens en kerkregering. Hieronder is aandag gegee aan die rol van die vrou in die amp, die ontwikkeling van plaaslike leiers, jeugleierontwikkeling, kapasiteitsbou en afstandsonderrig.
* Die rol van die kerk in gevalle van rassisme en etnisisme
* Die woorde in die Belydenis: "En hy het neergedaal na die hel"

* ‘n Brief is geformuleer en aan die owerheid in Indonesië en ook aan die VVO gestuur rakende die godsdienstige konflik in Maluku en Oos-Timor.

3.2.2.5 Die Interimkomitee en die Deputate het ‘n opvolggesprek gedurende November 2000 gehad waar sekere raakpunte weer ter tafel geneem is.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 Die Sinode oordeel

3.2.3.1 Die *REC* bied tans ‘n forum vir gesprek en kontak met kerke van Gereformeerde belydenis waaraan die GKSA slegs beperkte blootstelling het (byvoorbeeld in die konvent en TKK). Die *REC* is baie verteenwoordigend van kerke regoor die wêreld en eiesoortige dilemmas word in die lig van ander se ervaring geëvalueer en hanteer. Veral bied die *REC* toegang tot kerke in die derde wêreld waartoe daar tans slegs beperkte toegang bestaan.

3.2.3.2 Weens die diversiteit van standpunte van die deelnemende kerke wat tog steeds op dieselfde belydenisgrondslag opereer, word ruimer gekyk na die praktyk van kerkwees. Talle kleiner kerke wat soms geïsoleerd bestaan, kry geleentheid om deel te wees en leiding te ontvang binne hierdie situasie. Deur die *REC* is ook kontak met *The World Association of Reformed Churches* (*WARC)*. Nie alleen was ‘n lid van die uitvoerende komitee van *WARC* ‘n waarnemer by die kongres nie, maar talle lidkerke is ook lid van *WARC*.

3.2.3.3 Jeugwerk: Die jeugwerk wat internasionaal deur die REC georganiseer en gefasiliteer word, verdien vermelding. Nie alleen die jeugkommissie nie, maar ook die organiseerder in die persoon van Jim Londt, poog werklik om die jeug internasionaal te stimuleer en saam te trek. Die REC het dikwels gepraat oor bemagtiging van die jeug. Tydens die sitting is daar ook in die omstreke ‘n internasionale jeugwerkerskamp aangebied en is daar gereelde kontak tussen die jeug en die kongres onderhou.

3.2.3.4 Rol van die *Gereformeerde Kerken Nederland* (GKN): Die GKN speel ‘n baie klein rol in die beleidsproses van die *REC*. Daar was nie opvallende beïnvloeding deur die GKN nie.

3.2.3.5 Die *REC* moenie as ‘n ekumeniese sinode beoordeel word waar kerkgemeenskappe in ‘n ekumeniese “kerkverband” tree nie, maar dit is ‘n ekumeniese liggaam waarin oor gesamentlike belange met ander kerkgemeenskappe saamgewerk kan word en waarin die moontlikheid van ekumeniese kontak met ander kerkgemeenskappe wêreldwyd gebied word.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

3.2.4.1 Die GKSA gaan voort met samewerking met die *REC* by wyse van waarnemers en werk waar moontlik saam in die werksaamhede van die *REC*.

3.2.4.2 Twee afgevaardigdes woon die sitting van die volgende *REC* in Nederland as waarnemers in 2004 by.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *International Reformed Fellowship* (IRF)

3.3.1 Opdrag

3.3.1.1 Die nuwe Deputate kry opdrag "om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49"

3.3.1.2 Die nuwe Deputate gaan voort om kontak met die *IRF* te soek.

3.3.1.3 Die nuwe Deputate ontvang opdrag om ondersoek in te stel na die werksaamhede van die Federasie (WFRC) en aan die volgende Sinode terug te rapporteer (Acta 2000:213, 215, 238).

Besluit: Kennis geneem.

3.3.2 Die Sinode neem kennis

3.3.2.1 Kontak is gemaak met die IRF.

3.3.2.2 Die IRF en *World Federation of Reformed Churches* (WFRC) het intussen saamgesmelt en staan voortaan bekend as die *World Reformed Fellowship* (WRF).

3.3.2.3 Dr. PJ Buys het as individu lid geword van die WRF en dien tans op die Interimkomitee vir die Afrika-groep.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.3 Die Sinode oordeel

3.3.3.1 Kontak met die WRF kan deure vir nouer kontak met die *Presbyterian Church America* (PCA) en in besonder *Mission to the World* (MTW) wat aktief in Afrika aan die werk is, maar ook in ander wêrelddele oopmaak.

3.3.3.2 Die WRF se grondslag en doelstellings kom grotendeels met dié van die *ICRC* ooreen, maar funksioneer in 'n wyer spektrum van Gereformeerde kerkgemeenskappe wêreldwyd. Soos die *ICRC* fokus die *WRF* sterk op sendingsamewerking. Die GKSA kan homself deur deelname aan die aktiwiteite van die *WRF* sterker posisioneer in sy ekumeniese roeping wêreldwyd en veral in Afrika.

3.3.3.3 Deelname aan die werksaamhede van die *WRF* kan ook deure open vir kontak met ander Gereformeerde en Presbiteriaanse kerke veral in Suid Amerika en Asië wat nie lid is van die ander ekumeniese vergaderings met wie die GKSA kontak soek en onderhou nie.

3.3.3.4 Die *WRF* se grondslag is 'n onvoorwaardelike erkenning van die Bybel as die Woord van God, die drie algemene belydenisse en, soos die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider Afrika, al die bekende reformatoriese Belydenisskrifte.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

3.3.4.1 Die GKSA aanvaar ten volle deelname in die werksaamhede van die *WRF.*

3.3.4.2 Die ledegeld van die *WRF* word deur ramings verhaal soos die geval is met die *ICRC*.

3.3.4.3 Twee lede word afgevaardig na die onderskeie streeks- en internasionale konferensies soos van toepassing.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *AEA en TEASA*

3.4.1 Opdrag

Die nuwe Deputate kry opdrag om by die werksaamhede van die AEA en TEASA as waarnemers betrokke te bly en op die vlak gereformeerde insette te bly lewer (Acta 2000:216).

Besluit: Goedgekeur.

3.5 *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke* (SARK)

3.5.1 Opdrag

Die nuwe Deputate word opgedra om steeds voort te gaan om kontak met die SARK te verkry (Acta 2000:216).

3.5.2 Die Sinode neem kennis

Die opdrag is verwys na die werkgroep Ekumenisiteit Binnelands.

Besluit: Kennis geneem.

3.6 *Raad van Kapelaansdienste*

3.6.1 Opdrag

Die nuwe Deputate gaan voort om insette en getuienis ter uitbreiding van die koninkryk in hierdie ekumeniese liggaam te lewer (Acta 2000:217).

3.6.2 Die Sinode neem kennis

Die opdrag is verwys na die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands.

Besluit: Kennis geneem.

3.7 *Die Onafhanklike Uitsaai Owerheid* (OUO) *en Christen Netwerk* (CNW)

3.7.1 Opdrag

3.7.1.1 Die nuwe Deputate gaan voort om skakeling met die OUO te verkry.

3.7.1.2 Ook word voortgegaan om insette en getuienis ter uitbreiding van die koninkryk by CNW te lewer (Acta 2000:218).

3.7.2 Die Sinode neem kennis

Die opdrag is verwys na die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands.

Besluit: Kennis geneem.

3.8 *Rustenburg Beraad*

3.8.1 Opdrag

Die nuwe Deputate word gemandateer om, indien weer ‘n Rustenburg Beraad gehou word, dit by te woon. Dergelike byeenkomste kan op meriete vir bywoning oorweeg word (Acta 2000:218).

3.8.2 Die Sinode neem kennis

Die opdrag is verwys na die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands

Besluit: Kennis geneem.

4. Skakeling met kerkgemeenskappe in die buiteland

4.1 *Kerke in Afrika*

4.1.1 Opdrag

4.1.1.1 Die GKSA bring sy ekumeniese eenheid met die ERCC tot uitdrukking deur met die kerkgemeenskap in korrespondensie te tree.

4.1.1.2 Soos wat dit moontlik is, word van tyd tot tyd afgevaardigdes na die kerkgemeenskap se Nasionale Sinodes (op koste van die GKSA) gestuur om groete oor te bring en ook as adviseurs op te tree, omdat die

kerkgemeenskap as jong kerke baie geestelike en daadwerklike ondersteuning nodig het.

4.1.1.3 Aan die Deputate vir Noodtoestande word opdrag gegee om weë en middele te ondersoek ten einde materiële hulp aan geloofsgenote en ander daar te verleen, gesien die skreiende armoede in daardie lande.

4.1.1.4 Aan die Nuwe Deputate word opdrag gegee om ‘n uitgebreide besoek deur minstens twee Deputate na Wes-, Midde- en Oos-Afrika en Madagaskar te bring. Die samewerking van die TSP en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord behoort in die verband gesoek te word.

4.1.1.5 Die Deputate word so saamgestel dat ‘n benoemde van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord daarby ingesluit word.

4.1.1.6 Die Deputate ondersoek die moontlikheid van ekumeniese eenheid met die CRCM en doen ‘n aanbeveling by die volgende Sinode. ‘n Antwoord op die voorstel van die CRCM moet so gou moontlik gelewer word.

4.1.1.7 Ten opsigte van die CCAP: Die Deputate gee, waar dit benodig word, leiding en advies (Acta 2000:220, 237).

Besluit: Kennis geneem.

4.1.2 Die Sinode neem kennis

4.1.2.1 Alle opdragte is uitgevoer, behalwe die opdrag om ook ‘n besoek aan Madagaskar te bring (kyk 4.1.1.4) en aan die CRCM (Christian Reformed Church in Malawi) vanweë tyd en geld.

4.1.2.2 Korrespondensie is die *Eglize Reformee Confessante Au Congo* (ERCC) aangebied. Tegelykertyd het dié kerk ook besluit om korrespondensie met die GKSA aan te gaan. Op dié wyse het ekumeniese eenheid (korrespondensie) tot stand gekom.

4.1.2.3 Die Deputate het ds. Fanie Coetzee en ds. Simon Hibbert afgevaardig om die ERCC te besoek. Die besoek het in ‘n uitstekende gees verloop. Hoewel finansiële middele skraps is, is die ERCC ‘n goed georganiseerde kerkgemeenskap wat die gereformeerde belydenis en kerkregering nougeset handhaaf.

4.1.2.4 Die ERCC handhaaf formele korrespondensie met die RCUS in Amerika en die GKN(V). Hulle sinode vergader elke drie jaar. Vanweë ‘n laat uitnodiging kon Sinode 2001 van die ERCC nie bygewoon word nie. 'n Uitnodiging na Sinode 2003 van die GKSA is aan die ERCC oorhandig.

4.1.2.5 Sedert die besluit van die ERCC op hulle Sinode 1993 om met plaaslike teologiese opleiding te begin, ondergaan voornemende predikante 'n opleiding van 5 jaar aan die Teologiese skool in Lubumbashi. Die opleiding behels 'n 5 maande per jaar akademiese program terwyl die res van die jaar in gemeentes gewerk word. Die opleiding word hoofsaaklik gegee deur twee sendelinge wat deur die GKN(V) vanuit Nederland gestuur word. Predikante van die ERCC word as gasdosente gebruik en die beplanning is dat al hoe meer plaaslike predikante as dosente sal optree. Verteenwoordigers van die plaaslike kerke dien op die raad van die Skool. Die ERCC het egter nie finansiële vermoëns om die skool te onderhou nie en is van die VGK Spakenburg afhanklik hiervoor.

4.1.2.6 Daar bestaan kommer onder die Deputate van die ERCC dat die huidige opleiding nie op dieselfde standaard is as wat hulle in Frankryk en in Suid Afrika ontvang het nie, aangesien die skool aan geen universiteit gekoppel is nie. Nagraadse studie kan dus slegs in die buiteland gedoen word. Veral

vir die toekoms van die teologiese opleiding is dit belangrik dat jong manne ook nagraads opgelei behoort te word.

4.1.2.7 In 'n informele gesprek met ds. Thys Block, wat as sendeling tans teologiese opleiding verskaf is die moontlikhede van telematiese opleiding en akkreditasie by die PU vir CHO genoem. Dit is onontbeerlik dat gesprekke oor teologiese opleiding in die Kongo nie in isolasie gevoer kan word nie. Samewerking met al die bestaande partye is noodsaaklik.

4.1.2.8 Tans word finansiële steun by wyse van sustentasie aan die vyf predikante wat in Suid Afrika kom studeer het, verleen. Dit word gekoördineer deur 'n Kongo-Diensgroep wat onder toesig van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord funksioneer. Ongeveer 37 kerke uit die GKSA is op een of ander wyse by die hulp betrokke. Opregte dank is hiervoor uitgespreek. Hoewel die beginsel, dat elke kerk vir sy eie predikant moet sorg, deur die ERCC beklemtoon word, is dit op die oomblik nie haalbaar nie en is die finansiële ondersteuning onmisbaar.

4.1.2.9 Advies is gevra oor hoe kerke in die ERCC in staat gestel kan word om sendelinge in hulle eie land uit te stuur. Die missionêre gerigtheid van die "jong kerke" is prysenswaardig. Advies is gegee rondom die beginsel dat die plaaslike kerk die eintlike sendelinge is. Elke predikant, ouderling, diaken en lidmaat is 'n sendeling in sy en haar hele lewe. Die noodsaaklikheid van Bybelverspreiding word beklemtoon.

4.1.2.10 Ook het ds. Eric Kayayan en br. Poen Coetzee gedurende 2002 ‘n uitgebreide besoek na Wes- en Midde-Afrika onderneem.

4.1.2.11 Die opdrag aan die Deputate Noodtoestande insake materiële hulp is aan hulle deurgegee.

4.1.2.12 Ds. Eric Kayayan van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord is as Deputaat benoem. Hy het egter intussen ‘n beroep aanvaar na die Gereformeerde Kerk Rietvallei wat ‘n leemte laat in die afvaardiging vanaf Potchefstroom-Noord.

4.1.2.13 Voorts is reise onderneem deur lidmate van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort wat in besonder kontak gemaak het met die kerke in Zambië en Malawi. Daaroor is gereeld terugvoer gegee aan die Deputate en fondse is ook vir hierdie doel deur die Deputate bewillig.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.3 <u>Die Sinode oordeel</u>

4.1.3.1 Sinode 2000 het reeds daarvan kennis geneem dat Gereformeerde kerke in Afrika een van die prioriteitsopdragte aan die Deputate is. Die ekumeniese kontak wat met die betrokke kerkgemeenskappe in Afrika opgebou is, is van groot waarde. Die hulp wat die GKSA by wyse van wedersydse advies en materieel, waar dit moontlik is, kan bied, moet eweseer as ‘n prioriteit aangemerk word.

4.1.3.2 Om 4.1.3.1 daadwerklik te laat realiseer, is ekumeniese kontak op persoonlike vlak by wyse van besoeke noodsaaklik.

4.1.3.3 Samewerking op plaaslike vlak met ander kerkgemeenskappe wat reeds hulp verleen in die opbou van gereformeerde kerke in Afrika, is eweseer noodsaaklik.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.4 <u>Die Sinode besluit</u>

4.1.4.1 Afgevaardigdes word op ‘n gereelde basis na die kerke met wie daar reeds ekumeniese eenheid (korrespondensie) bestaan, gestuur.

4.1.4.2 Op dieselfde wyse word ekumeniese kontak en bande gehandhaaf en uitgebou.
4.1.4.3 Die Deputate word so saamgestel dat ook (bykomend) benoemdes van die Gereformeerde Kerke Wonderboompoort en Potchefstroom-Noord daarby ingesluit word.
4.1.4.4 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Geref Kerk Potchefstroom-Noord vir die inisiatief en koste wat hulle onderneem het om die ekumeniese eenheid met die ERCC uit te bou.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Kerke in die Ooste

4.2.1 *Lanka Reformed Church (LRC)*

4.2.1.1 Opdrag

4.2.1.1.1 Ekumeniese eenheid word met die LRC gesluit, deur met die kerk in korrespondensie te tree.
4.2.1.1.2 Die nuwe Deputate ontvang opdrag om ‘n opvolgbesoek daar af te lê (Acta 2000:222).

Besluit: Kennis geneem.

4.2.1.2 Die Sinode neem kennis

4.2.1.2.1 Die Deputate het geoordeel om na nuwe verwikkelinge eers ‘n waghouding in te neem om te sien in watter mate die situasie ten opsigte van die LRC ontwikkel en ‘n opvolgbesoek af te lê alvorens daar voortgegaan word met korrespondensie.
4.2.1.2.2 ‘n Opvolgbesoek na die vorige besoek in 1999 kon egter nie realiseer uit die beskikbare fondse nie.
4.2.1.2.3 Br. P da Silva van die LRC is wel ontmoet en gesprek het gevolg tydens die sitting van die *ICRC* in 2001. Voortdurende e-pos korrespondensie is ook onderhou.
4.2.1.2.4 Verskeie gesprekke is egter ook gevoer met die GKN(V) en die *Evangelical Presbyterian Church of England and Wales (*EPCEW) wat op hulle beurt ook betrokke is in Sri Lanka. Uit die gesprekke het dit duidelik geword dat die situasie in Sri Lanka uitermate versleg het sedert 2000. As gevolg van baie moeilike omstandighede in die arm land en ook as gevolg van interne probleme, het daar net een ouderling in die kerk oorgebly en is daar nog steeds nie ‘n predikant nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.1.3 Die Sinode oordeel

4.3.1.3.1 Daadwerklike advies, raad en ondersteuning van die LRC is baie belangrik ten einde te keer dat die kerk nie heeltemal kwyn nie.
4.3.1.3.2 Die pogings van die LRC self om by wyse van Bybelskool, Christelike skole en ander evangeliseringspogings hulleself intern te versterk is verdienstelik.
4.3.1.3.3 Insidentele kontak en slakkepos kan nie die gewenste resultate lewer nie, terwyl ‘n besoek ter plaatse meer ondersteuning kan bied.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.1.4 Die Sinode besluit

4.2.1.4.1 ‘n Waghouding word steeds ingeneem ten opsigte van die uitvoering van die opdrag van Sinode 2000 vir ekumeniese eenheid met die LRC.
4.2.1.4.2 Daar word opdrag aan die nuwe Deputate gegee om verdere ondersoek in te stel.

Besluit: Goedgekeur.

4.2.2 *Singapoer*

4.2.2.1 Opdrag

Verdere ondersoek word ingestel na die moontlikheid van ekumeniese bande met die FEPRC in Singapoer (Acta 2000:222).

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2.2 Die Sinode neem kennis

4.2.2.2.1 Dit was nie moontlik om ‘n besoek aan die die *First Evangelical Protestant Reformed Church (*FEPRC) gedurende die afgelope termyn te bring nie.

4.2.2.2.2 Daar bestaan noue bande tussen die *First Evangelical Protestant Reformed Church (*FEPRC) en die *Protestant Reformed Church in America (*PRCA) deur wie se sendingarbeid die FEPRC tot stand gebring is.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2.3 Die Sinode oordeel

4.2.2.3.1 Verdere ondersoek en kontak met die *FEPRC* is gewens. Hierdeur kan ook kerklike kontak met Suid Afrikaanse gesinne gemaak word wat hulle deur die afgelope jare in Singapoer gevestig het.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2.4 Die Sinode besluit

4.2.2.4.1 Daar word opdrag aan die nuwe Deputate gegee om ondersoek in te stel na ekumeniese kontak met die *FEPRC* in Singapoer.

4.2.2.4.2 Die Deputate moet ook kontak maak met die *PRCA* met wie die *FEPRC* noue bande het.

Besluit: Goedgekeur.

4.2.3 *Indonesië*

4.2.3.1 Opdrag

Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49” (Acta 2000:214).

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3.2 Die Sinode neem kennis

4.2.3.2.1 Kontak met die *Gereja Gereja di Mustafir Indonesia (*GGI) is die eerste keer gemaak tydens die *ICRC* in Seoul.

4.2.3.2.2 Afgevaardigdes van die GGI in Timor het ook die *ICRC* in 2001 bygewoon en verskeie gesprekke is met die deputate gevoer, in besonder oor die telematiese leerprogram van die PU vir CHO.

4.2.3.2.3 ‘n Uitnodiging vir ‘n besoek ter plaatse is deur die GGI aan die Deputate gerig.

4.2.3.2.4 Gegewens oor die omvang en sterkte, maar ook die vervolging van Christene in Indonesië, selfs vanweë die Moslem-owerheid, is gevind tydens die bywoning van die REC in 2000. Uit die Masurika Rapport asook vanweë die besoek van ds. Hardjowasito is ‘n beeld gegee van die stelselmatige vervolging deur Moslems en ook van staatsweë veral in die Maluku eilande. Verskeie boodskappe van bemoediging is aan die kerke in Indonesië gestuur asook gesamentlike oproepe saam met die NG Kerk aan president Mbeki om te reageer op die growwe skending van regte in Indonesië. Daar het ongelukkig geen reaksie op laasgenoemde plaasgevind nie.

4.2.3.2.5 Daar is talle kerkverbande in die groter eilande van die meer as 13 000 eilande wat Indonesië vorm, wat van Gereformeerde oorsprong en oortuiging is. Veral op die eilande Sumatra, Java en Timor is sterk groeiende Gereformeerde kerke.

4.2.3.2.6 Die kerke in Timor onderneem ook self sendingwerk onder andere in die Filippyne.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3.3 Die Sinode oordeel

4.2.3.3.1 Die situasie van die kerke in Indonesië is nog grootliks onbekend in die kring van die GKSA.

4.2.3.3.2 Die feit dat die kerke so stelselmatig vervolg word, is verontrustend en verg meerdere aandag en inligting.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3.4 Die Sinode besluit

4.2.3.4.1 Voortdurende voorbidding word vir die kerke in Indonesië gedoen – soos vir ander kerke wêreldwyd.

4.2.3.4.2 Die nuwe Deputate stuur 'n afgevaardigde in antwoord op die uitnodiging van die kerke in Timor daarheen om inligting in te win en ekumeniese kontak te ondersoek.

Besluit: Goedgekeur.

4.2.4 *Kerke in die Filippyne*

Kyk Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Kerke in Europa en Engeland

4.3.1 *Gereformeerde Kerken Nederland (*GKN)

4.3.1.1 Opdrag

4.3.1.1.1 Die Deputate kry opdrag om ekumeniese kontak met die *Samen-op-Weg-Kerke* voort te sit.

4.3.1.1.2 In die gesprek moet onder andere aandag gegee word aan die aanvanklike redes vir die breuk met die GKN, in soverre die redes steeds relevant is.

4.3.1.1.3 Na gelang van die ontwikkeling van hierdie gesprek kan oorweeg word in watter mate die ekumeniese kontak na ekumeniese bande behoort te vorder (Acta 2000:235).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.2 Die Sinode neem kennis

4.3.1.2.1 Kontak is met die afgevaardigdes van die GKN gemaak tydens die sitting van die REC in 2000.

4.3.1.2.2 Die nuwe naam van die kerkverband is: Verenigde Protestantse Kerk Nederland.

4.3.1.2.3 Tans is dit moeilik om op 'n amptelike vlak verdere ekumeniese kontak met die GKN te handhaaf; om die band wat in 1976 verbreek is, weer te ondersoek en op grond van Skrif en Belydenis weer te probeer herstel, omdat hulle Deputate slegs in 'n nuwe eenheidsgroep saam met die *Samen-Op-Weg-Kerke* funksioneer

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.3 Die Sinode oordeel

4.3.1.3.1 Dit blyk dat die GKN in die *Samen-Op-Weg aksie* verder van die kerke in die Gereformeerde tradisie weggroei.

4.3.1.3.2 Vanweë die historiese band met die GKN, wat verlore gegaan het, behoort die Deputate die moontlikhede te ondersoek om ekumeniese kontak met die *Samen-Op-Weg-Kerke* op te neem.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.4 Die Sinode besluit

4.3.1.4.1 Ekumeniese kontak met die *Samen-Op-Weg-Kerke* moet verdere aandag kry.

4.3.1.4.2 Die Deputate moet die volgende sitting van die REC in Nederland bywoon en die geleentheid gebruik om die ondersoek voort te sit.

Besluit: Goedgekeur.

4.3.2 *Gereformeerde Kerken Nederland* (*Vrijgemaakt*) *GKN(V)*

4.3.2.1 Opdrag

4.3.2.1.1 Die GKSA gaan ondanks die jarelange houding van die GKN(V) oor ekumeniese eenheid voort om sy roeping teenoor die GKN(V) na te kom deur hom vir korrespondensie te beywer.

4.3.2.1.2 Aan die nuwe Deputate word opdrag gegee om dit ‘n saak van groot erns te maak om die noodsaaklike ontmoetings te reël; om verby strukturele belemmeringe ‘n pad te probeer vind waarvolgens uitdrukking aan die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die GKN(V) gegee kan word.

4.3.2.1.3 Die GKSA distansieer hom van die VGKSA se beoordeling van die GKSA en praat hierdie besluit in ontmoeting met die VGKSA deur (Acta 2000:226).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2.2 Die Sinode neem kennis

4.3.2.2.1 Verskeie ontmoetings het met die Deputate van die GKN(V) (BBK) plaasgevind, naamlik in ‘n driepartyegesprek gedurende November 2000, tydens die *ICRC* in Junie 2001 en in besoeke van twee Deputate van die GKSA naamlik prof. A le R du Plooy en dr. CJ Smit aan die Sinode van die GKN (V) in Mei 2002.

4.3.2.2.2 Deurentyd het die Deputate van die GKSA die volgende as uitgangspunte tot die gesprek gestel:

(i) Die GKSA het deur die jare die beleid gehandhaaf dat die eenheid van Gereformeerde kerke as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien moet word (Acta, 1970:69).

(ii) Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie…” waardeur alle kerke (onder alle volksgroepe) in gehoorsaamheid aan die Woord van God uiteindelik tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer saamgesnoer kan word” (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).

(iii) Die ekumeniese roeping is dan gerig op “herstel van die eenheid van die kerk’” (Acta, 1967:365).

4.3.2.2.3 Die volgende is as redes vir ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die GKN(V) gestel:

(i) Die GKN(V) handhaaf dieselfde belydenis as die GKSA en dié kerkgemeenskappe het oorwegend ooreenstemmende kerklike praktyke. Dit beteken dat dié kerkgemeenskappe in feite één is (ook erken deur die GKN(V) se Sinode van 1981 te Arnhem en dié van 1990 te Leeuwarden).

(ii) Volgens die GKSA se uitgangspunte vir kerklike eenheid (4.3.2.2.2 hierbo) is kerkeenheid tussen kerkgemeenskappe met dieselfde belydenis in eenheid van leer, diens en tug nie 'n luukse nie, maar 'n Skrifopdrag.

(iii) Die wesenskenmerke van die kerk,

- sy apostolisiteit
- sy katolisiteit,
- sy eenheid, en
- sy heiligheid

dring die kerk om sy eenheid in die sondeverskeurde wêreld sigbaar te maak en dit te beleef. (Joh 17:21-23; 1 Kor 12; Ef 1:22; Hand 15; Gal 2; NGB, artt.27,28)

(iv) Indien besware geopper word wat een of meer van die wesenskenmerke van die kerk van Christus in die gedrang bring, moet daarmee erns gemaak word. Besware van strukturele aard, of wat op ongetoetste bewerings rus, waar die kerklike weg nie gevolg is nie, mag nie ligtelik in die weg van eenheid staan nie – daarvoor weeg die eenheid van die kerk te swaar.

(v) Kerklike eenheid mag nie in die weg gestaan word deur

- historiese verskille,
- verskeidenheid van kerklike etos,
- verskillende metodes in kerklike handelinge,
- interpretasies van ongetoetste eksegese van individuele teoloë, en
- persepsies van verhoudinge met ander gereformeerde kerkgemeenskappe,

m.a.w. kerkverskeurdheid mag nie bevorder word indien die belydenis, d.w.s. die inhoud van die geloof, ooreenstem nie.

(vi) Die eenheid van die liggaam van ons Here is nie opsioneel nie. Dit is die dure roeping van kerkgemeenskappe wat een in hulle geloof is – al sal daar verskille voorkom wat nie die essensie van die eenheid raak nie – om uitdrukking aan hierdie eenheid te gee.

4.3.2.2.4 In die sestiger- en vroeg sewentigerjare het die GKN(V) die volgende as redes gestel waarom ekumeniese eenheid nie kan verwesenlik nie:

(i) Die GKSA se korrespondensie met die GKN.

(ii) Die GKSA se lidmaatskap van die GER.

(iii) Die GKSA se korrespondensie met die NedIGK

Die GKSA het sy korrespondensie met die GKN in 1976 opgehef, sowel as sy lidmaatskap van die GER in 1994.

4.3.2.2.5 Hierna het die GKN(V) die volgende besware geopper:

(i) "De toenemende contacten tussen de GKSA en de CRC in Noord Amerika. Nu weer toenadering zoeken getuigt niet van een profetische blik en een gereformeerde positiekeus."

(ii) "De waarschuwing die de laatste jaren vanuit de VGKSA komt over *opkomende schrifkritiek* binne de GKSA." En steeds:

(iii) Die GKSA se korrespondensie met die NedlGK

4.3.2.2.6 Aldrie die laaste besware is op 2 November 2000 tussen die GKN(V) en die GKSA tot bevrediging van beide partye opgelos:

(i) Die Deputate van die NGK(V) het hulle begrip vir die voortgang van korrespondensie tussen die GKSA en die CRCNA uitgespreek, veral in die lig van die GKSA se besluit op Sinode 2000 in hierdie verband.

(ii) Die beskuldiging van "opkomende Skrifkritiek" in die geledere van die GKSA, deur Deputate van die VGKSA, is in diepte aan die hand van toeligtingstukke van die betrokke teoloë bespreek. Die gesamentlike bevinding was dat verskil in eksegese nie noodwendig Skrifkritiek beteken nie. "Uit die dokumentasie wat voorlê, blyk dat die GKSA nie Skrifkrities is nie" (Notule Driepartyegesprek 2 Nov 2000, 6.4.1). Ook: "Waar 'n klag by die kuratorium gelê word, word die geldigheid van die klag sonder uitsondering vasgestel en die materie word in diepte behandel – soos dit al verskeie kere gebeur het. Hierdie besorgdheid van die VGKSA het dus nie grond nie" (Ibid, 6.3.1). Samevattend: "De GKN(V) zijn akkoord met deze toevoeging (6.3.1), die een weergave is van het commentaar van de deputaten van de GKSA op de bezorgdheid die geuit werd door de deputaten van de VGKSA" (Verslag van de Ontmoeting GKN(V) – GKSA op 3 Oktober 2001, pt. 1).

(iii) Deputate van die GKN(V) het vanweë die historiese verloop en die sendingsituasie in SA waarby die NedlGK betrokke is, sowel as die aard van 'n broederlik-opbouende verhouding tussen dié twee kerkgemeenskappe, begrip getoon vir die korrespondensie wat tussen dié kerkgemeenskappe tot stand gekom het en gehandhaaf word.

Aldrie die genoemde faktore is nie meer as verhinderinge van ekumeniese eenheid aangemerk nie.

4.3.2.2.7 Die Deputate van die GKN(V) het vervolgens by die Sinode van Zuidhorn (Mei 2002) aanbeveel om "met de GKSA een zusterkerkrelatie aan te gaan" op grond daarvan dat

"Onze kerken hebben de GKSA al sinds 1981 erkend als ware kerk van de Here Jezus Christus (GS Arnhem 1981, Acta art.138; GS Leeuwarden 1990, Acta art.122)", en: "Het tripartiete overleg in Potchefstroom op 2 November 2000 heeft bevestigd dat de GKSA het gezag van de Heilige Schrift handhaven en dat ze zorgvuldig omgaan met hun kerklijke relaties."

4.3.2.2.8 Op die Sinode van Zuidhorn, waar prof. A. le R. du Plooy en dr. CJ Smit teenwoordig was, het afgevaardigdes van die VGKSA, 'n "susterkerk" van die GKN(V), ds. P Nel en ds. R Visser alles in hulle vermoë gedoen om ekumeniese eenheid tussen die GKN(V) en die GKSA te verhinder.

(i) Ds. Nel het, ten spyte van die ondersoek en afhandeling van hulle beskuldiging van Skrifkritiek by enkele teoloë van die GKSA op 2 November 2000, veral op hierdie saak gekonsentreer. Die diepte van die argumentasielyn was sodanig dat in die Nederlandse dagbladpers berig is dat "een van de afgevaardigdes vroeg ds. Nel wat presies met Schrifkritiek bedoel is: 'U doet veel stof opwaaien, dat even later ook weer neerdaalt'." En: "Uw argumenten zijn inhoudelijk niet overtuigend, luide andere kritiek." Ook: "Enkele synodeleden spraken

van diepe schaamte, omdat een kerk die als het ware erkend is, opeens in het beklaagdenbank zit."

(ii) Verder het ds. Nel onder die opskrif "Silence about liberalism" beweer: "Not only do we experience a quietness regarding liberalism amongst their own ranks, but also in their relations with their other two 'sister churches' in SA. These churches, the Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) and the Hervormde Kerk van Afrika (Herv. K.) are in a acute state of deformation. One of the deputies talks about a close "brotherhood" that has finally been reached with these 'sisterchurches'." ('n onvolledige en eensydige verwysing na 'n artikel van dr. CJ Smit in *Die Kerkblad*. Ds. Nel verwys na die vierde en vyfde sin van die artikel, maar hy versuim om ook na die sesde sin te verwys waarin gestel word dat ons [die TKK-Deputate – *Rapporteur*] tot die gevolgtrekking gekom het dat "'n eenheidstruktuur op die lang duur tot groter verdeeldheid kan lei.") Op dié wyse is 'n nuwe beswaar teen ekumeniese eenheid gelanseer, naamlik die GKSA se verhouding met die NGK en die NHK - sonder dat die inhoud en meriete daarvan hoegenaamd getoets kon word. Die Deputate het nie vooraf by die GKSA se Deputate vir gesprekvoering met die NGK en die NHK gekontroleer watter standpunte teen en uitsprake oor "liberalisme" deur die jare gemaak is nie. Klem is gelê op die term "die GKSA se susterkerk", 'n term wat nooit amptelik in die GKSA gebruik is nie – en weinig nie-amptelik, om daarmee kennelik in te speel op die konnotasie wat die GKN(V) van die 'susterkerk-term' het, naamlik dié van kerklike eenheid. Hiervolgens is die indruk geskep dat die GKSA 'n kerkverband-verhouding met die NGK en die NHK het.

(iii) 'n Tweede nuwe beswaar teen ekumeniese eenheid wat op die Sinode ingesmokkel is, sonder enige verifiëring en vooraf beoordeling daarvan: "The GKSA is at this moment discussing the issue of accepting the new book of praise, pioneerd by the NGK. This book has no praise however …." Die indruk is geskep dat die GKSA die Liedboek van die NGK en die NHK in sy geheel oorweeg vir gebruik.

4.3.2.2.9 Op aandrang uit die Sinode dat die afgevaardigde van die CGK, prof. Erik Peels, 'n advies moet uitspreek, het hy gesê: "De CGK onderhouden al tientallen jaren een zusterband met de Dopperkerken. Het verwijt van Schriftkritiek heeft in onze kring nooit gespeeld. Wat wij weten van de GKSA is alleen positief te noemen." (Nederlands Dagblad, 21 Mei 2002, p.2).

4.3.2.2.10 Vanweë die tydsfaktor het die Sinode gereseseer om drie weke later sy beslissing te maak. Op 7 Junie het Sinode Zuidhorn by wyse van 'n staking van stemme besluit om die aanbeveling van sy Deputate vir ekumeniese eenheid met die GKSA ("zustersrelatie") te verwerp. Verder is besluit om "wel te streven naar zusterkerk-relaties" en samesprekings met die GKSA saam met die VGKSA te voer.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2.3 <u>Die Sinode oordeel</u>

4.3.2.3.1 Sinode Zuidhorn 2002 het toegelaat dat sake wat reeds op die driepartyevergadering van 2 November 2000 tot bevrediging van die

Deputate van die GKN(V) en dié van die GKSA afgehandel is, opnuut deur afgevaardigdes van die VGKSA voor die Sinode gebring is.

4.3.2.3.2 Sinode Zuidhorn 2002 het ook toegelaat dat nuwe besware teen ekumeniese eenheid met die GKSA voorgelê is, met wanvoorstellings oor Skrifkritiek in die GKSA, die GKSA se verhouding met die NGK en die NHK, en die GKSA se oorweging van die nuwe Liedboek, sonder dat die Deputate van die GKN(V) hoegenaamd in die geleentheid gestel is om hierdie aangeleenthede te kon beoordeel.

4.3.2.3.3 Sonder gravamen teen besluite van die Sinode van Arnhem 1981 (Acta art.138) en dié van die Sinode van Leeuwarden 1990 (Acta art.122), en sonder enige motivering waarom die besluite van genoemde Sinodes oor "zusterrelaties" met die GKSA *de facto* ter syde gestel word, bly Sinode Zuidhorn 2002 in gebreke om die konsekwensies van genoemde vorige Sinodebesluite deur te trek tot erkenning van ekumeniese eenheid ("zusterrelaties").

4.3.2.3.4 Die wyse waarop die GKN(V) oordeel oor die eis van die Skrif en oor die beginsels en kriteria wat die Skrif vir kerklike eenheid stel, die gebrek aan Skriffundering wat die GKN(V) dus aan die dag lê om die roeping tot kerkeenheid uit te voer – wat ook in die gebrek aan Skrifgefundeerde motivering in die besluitneming weerspieël word – wek ernstige besorgdheid op. Die feit dat die GKN(V) deur die loop van meer as dertig jaar telkens die doelpale vir kerklike eenheid met die GKSA verskuif het, telkens nuwe besware geopper het as die voriges beantwoord is, bring hulle beskouing van die Skrif oor kerkeenheid (vgl 4.3.2.2.3; Joh 17:21-23; 1 Kor 12; Ef 1:22; Hand 15; Gal 2; NGB, artt.27,28) en hulle beskouing van die belydenis (NGB, artt.28 en 29) in die gedrang. Die GKSA kan moeilik 'n ander afleiding maak as dat die GKN(V) die Skrifeis vir kerklike eenheid nie werklik met erns bejeën nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2.4 <u>Die Sinode besluit</u>

4.3.2.4.1 Sinode 2003 neem met droefheid kennis dat die Sinode van Zuidhorn 2002 getuienis toegelaat het wat nie vooraf deur sy eie Deputate getoets kon word nie en dat die afgevaardigdes van die GKSA nie inhoudelik en indringend op die getuienis kon antwoord nie. Ook dat die Sinode Zuidhorn, sonder klaarblyklike motivering wat op Skrifbeginsels gefundeer is, besluit het om sy Deputate se goed gemotiveerde aanbeveling vir ekumeniese eenheid met die GKSA, nie as deurslaggewend te beoordeel nie.

4.3.2.4.2 Sinode 2003 neem verder met droefheid kennis dat die GKN(V) die Skrifopdrag tot die eenheid van die kerk van die Here Jesus Christus op hierdie wyse nie uitgevoer het nie.

4.3.2.4.3 Sinode 2003 besluit dat aangesien die GKN(V) sy "streven naar zusterkerkrelaties" met die GKSA daadwerklik wil voortsit, daar oor die GKN(V) se gronde en motiewe, asook hulle begrip van ekumeniese eenheid (korrespondensie), en die voorwaardes en verwagtings daaraan verbonde, geoordeel moet word. Sake wat reeds in gesprekke tussen die twee kerke se deputate afgehandel is moet as afgehandel beskou word. (Vergelyk die notule van die 3 Partye Oorleg van 2 Nov. 2000)

Besluit: Goedgekeur.

4.3.3 *Die Gereformeerde Bond en die Konfessioneel Gereformeerde Beraad*

4.3.3.1 Opdrag

4.3.3.1.1 Die Deputate ondersoek die kerkregtelike vraagstuk van hoe die GKSA ‘n ekumeniese verhouding kan aangaan met konfessionele groep(e) in ‘n kerkgemeenskap.

4.3.3.1.2 Die Deputate kry opdrag om ekumeniese kontak met die GB en CGB te onderhou deur besoeke, gesprekke, uitruil van kerklike tydskrifte en ander gestaltes.

4.3.3.1.3 Die Deputate voer gesprek met die GB en CGB oor die raakvlakke van hulle sendingbetrokkenheid en –belangstelling in Afrika (Acta 2000:236*)*.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.3.2 Die Sinode neem kennis

4.3.3.2.1 Verwysend na 4.3.3.1.1

Die resultaat van die ondersoek kom kortliks daarop neer dat een kerkgemeenskap met ‘n ander kerkgemeenskap, en nie met groepe in kerkgemeenskappe nie, korrespondensie aangaan om op dié wyse kerklike eenheid tot uitdrukking te bring. Dit verhinder kerkgemeenskappe egter nie om met ‘n groep gelowiges binne ‘n kerkgemeenskap ekumeniese kontak te hê nie, met die doel om uiteindelik met daardie kerkgemeenskap ekumeniese eenheid te bereik. Die kerkorde verwoord dit soos volg: “Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak (met kerke en kerklike instansies) …” (art.52).

4.3.3.2.2 Verwysend na 4.3.3.1.2 en 4.3.3.1.3:

Verdere ekumeniese kontak met die GB en die CGB kon vanweë praktiese omstandighede nie gedurende die afgelope termyn voortgesit word nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.3.3 Die Sinode oordeel

4.3.3.3.1 Dit is van ekumeniese belang dat ekumeniese kontak voortgesit word.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.3.4 Die Sinode besluit

4.3.3.4.1 Die opdrag soos in 4.3.3.1.2 en 4.3.3.1.3 word gekontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

4.3.4 *Frankryk*

4.3.4.1 Opdrag

Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49” (Acta 2000:213).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.5 *Hongarye*

4.3.5.1 Opdrag

Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49 (Acta 2000:213).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.5.2 Die Sinode neem kennis

4.3.5.2.1 Dr. CJ Smit het die geleentheid gehad – nie op die kerk se koste nie – om die ekumeniese kontak wat met die Reformed Presbyterian Church of

Central and Eastern Europe (RPCCEE) en die Károlyi Gáspár Institute of Theology and Missions (KGITM) wat in Miskolc gesetel is, voort te sit. Die ontmoeting het in Budapest in Julie 2002 met Rev. Gyula Bagoly (Studentedekaan en predikant van die kerk in Miskolc) en Zsolt Zoltan (evangeliewerker van dié kerk) plaasgevind.

4.3.5.2.2 Hierdie is 'n baie klein kerk wat in Hongarye uit 80 belydende lidmate met 4 predikante en 'n aantal evangeliewerkers bestaan. Daar is 16 sendelinge en 5 studente van dié kerk wat aan die KGITM studeer.

4.3.5.2.3 Die RPCCEE bestaan uit lidmate wat gemiddeld jonger as 35 is. Dié kerk het weggebreek van die staatsondersteunde Hungerian Reformed Church (HRC) wat in die jare van kommunistiese oorheersing met die staat saamgewerk het en wat teologies oorwegend Barthiaans en Bultmaniaans georiënteer is. Die RPCCEE word sterk deur die HRC teengestaan en voer 'n bestaanstryd tussen die HRC met sy 1.5 miljoen lidmate, die Rooms Katolieke Kerk met 6 miljoen lidmate en die Lutherse Kerk met 300,000 lidmate.

4.3.5.2.4 Die RPCCEE handhaaf die Heidelbergse Kategismus, die Second Helvetic Confession en die Westminster Confession of Faith as belydenisskrifte. Hulle Skrifbeskouing is gereformeerd (moontlik ietwat meganies-verbalisties): "We believe that the Bible is holy, inspired in **every** word, altogether **without error** in the original manuscripts …" (Bekendstellingsdokument, p.8, pt.1). Trouens, die opleiding wat hulle predikante by die KGITM kry, is ortodoks-gereformeerd wat leer betref: "We believe that the Gospel of Jesus Christ must be understood in a **Reformed, Calvinistic sense** …" (Bekendstellingsdokument, p.8, pt.2). en die gereformeerde kerkreg kom veral tot uiting in die sterk standpunt oor die gelykheid van die ampte en die drie kenmerke van die ware kerk soos in art.29 van die NGB, maar staan origens in die skadu van die Presbiterianisme ("A truly Reformed Church must be Presbyterian in government" (Bekendstellingstuk, p.8, pt.4).

4.3.5.2.5 Die RPCCEE vind 'n baie sterk aansluiting by die KGITM wat in 1992 deur die Westminster Biblical Missions in Central and Eastern Europe o.l.v. Robert Rapp tot stand gekom het.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.5.3 Die Sinode oordeel

4.3.5.3.1 Ekumeniese kontak met die RPCCEE is wenslik, en indien moontlik ook op akademiese vlak met die KGITM.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.5.4 Die Sinode besluit

4.3.5.4.1 Die ekumeniese kontak wat tot stand gekom het, word waar dit prakties moontlik is, voortgesit.

4.3.5.4.2 Indien dit vir die Teologiese Skool moontlik sou wees om dergelike kontak op akademiese vlak met die KGITM te bewerkstellig, word dit aangemoedig.

Besluit: Goedgekeur.

4.3.6 *Spanje*

4.3.6.1 Opdrag

Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens ar. 49 KO” (Acta 2000:213)

Besluit: Kennis geneem.

4.3.6.2 Die Sinode neem kennis

4.3.6.2.1 Kennis is geneem van die bestaan van minstens vier Gereformeerde gemeentes in onderskeidelik Barcelona en Seville.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.6.3 Die Sinode oordeel

4.3.6.3.1 Die tendens van die ontstaan/herontstaan van Gereformeerde Kerke op Europese bodem (vergelyk ook plekke soos Portugal, Griekeland en Turkye) behoort verder ondersoek te word.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.6.4 Die Sinode besluit

4.3.6.4.1 Die Deputate kry opdrag om ondersoek in te stel na en kontak te maak met nuutgestigte/nuutontstane kerke in Europa.

Besluit: Goedgekeur.

4.3.7 *Gereformeerde Jeug in Londen*

4.3.7.1 Opdrag

Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49” (Acta 2000:213).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.7.2 Die Sinode neem kennis

4.3.7.2.1 Op reis na die *ICRC*, het ds. BCG Fourie in Londen aangedoen met die oog daarop om die situasie van die talle Gereformeerde jongmense te ondersoek in opdrag van die Deputate.

4.3.7.2.2 Kennisgewing is vooraf per vonkpos en in *Die Kerkblad* gegee van die voorgenome blitsbesoek. Talle reaksies het gevolg en bykans 70 vonkposadresse van Gereformeerde jongmense in Engeland is bekom.

4.3.7.2.3 Kontak is met almal gemaak en heelwat het gereageer op die pos. Uiteindelik kon dit realiseer in twee ontmoetings met jongmense by die SA gemeente in King’s Cross en die aand in ‘n erediens in Maidenhead in die kerkgebou van die *United Reformed Church (*URC).

4.3.7.2.4 Verskeie behoeftes het aan die lig gekom, waaronder die belangrikste is aan katkisasiemateriaal vir die jong gesinne wat daar bly en eiesoortige Gereformeerde eredienste.

4.3.7.2.5 Sedertdien is berig gegee van die besoek in *Die Kerkblad* en weeklikse vonkposadresse en versoeke vir aandag vanuit beide Engeland en die RSA stroom steeds in.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.7.3 Die Sinode oordeel

4.3.7.3.1 Die presiese aantal Gereformeerde jongmense en gesinne in Londen en omstreke is onbekend, maar na raming is daar baie meer as die wat kontak gemaak het. So ‘n beduidende aantal mense in die vreemde omgewing onderstreep die behoefte wat daar tans bestaan. Na

beriggewing in *Die Kerkblad* in 2001 stroom daar steeds weekliks adresse en versoeke rakende bediening in Londen in.

4.3.7.3.2 Die behoefte aan eiesoortige Gereformeerde bediening in die vreemde situasie kan in analogie met die situasie in Australië en Nieu Zeeland aangespreek word.

4.3.7.3.3 Kontak met die plaaslike gemeente van die FCS in Epping is gewens, alhoewel dit ver van die middestad geleë is of van die sentra waar die meeste jongmense woon.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.7.4 Die Sinode besluit

4.3.7.4.1 Die nuwe Deputate maak kontak met die FCS oor moontlike Afrikaanse eredienste in Londen of ander geskikte sentra.

4.3.7.4.2 Die Deputate moet voortgaan met besoek(e) en verdere ondersoek, onder meer deur die databasis van adresse uit te brei.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Kerke in Amerika en Kanada

4.4.1 *United Reformed Churches of North America (*URCNA)

4.4.1.1 Opdrag

Verdere ekumeniese kontak word gemaak met NAPARC en die kerke wat daarin verteenwoordig is (Acta 2000:228).

Besluit: Kennis geneem.

4.4.1.2 Die Sinode neem kennis

4.4.1.2.1 Drie indringende ontmoetings met die Deputate van die URCNA, wat weggebreek het van die CRCNA, is gehou. Die eerste deur prof. A le R du Plooy en dr. MJ du Plessis tydens ‘n besoek aan die VSA in 2000 en die tweede deur dr. du Plessis 2001 by die Junie Sinodesitting in Escondido waartydens die URCNA op die wydste vlak van korrespondensie met die GKSA besluit het. Die derde ontmoeting het deur dr. CJ Smit en ds. BCG Fourie tydens die kongres van die *ICRC* in 2001 plaasgevind. Daar het ook gereelde briefwisseling plaasgevind.

4.4.1.2.2 Volledige dokumentasie waaronder die Acta van hulle vorige Sinode, is aan die Deputate gelewer.

4.4.1.2.3 Die volgende is met die Deputate in gesprek opgeneem:

Redes waarom die URCNA weggebreek het van die CRCNA

Die CRC het die kwessie van die vrou in die amp nie op hermeneutiese vlak hanteer nie, maar dit reduseer tot ‘n kerkordelike aangeleentheid en so hulle beskouing van die kerkorde tot ‘n pragmatiese uitgangspunt gereduseer.

Die CRC het Gen 1-3 tot ‘n nie-historiese openbaringsfragment gereduseer.

Die CRC tolereer ‘n beskouing dat God as Vader en as moeder aanbid kan word.

Die beskouing van die CRC van homofilie: Dit behoort as ‘n gawe van die Here gebruik te word waar Hy dit skenk.

Evangelieverkondiging kan ook bloot kenbaar wees in daad-uitdrukkingswyses.

Liturgiese degradering in die CRC om die charismatiese stroming te akkommodeer.

Ekumeniese eenheid met die GKSA

Die afgevaardigdes (wat ook hulle Deputate ekumenisiteit is) kom ooreen met ons dat die GKSA en URCNA een in leer, diens en tug is.

Die wyse waarop die Sinode in Escondido besluit het op bande met die GKSA, kom ooreen met ons wydste vlak van ekumenisiteit, naamlik kontak met die oog op verdere moontlike kontak.
Die besluit om nie nadere bande te vestig nie, is veral geneem op grond van die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en CRCNA. Daar is egter goeie begrip vir die motivering van die GKSA om positief-krities betrokke te bly by die CRCNA in konteks van die historiese agtergrond.
Besluit: Kennis geneem.

4.4.1.3 Die Sinode oordeel

4.4.1.3.1 Die URCNA is 'n ware kerk van die Here wat in elke opsig van leer, diens en tug met die GKSA ooreenstem.

4.4.1.3.2 Daar moet gepoog word om bande van kerklike eenheid (korrespondensie) met die kerkverband te sluit.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.1.4 Die Sinode besluit

4.4.1.4.1 Deputate word na die volgende Sinode van die URCNA gestuur.

4.4.1.4.2 Korrespondensie word die URCNA aangebied.

4.4.1.4.3 Kontak word gehou met die kerkgemeenskappe in NAPARC, onder andere deur kontak met die URCNA.

Besluit: Goedgekeur.

4.4.2 *Orthodox Presbyterian Church (*OPC)

4.4.2.1 Opdrag

Kerklike korrespondensie word formeel aan die OPC aangebied (Acta 2000:236).
Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.2 Die Sinode neem kennis

4.4.2.2.1 'n Skrywe is per pos sowel as per hand aan die OPC gebied waarin korrespondensie aangebied word.

4.4.2.2.2 Ontmoeting het met die Deputate van die OPC gerealiseer tydens die *ICRC* in 2001. Gedurende April 2002 is ook gesprek gevoer met dr. Ed Gross van die OPC wat teruggekeer het na Amerika en onderneem het om die saak van korrespondensie te monitor tydens die Sinode van die OPC in 2002.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.3 Die Sinode oordeel

4.4.2.3.1 Die antwoord van die OPC in verband met korrespondensie word nog afgewag terwyl daar intussen niks aan die huidige of historiese band verander het nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.4 Die Sinode besluit

4.4.2.4.1 Die Deputate moet die korrespondensie afhandel.

Besluit: Goedgekeur.

4.4.3 *Presbyterian Church America (*PCA)

4.4.3.1 Opdrag

Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag "om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49" (Acta 2000:213).
Besluit: Kennis geneem.

4.4.3.2 Die Sinode neem kennis
Kyk Aanvullende Rapport.
Besluit: Kennis geneem.

4.4.4 *NAPARC*
4.4.4.1 Opdrag
Verdere ekumeniese kontak word gemaak met NAPARC en die kerke wat daarin verteenwoordig is (Acta 2000:229).
Besluit: Kennis geneem.
4.4.4.2 Die Sinode neem kennis
4.4.4.2.1 Niemand het in die afgelope termyn 'n vergadering van NAPARC bygewoon nie, maar daar het wel kontak met die individuele lidkerke gerealiseer.
Besluit: Kennis geneem.
4.4.4.3 Die Sinode oordeel
4.4.4.3.1 Kontak met die lidkerke asook met NAPARC self is belangrik en gewens.
4.4.4.3.2 Kontak behoort veral met die *Reformed Church in the United States (*RCUS) opgeneem te word.
Besluit: Kennis geneem.
4.4.4.4 Die Sinode besluit
4.4.4.4.1 Kontak moet met NAPARC onderhou word.
4.4.4.4.2 Kontak moet met die lidkerke, veral die RCUS gesoek word.
Besluit: Goedgekeur.

4.5 Kerke in Australië en Nieu Zeeland

4.5.1 *Free Reformed Church of Australia* (*FRCA*)
4.5.1.1 Opdrag
Aan die nuwe Deputate word opdrag gegee om voort te gaan om ekumeniese kontak met die FRCA te verkry (Acta 2000:229).
Besluit: Kennis geneem.
4.5.1.2 Die Sinode neem kennis
4.5.1.2.1 Kontak kon nie met die FRCA bewerkstellig word nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.5.1.3 Die Sinode oordeel
4.5.1.3.1 Kontak of soeke na kontak met die FRCA word nie gekontinueer nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.5.1.4 Die Sinode besluit
4.5.1.4.1 Die opdrag om ekumeniese kontak met die FRCA op te soek, word nie gekontinueer nie.
Besluit: Goedgekeur.

5. Skakeling met kerkgemeenskappe in die binneland

5.1 *Vrye Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (VGKSA)*
5.1.1 Opdrag
Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag "om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO, art.49" (Acta 2000:213).
Besluit: Kennis geneem.

5.1.2 Die Sinode neem kennis

5.1.2.1 Die versoek is gerig aan die VGKSA om hulle beskuldigings van Skrifkritiek te substansieër en dit op skrif beskikbaar te stel.

5.1.2.2 Na agt maande het hulle ‘n dokument aan die Deputate gelewer wat neerkom op een woord in die kommentaar op die Ou Testament van ‘n GKSA outeur en een sin in die Nuwe Testament in die kommentaar van ‘n ander GKSA outeur. Hierdie dokument is aan die betrokke persone beskikbaar gestel vir kommentaar sodat daar gesprek hieroor kon plaasvind.

5.1.2.3 Die GKN(V) het twee afgevaardigdes na ‘n driepartyegesprek op 2 November 2000 in Potchefstroom gestuur. Die bevinding van hierdie vergadering was dat geen Skrifkritiek bewys kon word nie, maar dat dit ‘n kwessie van verskil in eksegese is.

5.1.2.4 Die VGKSA het egter van hierdie bevinding verskil en ‘n ontmoeting met die Deputate van die VGKSA is gereël om die notule uiteindelik te finaliseer. Die gesprek het hartlik verloop en ander sake van gemeenskaplike belang is verder bespreek.

5.1.2.5 Na die vergadering is daar egter weer ‘n dokument aangebied waarin opnuut gepoog word om Skrifkritiek by die GKSA te bewys. Die versoek was egter dat dit vertroulik hanteer word met dien verstande dat dit nie weer aan die betrokke outeurs gebied word vir reaksie nie en ook nie verder versprei word nie. Omdat die aangeleentheid oor vermeende Skrifkritiek in diepte bespreek is en daaroor besluit is, het die Deputate geoordeel dat die saak as afgehandel beskou word en dat nie verder oor die aangeleenthede gehandel word nie, tensy nuwe substansiële gegewens voorgelê word.

5.1.2.6 Die VGKSA het hulle Sinode gedurende Mei 2002 gehou. Twee weke voor die aanvang van die Sinode was dit duidelik dat die Deputate van die GKSA nie uitgenooi word na die Sinode soos in November 2001 afgespreek nie. Daar is navraag gedoen na die moontlikheid om teenwoordig te wees as die verhouding met die GKSA bespreek word. ‘n Uitnodiging aan die GKSA is eers die aand voor die Sinode ‘n aanvang neem per e-pos ontvang. Op daardie stadium was dit te laat om ‘n afvaardiging te stuur. ‘n Faks is aan die Sinode van die VGKSA gestuur waarin groete oorgedra word en aangedui word waarom ons die Sinode nie kon bywoon nie.

5.1.2.7 Die VGKSA het die Deputate op geen wyse ingelig oor besluite wat hulle Sinode oor hulle verhouding met die GKSA geneem het nie. Hulle het die Deputate hoegenaamd nie ingelig oor hulle beoogde standpuntinname met nuwe en ongetoetste getuienis voor Sinode Zuidhorn van die GKN(V), wat ongeveer ‘n maand later gehou is nie (kyk 4.3.2.2.6).

5.1.2.8 Die Sinode neem kennis van die wyse waarop die afgevaardigdes van die VGKSA opgetree het, sonder om die Deputate van die GKSA vooraf oor die aangeleentheid te ken, in die lig van die broederlike samesprekings wat vooraf tussen die deputate van die twee kerkgemeenskappe plaasgevind het.

5.1.2.9 Die Sinode neem ook kennis van die volgende uitsprake wat deur die afgevaardigdes van die VGKSA op Sinode Zuidhorn van die GKN(V) gemaak is:

“We also engineering a new field, called the work amongst the disenchanted, in which we gather and strengthen “verontruste” churches and members in the reformed churches in SA.”

En: “**Reformation in SA**: The VGKSA is making progress with disenchanted churches and with working towards a united reformed bond of churches in SA. Premature sister relations (with the GKSA) will nullify these initiatives (Voorlegging van die VGKSA op Sinode Zuidhorn).

Besluit: Kennis geneem.

5.1.3 Die Sinode oordeel

5.1.3.1 Die Sinode oordeel met droefheid dat die optrede van die Deputate van die VGKSA ernstige vrae oproep. Waarom het hulle die Deputate van die GKSA nie ingelig oor hulle standpuntstelling op die Sinode van Zuidhorn nie? Waarom het hulle ongetoetste getuienis gelewer waarin wanvoorstellings voorkom oor aangeleenthede wat hulle nie vooraf met die betrokke Deputate van die GKSA gekontroleer het nie (kyk 4.3.2.2.6)? Waarom het hulle nie die Deputate van die GKSA uitgenooi om teenwoordig te wees op hulle Sinode in Mei 2002, waar klaarblyklik ingrypende besluite oor hulle verhouding met die GKSA geneem is nie? Die Sinode oordeel ook met droefheid dat die optrede van die Deputate van die VGKSA, sowel as hulle voorlegging op die Sinode van Zuidhorn, nie in ooreenstemming met die liefdeseis van die Skrif was nie; trouens, dat dit nêrens met Skrifbeginsels begrond en gemotiveer was nie.

5.1.3.2 Die Sinode oordeel met droefheid dat die VGKSA, wat nog altyd deur die GKSA as ‘n “susterkerk” – in die terme van die GKN(V) – behandel en vertrou is, nie die tot standkoming van kerkeenheid gedien het nie, maar met motiewe wat vreemd aan die Skrif is, kerkverskeurdheid bevorder het.

Besluit: Kennis geneem.

5.1.4 Die Sinode besluit

5.1.4.1 Aangesien die VGKSA verdere gesprekke ekumeniese eenheid met die Deputate van die GKSA wil voer, moet die gebeure op Sinode Zuidhorn opgeklaar word.

5.1.4.2 Die Deputate van die GKSA beoordeel (in die lig van die uitsprake wat in 5.1.2.8 aangehaal word) opnuut die VGKSA se gronde en motiewe vir ekumeniese bande, hulle begrip van ekumeniese eenheid en die voorwaardes en verwagtinge daaraan verbonde sonder om weer vooraf afgehandelde sake ter tafel te neem.

Besluit: Goedgekeur.

5.2 *Free Church of South Africa (FCSA)*

5.2.1 Opdrag

Die gesprek met die FCSA word voortgesit met die oog op kerklike eenheid (Acta 2000:237*).*

Besluit: Kennis geneem.

5.2.2 Die Sinode neem kennis

5.2.2.1 Die gesprek met die oog op kerklike eenheid kon vanweë praktiese omstandighede nie vorder nie (vgl ook 2.3.8) hoewel hartlike verhoudings op persoonlike vlak gehandhaaf is.

Besluit: Kennis geneem.

5.2.3 Die Sinode oordeel

5.2.3.1 Die ekumeniese gesprek met die FCSA is van groot belang, omdat die kerkgemeenskap uit die FCS spruit.

Besluit: Kennis geneem.

5.2.4 Die Sinode besluit

5.2.4.1 Die gesprek met die FCSA met die doel van ekumeniese eenheid, word as een van die prioriteite op die agenda van die nuwe Deputate voortgesit.

Besluit: Goedgekeur.

6. Sendingkoördinering

6.1 Opdrag

6.1.1 Die Deputate vir Ekumeniese Sake word gemandateer om, waar dit noodsaaklik blyk, evangelisering in die binneland en buiteland te koördineer (Acta 2000:233).

6.1.2 Die Sinode maak dit deel van die mandaat van die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede om alle sake rakende sendingsamewerking tussen die GKSA en die buiteland te hanteer… Dit sluit in:

6.1.2.1 Afvaardiging na ekumeniese sendingkonferensies waarheen sendelinge van die GKSA genooi word

6.1.2.2 Advies aan plaaslike en buitelandse kerke wat sendingsamewerkingprojekte oorweeg

6.1.2.3 Kontak te behou met kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag staan by sake waarin sendingsamewerking nodig is

6.1.2.4 Daaroor besin of ‘n dokument wat riglyne gee vir sendingsamewerking-ooreenkomste met buitelandse kerke by sending, nie noodsaaklik geword het nie.

6.1.2.5 Die Sinode wys ervare sendelinge aan om deel van hierdie Deputategroep te vorm om hierdie opdragte so effektief moontlik te hanteer (Acta 2000:252).

Besluit: Kennis geneem.

6.2 Die Sinode neem kennis

Kyk Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

7 Sekularisasie

7.1 Opdrag

Die nuwe Deputate kry die opdrag om profetiese getuienis teen sekularisme, in samehang met die post-modernisme, te lewer deur toerustingsmateriaal vir kerkrade en lidmate op te stel en beskikbaar te stel (Acta 2000:233).

Besluit: Kennis geneem.

7.2 Die Sinode neem kennis

7.2.1 Die Deputate het te midde van ‘n druk program nie by hierdie opdrag ook uitgekom nie.

Besluit: Kennis geneem.

7.3 Die Sinode oordeel

7.3.1 Die opdrag hoort nie by die Deputate vir Ekumenisiteit nie, vanweë die aard en omvang daarvan. Die opdrag kan eerder na ‘n ander Deputategroep vir uitvoering verwys word.

Besluit: Kennis geneem.

7.4 Die Sinode besluit

7.4.1 Die opdrag word verwys na ‘n nuwe Deputategroep vir uitvoering.

Besluit: Goedgekeur.

8 Brosjure

8.1 Opdrag

8.1.1 'n Bekendstellingsbrosjure van die GKSA in Afrikaans en Engels saamgestel word … vir bekendstelling en uitbouing van ekumeniese kontak met ander kerkgemeenskappe (Acta 2000:213).

Besluit: Kennis geneem.

8.2 Die Sinode neem kennis

8.2.1 'n Brosjure is saamgestel in oorleg met verskeie belanghebbendes en reeds by verskeie geleenthede gebruik.

Besluit: Kennis geneem.

8.3 Die Sinode besluit

8.3.1 Die brosjure word opgegradeer – met foto's, ens. ter illustrasie.

8.3.2 'n Oplaag van 2 000 word gedruk beskikbaar gestel deur die nuwe Deputate aan alle persone wat kontak maak met ander kerkgemeenskappe.

Besluit: Goedgekeur.

9. Uitnodigings na die Sinode 2003

9.1 Die Sinode neem kennis

Uitnodigings is gerig aan die volgende kerke om waarnemers/afgevaardigdes te stuur na die Sinode 2003:

URCNA	OPC
GKN(V)	VGKSA, RCUS
LRC	Kerke in korrespondensie

Besluit: Kennis geneem.

9.2 Die Sinode besluit

9.2.1 Sittingsreg word aan alle waarnemers gebied met spreekstem en volle sittingsreg aan die afgevaardigdes van die kerke in korrespondensie.

9.2.2 'n Vertaaldiens word beskikbaar gestel vir die afgevaardigdes.

Besluit: Goedgekeur.

10. Perspektief: Terugskouing en Vooruitskouing

Vir 'n geheeloorsig oor die werk van die Deputate: Ekumenisiteit (Buitelands) die afgelope termyn.

Die Sinode neem kennis

Hierdie deel van die Rapport word deur dr. CJ Smit voorgehou. (Opmerking: Alle verwysings is uit Acta 2000.)

Besluit: Kennis geneem.

1. Terugskouing: verantwoording

1.1 Die jaarlikse spesiale kollekte vir Ekumenisiteit Buitelandse Kerke, waarop Sinode 2000 besluit het, het die Deputate in staat gestel om 'n magdom werk op die gebied te doen – meer as wat waarskynlik ooit deur die *GKSA* op die gebied van ekumenisiteit vermag is.

1.2 Die doelwit van die Deputate se opdrag is onveranderd nagestreef deur "die eenheid van Gereformeerde Kerke as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping te sien" (238:10.1.1).

1.3 Hierdie doel is nagestreef deur in die ekumeniese gesprek die universele evangelie uit te dra om kerkgemeenskappe wêreldwyd in gehoorsaamheid aan die Woord van God "tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer op te roep", om in die proses na eenheid ons

roeping tot diens aan ander kerkgemeenskappe uit te voer "en self in wisselwerking met ander Gereformeerde kerkgemeenskappe, waar dit nodig mag wees, steeds self op grond van die Gereformeerde belydenis te reformeer" (238:10.1.2).

1.4 Die volgende opdragte is in oorleg met Ekumenisiteit: Binnelandse Kerke na dié Deputate verwys, omdat dit op hulle gebied val:
   (a) Die Raad van Kapelaansdienste (217:3.6.4).
   (b) Bydraes t.o.v. die Onafhanklike Uitsaai Owerheid *(OUO)* en Christen Netwerk *(CNW)* (218:3.7.4.1; 3.7.4.2).
   (c) 'n Toekomstige moontlike Rustenburg Beraad, of soortgelyke ekumeniese kerkeberaad (218:3.8.4).
   (d) Bywoning van die *SARK* (216:3.5.3; 3.5.4).

1.5 'n Jaarlikse begroting is opgestel waarvolgens eerste sake eerste hanteer is (231:7.3.3).

1.6 'n Geografiese verdeling is gemaak waarvoor bepaalde Deputate spesifieke verantwoordelikhede gekry het.

1.7 Hiervolgens is eerstens die oorhoofse, staande opdragte om ekumenisiteit in stand te hou, uitgevoer (215:3.4.1.1; 3.4.1.2; 3.4.1.3). Oor die uitvoering van die spesifieke opdragte word in die volgende punte 'n oorsig gegee:

1.8 Twee afgevaardigdes het die *ICRC* weer as waarnemers bygewoon. Met 'n hele aantal kerkgemeenskappe wêreldwyd se afgevaardigdes is op die *ICRC* konstruktiewe samesprekings gevoer wat in verskeie gevalle in die proses is om van bloot ekumeniese kontak na ekumeniese bande te vorder. Hier moet spesifiek die *URCNA,* in opvolging van gesprekke wat die *GKSA* se afgevaardigdes in die *VSA* gevoer het, vermeld te word (213:3.1.4.9).

1.9 'n Bekendstellingsbrosjure van die *GKSA* is opgestel en ook op die *ICRC* aan talle kerke se afgevaardigdes beskikbaar gestel (213:3.1.4.10).

1.10 Die kerklike korrespondensie wat die *OPC* amptelik aangebied is, is op die *ICRC* deur samesprekings met die afgevaardigdes van die *OPC* opgevolg (236:4.3), sowel as met dr. Ed Gross van die OPC wat Suid-Afrika besoek het.

1.11 Twee Deputate is afgevaardig om die *REC* in Indonesië by te woon waar perspektief op 'n beduidende deel van die wêreldkaart van Gereformeerde kerke verkry is en waardevolle ekumeniese kontakte opgebou is (3.2.4.1).

1.12 In die afgelope termyn is met al tien kerkgemeenskappe waarmee die *GKSA* korrespondensie onderhou, samesprekings gevoer. Afgevaardigdes is na elkeen van hierdie kerkgemeenskappe gestuur, met uitsondering van die Presbyterian Church in Korea (Kosin), wie se afgevaardigdes op die *ICRC* ontmoet is. (Vir spesifieke vermelding, omdat Sinode 2000 spesifieke opdragte in die verband gegee het (249:4.3), ook na die *RCA, RCJ* en die *CRCNA*). Die kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* in korrespondensie is, is die volgende: die *CGKN, NedlGK, FCS, PCKK, RCJ, RCA, RCNZ, CRCNA, RCB* en die *ERCC*. Van al dié kerkgemeenskappe kan vermeld word dat hulle steeds een in leer, diens en tug met die *GKSA* is, hoewel die gesprek met die CRCNA met vrug voortgesit kan word.

1.13 Die *GKSA* en die *ERCC* (Acta 2000: *CRCZ/KGKK)* het tegelykertyd aan mekaar korrespondensie gebied (220:4.2.4.1.1). Die eenheid tussen die *GKSA* en die *ERCC* het op 'n besoek van afgevaardigdes van die *GKSA* op 'n besonder hartlike wyse tot uiting gekom. Ongelukkig kon die sinode van die

ERCC in 2001 nie bygewoon word nie, omdat die uitnodiging die Deputate te laat bereik het.

1.14 Die opdrag aan die Deputate vir Noodtoestande om die *ERCC* materieel te help, is aan dié Deputate deurgegee (220:4.2.4.1.3).

1.15 Kontak is met die *IRF* wat intussen met die *WFRC* saamgesmelt het, op die nuwe liggaam, die *WRF* gemaak (215:3.3.4). Dr. Flip Buys, wat as waarnemer teenwoordig was, is op die bestuur van die Afrika-konsortium van die WRF verkies. In die Rapport word 'n aanbeveling voorgehou dat die *GKSA* volle deelname aan dié ekumeniese liggaam verkry.

1.16 Aandag is gegee aan lidmate wat hulle in Australië en Nieu Seeland vestig (249:4.1). Die afgevaardigdes van die *GKSA* het betekenisvolle besoeke in dié lande gebring en 'n beduidende bydrae daartoe gemaak om vroeëre lidmate van die *GKSA* in te skakel by dié kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* korrespondensie onderhou – en só meegehelp dat daar nie afsonderlike kerkgemeenskappe tot stand kom nie. Op dié wyse is ook uitvoering aan die spesifieke opdrag oor bystand en ondersteuning ten opsigte van die *RCA* gegee.

1.17 Die opdrag vir besinning oor die verskeie interpretasies van die draagwydte en betekenis van die begrip *korrespondensie* saam met die kerkgemeenskappe in korrespondensie (251:3.1), is op die *ICRC* geopper, waaroor die Interimkomitee van die *ICRC* 'n opdrag ontvang het om dié aangeleentheid onder sy deelnemende kerkgemeenskappe te ondersoek. Op die volgende *ICRC* in 2005 sal 'n rapport hieroor dien.

1.18 Die Deputate het besluit dat dit nie verantwoordelik sou wees om die opdrag vir ekumeniese eenheid met die Lanka Reformed Church *(LRC*) (222:4.3.3.1; 4.3.3.2), vanweë verwikkelinge in dié kerk, tans tot uitvoer te bring nie.

1.19 Die opdrag om d.m.v. gesprekvoering die hermeneutiese uitgangspunte van die *NedlGK* t.o.v. die vrou in die diakensdiens na te gaan, is uitgevoer (418:4).

1.20 Openhartige gesprekke is met die *CRCNA* gevoer oor dié kerk se suiwerheid van Skrifbeskouing, gereformeerde praktyk en hermeneutiek (213:3.1.4.6) deur twee deputate wat afgevaardig is om ook die Sinode van die *CRCNA* by te woon (250:4.4.1–4.4.5).

1.21 Indringende samesprekings met afgevaardigdes van die *GKN(V)* en die *VGKSA* is gevoer oor die faktore wat ekumeniese eenheid verhinder. Dié samesprekings is gekenmerk deur diepgaande besinning – wat tot helder begrip by die afgevaardigdes van die *GKN(V)* gelei het.

Besluit: Kennis geneem.

Die Sinode oordeel

2. Vooruitskouing: kontinuïteitstrategie

2.1 Die één skaduvlak oor die werksaamhede van die Deputate gedurende die afgelope termyn is dat die opdrag om voort te gaan om ekumeniese eenheid met die *GKN(V)* tot stand te bring, na meer as dertig jaar se volgehoue pogings nie geslaag het nie. Die rol wat die deputate van die *VGKSA* hierin gespeel het, het ook nie die proses tot ekumeniese eenheid met die *VGKSA* gedien nie. Indien daar 'n beweging van die kant van een of beide hierdie kerkgemeenskappe kom, moet dit opnuut geëvalueer word.

2.2 Die aansoek om volle deelnemerstatus by die *ICRC* kon vanweë beslissende samesprekings met die *VGKSA* en die *GKN(V)* nie volgens 'n konstitusionele bepaling 'n jaar voor die konferensie ingedien word nie, wat tot gevolg gehad

het dat die aansoek nie kon dien nie. Voorafgaande kontak met Soutpansberg en Middellande oor ‘n gesamentlike aansoek het nie ‘n konstruktiewe besluit van dié twee sinodes tot gevolg gehad nie. Die aansoek vir volle deelnemerstatus aan die *ICRC*, indien moontlik gesamentlik met die genoemde twee sinodes, hoort hoog op die prioriteitslys van die nuwe Deputate.

2.3 Die gesprekke wat met die *CRCNA* gevoer is, was indringend en openhartig, maar moenie as afgehandel beskou word nie. Die broederlik-kritiese benadering, vir groter duidelikheid oor ontwikkelinge in dié kerkgemeenskap in die toekoms, kan met groot vrug behou word. Hierdie voortgesette samesprekings behoort een van die agendapunte op die Deputate se prioriteitslys te wees.

2.4 Ekumeniese bande met die Lanka Reformed Church *(LRC)* moet verder op ‘n konkrete wyse onderhou word met die oog daarop om te kyk hoe dit moontlik tot ekumeniese eenheid kan lei. Indien ‘n besoek of twee moontlik is, veral om bystand met raad en daad te gee, behoort dit as deel van die prioriteitslys te dien.

2.5 Die ondersoek of ekumeniese eenheid met die Christian Reformed Church of Malawi *(CRCM*) ‘n prioriteit is, moet verdere aandag kry.

2.6 Die aanbod vir ekumeniese eenheid aan die *OPC,* waarop nog nie ‘n antwoord ontvang is nie, moet verder as een van die items op die prioriteitsorde opgevolg word.

2.7 Die organisering van Gereformeerde eredienste vir lidmate in Londen moet ondersoek en indien prakties haalbaar, geïmplementeer word.

2.8 Die gesprek met die *FCSA* oor kerklike eenheid – bv. deurdat die *FCSA* as ‘n Klassis by die *GKSA* kan inskakel – moet vir diepte-samesprekings op die prioriteitslys geplaas word.

2.9 Die opdrag om ekumeniese kontak op te bou met die kerke wat van die *CRCNA* weggebreek het (die *NAPARC*-groepering), kon vanweë koste net ten dele uitgevoer word. Slegs met *URCNA* is kontak gemaak. Hierdie kontak moet, waar dit prakties moontlik is, voortgesit word.

2.10 Verdere ondersoek na moontlike ekumeniese kontak met die *FEPRC* in Singapoer (222:4.3.3.3), ook Timor en Indonesië, moet nog afgehandel word indien ‘n bekostigbare geleentheid hiervoor opduik

2.11 Die opdrag om profetiese getuienis teen sekularisme in samehang met die post-modernisme te lewer deur toerustingsmateriaal vir kerkrade en lidmate op te stel en beskikbaar te stel, is nog nie uitgevoer nie (232:9.3) en kan moeilik deur hierdie Deputate behartig word, vanweë die werkslading. Die nuwe Deputate behoort van hierdie opdrag vrygestel te word.

2.12 Die opdrag om voort te gaan om ekumeniese kontak met die Free Reformed Churches of Australia *(FRCA*) te verkry, word op hierdie stadium nie gekontinueer nie. moet deur die nuwe Deputate verder uitgevoer word.

2.13 Ekumeniese kontak met die *Samen-Op-Weg-Kerke*, waaronder die *GKN*, kon nie verder bewerkstellig word nie, maar moet verdere aandag kry.

2.14 Verdere ekumeniese kontak behoort ook opgeneem te word met die Gereformeerde Bond en die Confessioneel Gereformeerde Bond in die Nederlands Hervormde Kerk. Gesprekke oor die raakvlakke van hulle sendingbetrokkenheid en –belangstelling in Afrika moet veral aandag kry.

2.15 Die kontak wat die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort met die Church of Central Africa Presbyterian *(CCAP)* gemaak het, moet verder aangemoedig word – waar nodig moet verdere advies en hulp gegee word.

2.16 Die besoek van twee afgevaardigdes na die Ivoorkus, Kameroen en Benin behoort opgevolg te word – en indien moontlik uitgebrei te word na kerkgemeenskappe in omliggende lande.
2.17 Dit is belangrik om, indien dit finansieel moontlik is, so te beplan dat besoeke gebring word by, of ontmoetings met deputate gereël word van al die kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* korrespondensie onderhou.
2.18 Dit is belangrik dat daar gelykluidendheid in die gereformeerde wêreld kom oor die verskillende interpretasies van die betekenis en draagwydte van die begrip *korrespondensie*. Daarom moet hierdie aangeleentheid verder met kerkgemeenskappe in korrespondensie opgeneem word, afgesien van die uitslag van die *ICRC* se ondersoek.
2.19 Gereformeerde kerke in Afrika moet steeds as 'n prioriteitsopdrag bejeën word.
2.20 Gereformeerdes wat hulle in Australië en Nieu Seeland vestig, moet steeds leiding ontvang om hulle by dié kerkgemeenskappe in korrespondensie met die *GKSA* te voeg.

Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode besluit

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode keur punt 1 goed as uitvoering van die mandaat wat die Deputate ontvang het.
3.2 Die Sinode keur punt 2 goed deur dit aan die nuwe Deputate vir implementering deur te gee, waar dit nie bots met besluite wat die Sinode reeds oor die betrokke sake geneem het nie.
3.3 Vir bepaalde omstandighede, soos die Sinode mag besluit, en vir afvaardigings wat die Deputate mag aanbeveel, vaardig die Sinode na buitelandse kerke af.
3.4 Die Deputate beveel aan dat die Sinode twee afgevaardigdes benoem vir elk van die volgende:
  (a) Die volgende *REC* (waarnemers)
  (b) Die volgende *WRF*
  (c) Die volgende *ICRC*
  (d) Die volgende *TEASA*
3.5 Vir gewone afvaardigings na buitelandse kerke, wat deur kontinuïteit en praktiese omstandighede bepaal word, vaardig die Deputate self af.

Besluit: Goedgekeur.

D. Owerheidsake

1. Opdrag

1.1 Deputate word aangewys om (Acta 2000:488-493, 24)
1.1.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet skakel (soos bv die MVI) te onderhou.
1.1.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by 'n "luisterpos" by die Parlement.

1.1.3 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te tree ten opsigte van die kapelaansdienste en moontlike soortgelyke gevalle (waaronder vrywillige deeltydse kapelane).

1.2 Die Sinode moedig die Partikuliere Sinodes aan om Deputate te benoem vir skakeling met die betrokke provinsiale owerhede.

1.3 Die Sinode roep lidmate op om hulle roeping kragtens die amp van die gelowige ook in landsake getrou na te kom.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

2.1 *Vergaderings*: Van die Deputate van Klassis Boland dien ook as Deputate Owerheid GKSA en het een keer saam met *die Deputate GKSA Ekumenisiteit en Owerheid* vergader (15 Mei 2001 te Yzerfontein). 'n Tweede vergadering van *die Deputate GKSA* het 5 Maart 2002 in Bellville plaasgevind.

2.2 *Skakeling met die regering en ander instansies*

2.2.1 Gesprek met President Mbeki

'n Skriftelike versoek is reeds 21 Augustus 2000 tot die kantoor van die president gerig. 6 September 2000 is ontvangs erken. Op 12 Januarie 2001 is ook namens die *Konvent van Reformatoriese Kerke* in die RSA 'n versoek gerig (met geen reaksie nie). 21 Januarie 2001 e-pos aan skakelpersoon in die kantoor van die President, ene me Michelle Ntombela met die versoek om 'n aanduiding te gee wanneer die President moontlik 'n afvaardiging sal ontmoet. Op 21 Februarie 2001 is twee faksberigte 'n uur na mekaar ontvang. Die eerste faks berig: "The President is unable to honour your request due to prior commitments." 'n Uur later kom die tweede berig dat die President nie beskikbaar is nie, maar dat ons op skrif kan stel wat ons agenda is.

2.2.1.1 Bevinding

Nadat oor die (nie) haalbaarheid van 'n gesprek met die president van die RSA besin is, is besef dat ander weë van kommunikasie gevind en gevolg sal moet word. Die volgende strategie moet oorweeg word twv 'n nuwe benadering om werklik invloed uit te oefen, asook om 'n positiewe beeld van die GKSA uit te bou, nl.: Gebruik web-tuiste, gee inligting omsigtig en strategies deur per e-pos, sake gereeld in dagpers, multi-dimensionele aanbied van sake aan die regering, verkry data-basis van kundigheid van kerke en van kontakpersone by die pers/radio, benut sinvolle geleenthede om sake te beklemtoon, benut bestaande kommunikasieweë oor-en-oor en skakel met en gee gegewens deur aan mindere vergaderings.

2.2.2 Parlementêre 'luisterpos' en kerklike lessenaar

Kragtens die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in die RSA, is dit *"die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in* voorkomende *gevalle as kerk van Christus voor die Owerheid te getuig"* (vgl GKSA KO, art.28).

Die Kerk van die Here Jesus Christus het dus 'n profetiese roeping en funksie ten opsigte van die Owerheid én die Christene én die kerke om te vervul. Alhoewel die Bybel geen politieke handboek en resepteboek is wat konkrete politieke modelle voorskryf nie, het die kerk kragtens sy profetiese roeping 'n funksie om die beginsels ten grondslag van bestaande en voorgestelde politieke modelle, aan die Bybelse beginsels en norme te toets. Daarmee maak die kerk geen keuse vir 'n bepaalde politieke model nie en verbind hy hom ook nie aan 'n model van politieke denke nie. Voordat daar politieke modelle was, was die Bybelse beginsels reeds daar –

beginsels soos naasteliefde, reg en geregtigheid, menswaardigheid, selfrespek, orde en stabiliteit.
Die Nasionale Sinode (GKSA 2000) het die konsep van ‘n parlementêre lessenaar en ‘luisterpos’ goedgekeur. Verskeie samesprekings is gevoer met dr. Ben du Toit, Direkteur vir Kommunikasie en Inligting van die Algemene Sinode van die NG Kerk. Onderhoude is ook met mnr. Cassie Aucamp (voorheen VDM in GKSA), leier van die AEB, gevoer. Hy het vir die parlementêre lessenaar sy kantoorfasiliteite by die parlement asook sy dienste om as fasiliteerder op te tree, aangebied. Die logistiek word nog verder verfyn. Onder andere sal (waar nodig) met staatsdepartemente en portefeulje komitees van die Parlement geskakel word. As die kerk eers wil getuig wanneer wetsontwerpe in die Nasionale Vergadering gestel word, is die spreekwoordelike koeël reeds deur die kerk.

2.2.2.1 Visie van die parlementêre lessenaar

Om die koninkryk van God in die samelewing te dien.

2.2.2.2 Die monitering van die wetgewende proses, saam met ander Christenrolspelers in die Christenfamilie, om toepaslike bydraes te lewer in die formulering van wetgewing, met die doel om uitvoering te gee aan die visie en om die totale staatsbestel, in besonder die wetgewende proses te bly toets aan die lig van die Skrif.

2.2.2.3 Veranderde speelveld

Panta rei (alles vloei en is veranderlik), het die Griekse filosoof Heraclitus gesê. Verandering is die enigste konstante. Die ingrypende veranderinge en verskuiwings wat sedert 1994 op die terrein van die politiek – en daarmee saam op die wyse van kerklike getuienis – ingetree het, moet in die gesprek met die owerhede verseker in ag geneem word. Gebeur dit nie, bly Kerk en Staat totaal buite mekaar se *'praat- en hoorafstand*'!
Dit het toenemend duidelik geword dat die tradisionele werkwyse wat tot 1994 deur die *Deputate vir Gesprek met die Owerheid* gevolg is, indringend hersien moes word. Dit het ‘n uiters moeisame proses geword met soms twyfelagtige tot niksseggende eindresultaat. Die *status en rol van die kerk* in ‘n gesekulariseerde samelewing wat gestruktureer word deur ‘n vrye (liberale) demokrasie het verander. Suid-Afrika se wetgewende, wetstoepaslike en regsplegende prosesse word deur ‘n *Grondwet en Handves van Menseregte* bepaal. Sake wat hier veral van belang is, is die reg tot godsdiensbeoefening, (godsdiensvryheid), vryheid van spraak en die reg van die individu.
Die vraag is dus*:* hoe moet die kerk van die Here Jesus Christus sy getuienis laat hoor in die veranderde politieke bedeling? Die tradisioneel-reformatoriese kerke ervaar gesagsverlies en funksieverlies. Die ‘stem’ van die kerk – net omdat dit die kerk is wat praat – word nie meer as gesagvol (soos vroeër) ervaar nie. Die strategie van inspraak by sogenaamde *'vriende in verantwoordelike kringe'* (soos in die vorige bedeling) is nie meer ‘n werkbare opsie nie. Afgesien daarvan dat genoemde kerke gekontamineerd is (en volgens alternatiewes 'besmet' is) vanweë *nie-veroordeling* en stille en/of aktiewe kondonering van 'apartheid' in die verlede, is die ANC-regering se beleid dié van 'n sekulêre owerheid. Teen hierdie agtergrond moet die gesprek met die Owerheid nie al meer beperkend word nie, maar dramaties uitgebrei word deur nie net op die sogenaamde topvlak (nasionaal) te getuig nie, maar die gesprek uit te brei na alle geledinge – dus, nasionaal, provinsiaal en munisipaal.

2.2.2.4 Dienskneg én Gesant

In sy getuienis moet die kerk eerder pro-aktief as reaktief wees. Daarom is die styl van die kerk om krities-keurend te wees en nie aggressief-konfronterend nie. Met 'n

'fight back' mentaliteit word weinig bereik. Die getuienis moet gedra word deur 'n *beslistheid*. Dit moet duidelik en oortuigend wees en geen kruiperige gedienstigheid nie. *Dienskneg*gestalte, ja. Daarom "*dienswillige die uwe*". Maar ook *gesant.* Daarom ook: *"so sê die Here"* met 'n duidelike boodskap vanuit Skrif en Belydenisskrifte.

2.2.2.5 Deelname aan die staatkundige proses

Voordat 'n wetsontwerp in die parlement ter tafel geneem word, het dit reeds 'n bepaalde proses deurloop. Om 'n saakmakende rol te speel, is die uitgangspunt en styl van die Deputate wat met die Owerheid praat, om toe te sien dat kerklike inspraak deel van die *proses* moet wees (waar van toepassing) in die besinning oor die tersaaklike beginsels. Deur die aanbieding van beskikbare kundigheid in 'n vroeë stadium (aan veral Staatsdepartemente maar ook aan Portefeulje-komitees – die eintlike enjinkamer van die wetskrywende proses – kan veel meer bereik word as deur by nabaat insette te probeer lewer. Gesprekvoering ('lobby', wandelganggesprekke) met LP's wat die Christelike waardes deel, is 'n strategiese weg om te volg. Skakeling met NGO's is belangrik, asook insette by die sg "*public hearings*". Om te "*netwerk*", is ook 'n belangrike funksie van 'n kerklike advieslessenaar ('luisterpos').

Die Deputate se benadering oor 'n parlementêre 'lessenaar' is dus:

a) om kundigheid oor aspekte van sekere wetgewing en sake waaroor die kerke 'n getuienis behoort te lewer wanneer staatsdepartemente konsepwetgewing opstel, aan te bied; en
b) om op ad hoc basis met politici te kommunikeer ('lobby', wandelganggesprekke) oor die kerk se standpunte. Die gesindheid moenie *aggressief-konfronterend* wees nie maar *krities-keurend*.

2.2.2.6 Plaaslike kerke en die amp van die gelowige

Die kerk van die Here Jesus Christus lewe in sy plaaslike openbaring. Om die 'stem' van die plaaslike kerke 'stil te maak' deur nét deur die Deputaatskap van die Nasionale Sinode te 'praat', is nie die gees en bedoeling van die Skrif nie.

Daarom die versoek dat wanneer kerke 'n beroep op die Deputate doen om namens die Gereformeerde Kerke met die Owerheid in gesprek te tree, om hulleself ook direk tot die Owerheid te rig. Dit moet immers nie net amptelike verteenwoordigers (Deputate) van die GKSA wees wat 'stem' laat hoor nie. Soveel as moontlik moet die 'stem' van die gemeentes en van lidmate – in hulle hoedanigheid as landsburgers, maar by uitstek kragtens die amp van die gelowige – ook gehoor word.

Die profetiese roeping van die kerk is nie alleen om teenoor die owerhede te getuig nie, maar om ook pastoraal-profeties te fokus op die gelowiges, die lidmate self. Afgesien van die Deputate se primêre taak – om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika (en waar nodig ook met ander owerheidsinstansies) te skakel – behoort hulle hulle pertinent daarop toe te spits om gelowiges toe te rus om hulle plig as landsburgers, maar boweal as gelowiges, effektief na te kom deur 'n duidelike getuienis oor aktuele sake tot die owerhede op die verskillende vlakke te laat uitgaan.

2.2.2.7 Identifiseer, inisieer en kommunikeer

Dit is dus op die agenda van die Deputate wat met die Owerheid skakel om belangrike sake wat tans aktueel is en in die afsienbare toekoms gaan wees, te *identifiseer.* Voorts, om 'n *inisiërende* rol te speel deur kundiges oor sulke sake, Bybelgetroue populêr-wetenskaplike memoranda en/of inligtingstukke te laat opstel. Kennis van veral sekere funksieterreine is vir die kerke baie belangrik, bv onderwys, gesondheid, maatskaplike dienste, menseregte en -pligte, groepregte, orde en stabiliteit. Hierdie stukke/memoranda moet met die Owerheid en ander plaaslike besture (waar van toepassing) gekommunikeer word (*kommunikerende* rol). Maar

méér as dít – dit moet ook tot beskikking gestel word aan almal wat belangstel (en nie belangstel nie). So kan die gelowiges bemagtig word om hulle stem op ‘n gepaste en saakmakende wyse te laat hoor.
Daarom dat die Deputate ook ‘n proses probeer (met beperkte finansiële vermoë) fasiliteer om tot hulp van die gelowiges en die kerke te wees deur hulle met kundigheid en inligting te bemagtig in die besinning oor die tersaaklike beginsels en aktuele sake van die tyd. Meganismes in hierdie verband is onder andere: herderlike briewe (van kerkrade, klassisse en/of die sinode); *Die Kerkblad* en gemeentes se nuusbriewe. Dit kan kerkrade toerus om bespreking oor aktuele sake te stimuleer en waar noodsaaklik op aksies van optrede te besluit. Beriggewing in die openbare media oor die GKSA se doen en late behoort verseker ook meer aandag te geniet (en nie net elke drie jaar tydens Sinodesittings nie). Die openbare profiel van die kerk is tog van die uiterste belang om “sout vir die aarde en lig vir die wêreld” te wees (Matt 5:13,14).
‘n Benadering van betrokkenheid kan ongetwyfeld op weerstande stuit. Dit gaan sonder meer dwars in teen die neiging van heelwat lidmate in die verlede, en ook tans (sy dit om verskillende redes en op verskillende maniere). Waar daar voor 1994 by sommige ‘n tendens was om kritiekloos sake aan die regering van die dag oor te laat (behalwe op stemdag), is die versoeking tans om met ‘n gevoel van magteloosheid jou aan die landsake te onttrek. Die apatiese en defaitistiese houding van baie mense is pynlik ontstellend. God gebruik meermale praktiese omstandighede om ons na die beginsel terug te bring. Daar word heelwat gepraat oor die verval van die amp van die gelowige – die amp sonder portefeulje. Hier is ‘n manier om dit minstens op die terrein van burgerpligte te laat herleef.

2.2.2.8 Ekumeniese vennootskap

Al is dit so dat die krag en gewigtigheid van die kerk se getuienis deur die *inhoud* gedra moet word, werk die koppe van bewindhebbers nie altyd so nie. Dit is dus vanselfsprekend dat hoe groter die belangegroep (constituency) is namens wie die voorlegging gedoen word, hoe ‘swaarder’ sal die waarde daarvan weeg. Hoe groter die kerke se lidmatetal, hoe sterker die getuienis. Hoe meer (deurdagte) memoranda en fakse op die tafel beland, hoe doeltreffender. Daarom is daar groot wysheid in om die medewerking en 'vennootskap' van kerke en geloofsgroepe (in soverre as wat moontlik en verantwoordbaar is), te verkry.
Om ‘n saakmakende rol te speel, is die omvang van monitering van aktiwiteite van die regering – al is dit net ten opsigte van sekere funksies waarby die kerk meer belang het – van so ‘n groot omvang dat dit nie op ‘n lukraak manier doeltreffend gedoen kan word nie. Om maar enkele voorbeelde te noem: skakeling moet met Staatsdepartemente bewerkstellig word; alle tersaaklike beleidsdokumente moet bestudeer word; ook moet belangrike koerante, die Staatskoerante (waarin aankondigings, uitnodigings vir kommentaar en wetsontwerpe gepubliseer word) bestudeer word.
Dit is duidelik dat om skakeling met die Owerheid suksesvol te hanteer, nie doeltreffend deur net een ‘*ankerpersoon’* (bv ‘n emerituspredikant) vervul kan word nie. ‘n Databank van kundiges om vanuit Christelik-etiese waardes op ‘n ad hoc-basis konsepwetgewing te moniteer, moet opgestel word. Die daarstelling van sodanige databank is ‘n saak wat die ernstige aandag van die kerk en sy lidmate verdien.
Die Sinode van 2000 het aan die Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid opdrag gegee om *“waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die*

skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by 'n 'luisterpos' by die Parlement."
Die Algemene Sinode van die NG Kerk het 'n sinodale leraarspos – *Direkteur vir Kommunikasie* (dr Ben du Toit, Kaapstad). Deel van sy pligstaat is om wetgewing te moniteer, aksies van optrede te inisieer, kundigheid 'in te koop' en inligting te kommunikeer. Die Deputate GKSA is met die NG Kerk in gesprek en ondersoek die haalbaarheid van 'n samewerkingsooreenkoms op ad hoc-basis.
Die *Wes-Kaapse Alliansie vir Reformatoriese Kerke* [Gereformeerde Kerke in die Klassis Boland, NG Kerk Wes-Kaap en Ned Hervormde Kerk Wes-Kaap] is in gesprek met die Wes-Kaapse Wetgewer.
Die *Konvent van Reformatoriese Kerke* (met 18 hoofstroom reformatoriese kerke aan boord) kan 'n 'indrukwekkende' gespreksforum by die Nasionale Regering.
Waar van toepassing is daar geskakel met die lessenaars van Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (bestaande uit een-en-'n-half pos) en die Rooms Katolieke Biskoppe Raad (bestaande uit vier persone) wat die monitering van wetgewing doen.

2.2.2.9 Gesindheid

Dit is 'n deurlopende leerproses vir almal; selfs vir diegene wat reeds 'n geruime tyd in die wetgewende proses betrokke is. Ook die regeringsinstansies soek dikwels hulle pad nuut vorentoe. Oor die algemeen is daar groot waardering dat die kerk betrokke raak. Tot dusver is die GKSA (saam met die ander hoofstroom kerke) se betrokkenheid nog net met blydskap in parlementêre kringe begroet.
Die onderliggende gesindheid van die gesprek met die owerhede (op munisipale, provinsiale en nasionale vlak) is en moet te alle tye wees:

- om die welwese van die Koninkryk van die Here Jesus Christus te dien;
- om in die gees van die Woord van God, die gereformeerde belydenis en kerkorde (vgl KO art 28) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in die vrees van die Here, die guns van die Owerheid jeens die Christelike evangelie op te wek en te behou in belang van die kerke en die samelewing;
- om korrespondensie met die Owerheid te onderhou en om die nodige medewerking van die Owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die Owerhede te getuig.

Die Evangelie van die Here Jesus Christus is so groots, so besonders, so uniek, so kosbaar en heerlik dat dit nié êrens in 'n hoekie mag bly nie (vgl Hand 26:26)! Dit moet uit, die wêreld in … ook na die owerhede – nasionaal, provinsiaal en munisipaal – tot eer van die Drie-enig God!

2.2.3 <u>Gesprek met Parlementariërs</u>

Een van die belangrikste sake waarin die kerke met die oog op 'n profetiese getuienis en sinvolle insette betrokke kan raak, is om pro-aktief kommentaar en voorleggings te lewer oor beoogde wetgewing. Selfs fisiese teenwoordigheid met die oog op "lobbeying" (wandelganggesprekke) van invloedryke rolspelers kan soms vrugbaar wees. Om dit sinvol te kan vermag, is dit noodsaaklik om 'n kontakpersoon of twee uit die geledere van LP's by enkele sleutel-portefeuljes te identifiseer. Hierdie LP's is versoek om enige aangeleentheid binne sy portefeulje wat vir die kerke van belang kan wees, onder die aandag van die verteenwoordigers van die onderskeie kerke (NG Kerk, GKSA en die Ned Herv Kerk) te bring, en om hulle behulpsaam te wees by die monitering van sodanige aangeleenthede.
Saam met die Ned Geref Kerk van SA (Algemene Sinode) en die Ned Hervormde Kerk is 'n adviesgroep van Christenparlementariërs van reformatoriese belydenis saamgeroep (oor party politieke grense heen) om wedersyds mekaar te hoor en te beïnvloed. Sodanige ontmoetings het Donderdag 13 September 2001 en Woensdag

15 Mei 2002 in Kaapstad plaasgevind. ‘n Kleiner werkgroep om die kerke by te staan, is deur hierdie adviesgroep vrywillig onder mekaar georganiseer.

2.2.4 Parlementsopening – Ekumeniese gebedsgeleentheid

Met die opening van die parlement in Kaapstad neem die deputate via die Wes-Kaapse Alliansie van Reformatoriese Kerke deel, in samewerking met die SARK se parlementêre lessenaar én die Rooms Katolieke Kerk se Raad van Biskoppe. Dit is ‘n *ekumeniese gebedsgeleentheid* waartydens kerkleiers van die onderskeie deelnemende denominasies optree met Skriflesing en gebed. Die persentasie bywoning deur parlementariërs is power. Die plek van aanbidding roteer jaar tot jaar tussen die geboue van die NG (Groote) Kerk Kaapstad, Metodiste Kerk Groentemarkplein, St George’s katedraal Anglikaanse Kerk en die St Mary’s Roomse katedraal, Roelandstraat.

2.2.5 Skakeling met ander instansies

Op uitnodiging het die voorsitter (Deputate Owerheid) en soms vergesel deur ds Rodney van Wyk (Grassy Park) die volgende byeenkomste bygewoon:

2.2.5.1 12 Maart 2001. Ontmoeting met mnr Hennie Bester, Minister van Veiligheid, Provinsiale Wetgewer. Kaapstad.

2.2.5.2 9 Junie 2001. Konferensie te Kaapstad. *Western Cape Provincial Council of Churches*

2.2.5.3 2 Mei 2001. Ontmoeting van Christenleiers van die Metropool Kaapstad. Die byeenkoms was gereël deur *Consultation of Christian Churches – CCC*. Ongeveer 60 kerkleiers was teenwoordig. Dit was ‘n ekumeniese byeenkoms van Christelike belydenis oor ‘n breë spektrum – van Gereformeerd tot Anglikaans en Rooms Katoliek. Kelvin Grove, Nuweland.

2.2.5.4 Samesprekings met *Wes-Kaapse Alliansie van Reformatoriese Kerke* (WARK)

2.2.5.5 Byeenkoms van Christene op Nuweland, Kaapstad : 21 Maart 2001. Van die Deputate wat teenwoordig was, is van oordeel dat in totaliteit gesien, die uitkoms van die byeenkoms besonder positief is. Ongeveer 60 000 het die byeenkoms bygewoon. ‘n Soortgelyke byeenkoms word jaarliks in die vooruitsig gestel.

2.2.5.6 28 Mei 2001. Eendag-werkswinkel (ekumenies; bygewoon deur 43 persone*).* Onderwerp: *“Kerk en Staat in Suid-Afrika Vandag”.* Byeengeroep deur NGK Kerk (Algemene Regskommissie en Direkteur Inligting) in Pretoria. 25 en 26 Oktober 2001. Konferensie “*Kerk en Staat in Suid-Afrika*”. Byeengeroep deur NGK Kerk (Algemene Regskommissie en Direkteur Inligting) te Stellenbosch.

2.2.5.7 By geleentheid van die herdenking van die reformatoriese Christelike ‘planting’ 350-jaar gelede (naweek van 6 April 2002) het dr. MJ du Plessis (voorsitter Deputate Ekumene) die *groetewoord* namens die GKSA in die NG Kerk (Groote Kerk), Kaapstad, gedoen. Dr. PW Bingle het tydens die erediens ook in die liturgie deelgeneem.

2.2.5.8 Operation Sunrise Africa

Die voorsitter van die Deputate Owerheid het as waarnemer verskeie beplanningsvergaderings van een van die grootste *uitreikaksies* in die geskiedenis, naamlik Operation Sunrise Africa, bygewoon. Die hoofdoel van die aksie is om die boodskap van hoop en vrede op konkrete wyse aan miljoene mense te bring. In Suid-Afrika is op vyf gebiede gefokus, naamlik Johannesburg, Durban, Kaapstad, Tshwane en die Ermelo-distrikte.

Ofskoon die hoofprojek op die vyftig dae van 1 Junie tot 19 Augustus 2002 toegespits was, was alle moontlike organisasies en strukture versoek om vooraf bestaande of nuwe projekte met Operation Sunrise Africa te laat saamval. Verskeie skole, kerke, maatskappye, sportorganisasies en individue het hulle daartoe verbind om mense se lewens te help verander ten einde 'n positiewe kyk op die toekoms te verseker. Een van die belangrikste mikpunte van die projek was om in die stedelike gebiede die oorsprong van die simptome van 'n magdom probleme wat Suid-Afrika teister, aan te pak asook om hoop te bied aan almal wat onder die gevolge van werkloosheid, armoede en geweld gebuk gaan. Dit gaan om 'n gesindheidsverandering. Gevolglik was Suider-Afrika getuie van mense wat oral op die vasteland opgeroep was vir dae van gebed en gebedsbyeenkomste. Die organiseerders het daarna gestreef om binne 50 dae, 10 miljoen mense in 5 stedelike gebiede met die evangelie van Jesus Christus te bereik. Die volgende taakgroepe het gefunksioneer: skooljeug, studente, sport, taxi's, gevangenisse, polisie, sakesektor, musiek en kunste, MIV. Die kerke is veral betrokke by armoede en getuienis oor Christelike waardes.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.6 Verklaring oor die MIV-Vigspandemie

Na aanleiding van 'n skrywe van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Stellenbosch het die Alliansie van Reformatoriese Kerke (WARK) 'n gemotiveerde standpunt oor die Vigs-pandemie in oorleg met prof. JH van Wyk (TSP) en prof. Tinus Kruger (Mediese Skool Tygerberghospitaal) mediese kundige op dié gebied opgestel en aan die media uitgereik (Februarie 2002). Die Sinode word versoek om ook eienaarskap daarvoor te aanvaar.

STANDPUNT OOR DIE MIV-VIGSPANDEMIE

KENNIS IS GENEEM VAN –

- die sorgwekkende afmetings wat die pandemie van vigs in ons land aangeneem het en steeds aanneem
- die kerke se gebrekkige rol ten opsigte van een van die grootste krisisse wat ons land nog ooit getref het
- die verwoestende effek wat vigs uitoefen op die gesinslewe (ouerlose kinders), die beroepslewe (verminderende arbeidskorps) en die mediese diens (oorlading by dokters en hospitale)
- die berekening dat tans ongeveer 3.5 miljoen mense in die RSA geïnfekteer is, met 'n sterftesyfer van 90 000 in 2002 (en 'n projeksie van 383 000 sterftes in 2005); die vooruitskatting dat daar teen 2010 tussen 6 en 7.5 miljoen mense vigsverwante siektes onderlede sal hê
- die toenemende armoede en magteloosheid in agtergeblewe gemeenskappe waar vigs 'n welige teelaarde vind
- 'n samelewing waarin die morele waardes verlaag en waarin seksualiteit te dikwels gekenmerk word deur begeersug, genotsug en magsug
- die landsregering se oënskynlike onvermoë om die vigs-pandemie op betekenisvolle wyse die hoof te bied en dat die persepsie geskep is dat 'n pro-kondoomveldtog sogenaamde 'veilige' seks sal waarborg en dat die persepsie bestaan dat 'n 'pro-kondoom'-veldtog sogenaamde veilige seks waarborg

- die gevaarlike mites wat onder sekere mense oor vigs bestaan en wat gelei het tot verkragting van kinders

'N BEROEP WORD GEDOEN OP –

- **landsburgers**, en in besonder Christene, om Christelike morele waardes na te streef en uit te leef, ook op seksuele gebied
- **die jeug**, om te besef dat daar geen *veilige seks* bestaan nie, maar slegs *verantwoordelike seks* binne die raamwerk van die *monogame* huwelik. Seksuele losbandigheid is nie alleen 'n hoë risiko nie, maar ook teen die wil van God
- **ouers**, om aan hulle kinders 'n voorbeeld te stel van 'n verantwoordelike seksuele lewe en om hulle kinders daarin op te voed
- **opvoeders**, om in hulle omvattende opvoedingstaak kinders en jongmense voortdurend te wys op die gevare van vrye seks en 'n immorele lewe
- **mediese personeel,** om voort te gaan met navorsing ten einde die beste voorkomende of genesende middel te vind, asook om vigspasiënte met sorg, deernis en waardigheid te behandel
- **die sentrale owerheid** om MIV-VIGS tot 'n *aanmeldbare siekte* te verklaar ten einde MIV-VIGS-pasiënte doeltreffend te identifiseer en te behandel. [Hierdie beroep het besondere betrekking op situasies van gedwonge saamgroepering van mense, soos veral in hostelle en in gevangenisse waar homoseksualiteit en verkragting 'n hoë risiko is].
- **die lands- en provinsiale regerings**, om met nog groter doelgerigtheid alles in die werk te stel om deur middel van voorligting, voorsorg, finansiële voorsiening en voorkomende maatreëls die pandemie te probeer stuit sodat ons 'n gesonde samelewing mag hê
- **die kerke**
  – om te waarsku teen stigmatisering, diskriminering en verwerping van MIV-positiewe persone;
  – om in die gesindheid van die liefde van Christus 'n veilige hawe te wees waar MIV-positiewe mense en vigslyers en hulle naasbestaandes die grootste vrymoedigheid het om hulle status bekend te maak;
  – om deur middel van morele voorligting (aan veral jongmense), pastorale begeleiding en diakonale versorging van vigspasiënte en weeskinders die genesende krag van die evangelie in die samelewing sigbaar te maak;
  – om as vennoot formeel betrokke te raak by multi-dissiplinêre aksies om vigs te voorkom en te bestry;
  – om te offer ten einde ook finansieel 'n beduidende rol te speel
- **die media** om nie advertensieruimte vir prostitusie te gee nie aangesien prostitusie teen die wil van God en sy Woord is én ook vanweë die direkte verband tussen prostitusie en MIV-VIGS-besmetting
- **die samelewing** om die die owerheid se MIV-VIGS-program **A** ("abstinence") en **B** ("be faithful") te ondersteun en te bevorder

Besluit: Goedgekeur.

2.2.7 Belasting op kerklike eiendom

Wetgewing is goedgekeur dat kerke wat meer as R25 000 wins maak deur sakebelange (bv verhuring van saal, parkeerareas ens) op en vanaf kerklike eiendomme belas sal word. Aansoek met motivering as "NGO" kan gedoen word vir

vrystelling van belasting. Doen dit betyds. Dit kan groot implikasies hê vir die kerke. Die Admin Buro is ook gevra om kerke te adviseer.
Besluit: Kennis geneem.

2.2.8 Geweldskultuur in Suid-Afrika

Reeds vir 'n lang tyd is geweld deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Na die demokratiese verkiesings in 1994 was daar by baie die hoop dat 'n vreedsame samelewing sal volg. Die euforie van vryheid het egter losbandigheid meegebring. Wantroue en geweld het toegeneem. Daar word selfs van 'n *geweldskultuur* gepraat. Dis moord, plaasmoorde, verkragtings, motorkapings, roof, huisbraak, geweldsmisdade en bendegeweld (wat sodanig gevestig geraak het dat na '*bendekultuur'* verwys word).

Tydens 'n steekproef wat tussen senior sekondêre leerlinge van verskillende lande gehou was, is gevind dat Suid-Afrikaanse leerlinge die meer aggressiewe probleem-oplossingsmetodes aangehang het. Daar is ook 'n algemene gevoel dat die regering die verantwoordelikheid het om 'n veilige omgewing te skep waarin sy landsburgers kan leef. Ten spyte van 'n afname in misdaadsyfers wat deur die nasionale minister van Polisie aangekondig was, is daar tog die gevoel dat die regering die stryd teen geweld verloor of dat hulle nie in staat is om die situasie te bestuur nie. Landsburgers reageer daarom ook op verskillende maniere op die gevoel van onsekerheid en onveiligheid.

Die gespanne gemeenskappe is nou baie meer bewapen. Individualisme is baie sterker vanweë die afgesonderdheid van huise (wat gepanserde veiligheidsvestings geword het). Emigrasie is aan die orde van die dag. Dit beroof Suid Afrika van breinkrag en van die investering in sy eie landsburgers wat 'n bydrae tot die land kon maak. Ander soek beskerming deur deel te word van bendegroepe. Nog ander vorm vigilante groepe wat reeds die dood van verskeie misdadigers tot gevolg gehad het, en dit vind aanklank by 'n misdaadvoos gemeenskap.

Van die grootste faktore wat tot misdaad aanleiding gee, is armoede en die beskikbaarheid van wapens. Honger mense moet daagliks 'n manier vind om te oorleef. Misdaad en die gepaardgaande geweld is in baie gevalle hierdie mense se enigste uitweg vir oorlewing. Daar is egter ook baie wat dmv misdaad voorspoed beleef – sonder dat die gemeenskap sien dat hulle vervolg word. Dit maak misdaad vir hierdie mense aantreklik. Mense in arm gemeenskappe word in baie gevalle ook deur bendes en sindikate uitgebuit.

'n Vorige Minister van Veiligheid en Sekuriteit in die Wes-Kaap het aan kerkleiers genoem dat bendes op die Kaapse Vlakte die grootste gemeenskapsorganisasie (industrie) is. Indien die munisipaliteit mense uit hulle huise sit as gevolg van agterstallige betalings, is dit die bendes wat hulle skuld betaal en hierdie mense terugplaas in hulle huise. Daarmee koop hulle lojaliteit. Diegene wat aan bendes behoort, het ook geen begeerte om hulle bande met bendes te breek nie. Baie van die mense wat nie geskool is nie (en met 'n CV-gevangenisrekord) het geen vooruitsig om ooit 'n werk te kan hê nie, terwyl hulle in bendes sekere range beklee wat aan hulle versorging en voorregte verseker.

Gevangenisvonnis is nie 'n voldoende afskrikmiddel nie en wel om die volgende redes:

- Daar is geen motivering vir rehabilitasie as daar geen vooruitsig vir 'n werk is nie.
- Indien die gevangenisowerheid die gevangenes aan onmenslike toestande vir lang periodes onderwerp, kan jy sekerlik nie van sodanige persoon verwag om by 'n normale gemeenskap in en aan te pas nie. Indien die menswaardigheid van die gevangenes probeer herstel word deur hulle verblyf in die gevangenis te

normaliseer, word die gevangenisomgewing vir die gevangene die normale en die toestande van waar hy kom, die abnormale.

- Dieselfde vorige Minister van Veiligheid en Sekuriteit van die Wes-Kaap het aan die kerkleiers genoem dat gevangenisse soos Pollsmoor bloot ‘n teelaarde en werwingsplek vir bendes geword het.

Dit is hierdie Deputate se oortuiging dat die gewelds- en wetteloosheidskultuur nie net deur die regering hanteer kan word nie. Die kerk, die samelewing en die owerheid het die gesamentlike plig en verantwoordelikheid om die probleem aan te spreek.

Aanbeveling: Dat alle rolspelers – die kerk, die burgerlike samelewing en die owerheid (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) – van die omvang van die geweldsprobleem terdeë kennis neem en effektief met mekaar in gesprek tree oor hoe die probleem van geweld die beste aangespreek kan en moet word.

2.2.9 Armoedevraagstuk

Van die Deputate het die vergadering van die Konvent van Reformatoriese Kerke in Kaapstad bygewoon. Indringende aandag is onder andere aan die armoede-vraagstuk en die kerk en staat se roeping in dié verband gegee. Vir kennisname die volgende.

2.2.9.1 Gaping tussen ryk en arm

Die **Gini Koëffisiënt** (dit meet die ongelyke verspreiding van inkomste of verbruik maw die gaping tussen ryk en arm. 'n Syfer van 0 beteken gelyke verspreiding maw almal het ewe veel. 'n Syfer van 100 dui op absolute ongelykheid maw 1 besit alles en die res niks).

TABEL: Vergelyking van verskillende Gini Indekse

LAND	**GINI INDEKS**
Suid-Afrika	**59.3**
Brasilië	59.1
Zimbabwe	56.8
Maleisië	49.2
China	40.3
VSA	40.8
Israel	35.5
Frankryk	32.7
Nederland	32.6
Denemarke	24.7
Noorweë	25.8

Die Gini koëffisiënt van SA staan op die oomblik op 'n geraamde 59.3. Suid-Afrika se Gini indeks is naas Nicaragua en Swaziland die swakste in die wêreld.

Bron: *World Development Report 2001,* United Nations Development Programme (UNDP)

2.2.9.2 Verspreiding van armoede en ongelykheid. Armoede per bevolkingsgroep

Een van die duidelikste aanduidings van armoede en ongelykheid in SA is wanneer ‘n mens na die syfers in bevolkingsgroepe kyk. Dis duidelik waar armoede hoofsaaklik te vind is. Die konsentrasie van armoede is veral onder Swartes. 61% Swartes, 38% Kleurlinge, 5% Indiërs en 1% Blankes is "arm".

Die volgende grafiek (sien Figuur) toon die verspreiding en die gemiddelde inkomste van Christene van elkeen van die bevolkingsgroepe met ‘n gemiddeld vir die totaal.

In die *Poverty and Inequality in South Africa Report* word bereken dat ongeveer 50% (maw 19 miljoen) mense in Suid-Afrika met R 353-00 per volwassene per maand

moet oorleef – 'n begroting van R706-00 (huisgesin met twee volwassenes en 3 kinders).





2.2.9.3 Die kerke se roeping

Een van die eerste tekste wat die pessimiste aanhaal, is wat die Here Jesus self gesê het in Matt 26: 11 – "*Julle sal altyd die armes by julle hê.*" Met hierdie teks wil mense dan hê dat die saak van armoede nie te ernstig geneem moet word nie. Armoede bestaan nog altyd en sal vir altyd bestaan – dis hulle lot. Die Here Jesus haal aan uit Deut 15:11. Presies die teenoorgestelde van vers 11 staan in Deut 15:4-5 – *"As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die Here sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit."* Die punt is hier dat indien hulle verantwoordelik leef met hulle deel, daar nie armes sal wees nie. Dit plaas die saak van verantwoordelik en regverdig leef met jou deel, rentmeesterskap, sentraal.

Armoede is nie net materiële armoede nie, maar ook om geestelik uitgesluit te wees van die kerk van die Here Jesus wanneer die kerklike kultuur jou as 'n nie-aanvaarbare lidmaat beskou. Dit lei tot sogenaamde anti-sosiale gedrag: "They are people who have no standards, no values, because of serious marginalisation. They feel that society is uncaring, so why should they abide by the norms and rules of society?"

Armoede is nie 'n eenvoudige saak nie en waarskynlik is dit beter om dit op verskillende maniere te beskryf. Die een benadering vul die ander een aan. Om armoede uit 'n geloofsoogpunt te beskryf, is om armoede te beskryf as die nood van mense in ons omgewing. Dit gaan oor dinge soos armoede aan geloofsvisie,

werkloosheid, MIV/VIGS-slagoffers en -wesies, gebrekkige higiëne en gesondheidsomstandighede, ens. Dit is hierdie *gesigte van armoede* en die blootstelling daaraan wat die Gees van God gebruik om ons na die nood van ons medemense te laat uitreik.

2.2.9.4 Die volgende aspekte is belangrik vir die kerk:

- Die kerke staan teenoor enige sisteem wat mense verarm en uitbuit. Selfs as dit lidmate is wat dit mense aandoen. Iemand sê dat die een ding wat sorg dat mense arm bly, is die loon wat hulle betaal word. Die mikrolenersbedryf is nog ‘n voorbeeld. Daar is geen voordeel daarin vir mense nie. Dit verarm hulle.
- Die kerke ondersteun inisiatiewe wat arm mense help om terug te kom.
- Die kerke staan by *mense in nood*. Gelowiges ontferm hulle oor mense in nood. Die saak van armes kom dikwels in die Evangelie van Lukas voor. Woorde wat gereeld in Lukas gebruik word, is "*ontferming*" (Luk 1:50, 54,58,78) en "*ontferm*" (Luk 1:72; 16:24; 17:13; 18:38, 39). "*Innig jammer gekry*" kom drie keer in Lukas voor: 7:13; 10:33; 15:20. Ons verantwoordelikheid word beklemtoon in Luk 10:25-37 met die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (vgl ook Matt 25:31-46)
- Dit is vir die kerke nie nodig en haalbaar om ten opsigte van bestryding van die armoedekultuur die spreekwoordelike wiel uit te vind nie. Die kerk(e) verleen hulp in vennootskap met reeds bestaande organisasies, veral met betrekking tot projekte vir werkverskaffing – projekte wat arm mense begelei na volhoubare inkomstes.
- Die kerke behoort lidmate blootstelling te gee aan mense in noodsituasies (bv. na plakkerskampe). In die stede veral is mense afgegrens van die nood van ander. Dit is daar waar die Gees van God mense laat omdraai om weer terug te kom. Dit is eers daar waar ‘n mense werklik gekonfronteer word – ook met jou eie onregverdighede.
- Die kerke beklemtoon by die lidmate die roeping om rentmeesters te wees en hulle gawes te gebruik om die samelewing te dien.
- Die kerke vestig Bybelse waardes oor betrokkenheid by armoede.
- Die kerke kan verbintenis (*commitment*) ondersteun en bewerkstellig. In die meeste gemeenskappe is die kerke die mees geloofwaardige en stabiele ‘organisasie’ of ‘instelling’.

2.2.10 <u>Maatskappy vir Immigrasie</u>

2.2.10.1 Historiese agtergrond:

Die MVI is in 1949 deur die drie sogenaamde ‘susterskerke’ en kultuurorganisasies gestig vanweë ‘n baie groot behoefte wat ontstaan het, naamlik die immigrasie van vreemdelinge veral uit Europa. Met die stigting het die MVI bekend gestaan as die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI). Immigrasie het so toegeneem van oor die hele wêreld dat dit verander is na die MVI. Die MVI is ‘n Maatskappy sonder winsbejag (volgens artikel 21 ‘n Welsynsorganisasie).

2.2.10.2 Doelstellings

Om as ‘n Christelike inburgeringsorganisasie, op grond van die Heilige Skrif soos uitgedruk in die drie Formuliere van Eenheid, alles te doen om immigrasie na Suid-Afrika te bevorder en immigrante by die Suid-Afrikaanse kultuurgemeenskap in te skakel.

2.2.10.3 Beperkende faktore:

- Sedert 1994 word daar GEEN subsidie van die staat ontvang nie, nieteenstaande die feit dat dit nog steeds ‘n geregistreerde welsynsorganisasie is.
- Vanweë die beperkte inkomste, moes ses van die agt kantore in die RSA sluit.

- Daar bestaan nog steeds ‘n behoefte vir die werksaamhede van die MVI, maar die belangrikste probleem is om die name en adresse van die Departement van Binnelandse Sake betyds te ontvang – vanweë die arbeidstekort by hierdie departement word sekere adresse etlike jare na aankoms eers by die MVI ontvang.
- Groot steun van kultuurorganisasies is verloor.

2.2.10.4 Helpende faktore:

- Vanweë die verandering ten opsigte van IMMIGRASIE in die hele wêreld word daar baie nou geskakel met kontrakwerkers (die nuutste neiging is dat poste nie permanent gevul word nie, maar slegs op ‘n kontrakbasis) wat vir ‘n sekere tyd in Suid-Afrika kom werk en dan as goeie ambassadeurs vir die RSA teruggestuur kan word.
- Goeie skakeling met die Universiteite se Opleidingshospitale van Stellenbosch en Kaapstad bring die MVI met hierdie kontrakwerkers in aanraking.
- ‘n Netwerk met immigrantevriende oor die hele wêreld.

2.2.10.5 Statistiek

Die toenemende emigrasie benadeel die Suid-Afrikaanse werksmag. Tussen 1989 en 1997 het 233 609 Suid-Afrikaners die land permanent verlaat. Elke hooggeskoolde wat gaan, kos die land 10 werksgeleenthede. In 2001 het 4 832 mense na die RSA geïmmigreer terwyl 12 260 verklaar het dat hulle Suid-Afrika permanent gaan verlaat.

2.2.10.6 Probleme van Immigrante

Wêreldwyd is die grootste probleem wat besigheidsprojekte laat misluk, nie ekonomiese verskille, misdaad, politieke onrus of afstande nie, maar *kruiskulturele* kwessies. In hierdie opsig kan die kerke kragtens die ekumeniesgerigte karakter van die Christelike godsdiens ‘n kosbare rolspeler wees.

2.2.10.7 Inburgering berus op die volgende:

Volwasse Opvoeding; Jeugwerk; Maatskaplike werk; Kultuurwerk; omgewingsbewustheid/-bewaring; godsdiensonderrig of geestelike bearbeiding.

2.2.10.8 MVI-hulpdiens aan kerke

Dank aan sr. (mev.) Miems Swanepoel (Geref Kerk Bellville, lid van *Deputate Owerheid*) Streekbestuurder MVI Wes-Kaap wat onderneem het om gereeld inligtingstukke op te stel vir gemeentes (waar van toepassing) se kennisname. *Die Deputate vir korrespondensie met die Owerhede* is van oordeel dat die MVI van kosbare hulpdiens aan die kerke is en kan wees. Ons mag die ‘*vreemdelinge in ons poorte’* nie verwaarloos nie. In baie gevalle is dit kosbare sendinggeleenthede. Dank aan ds. Dirk Laufs (Geref. Kerk Alberton-Wes, nasionale voorsitter van die MVI, en aan die direksie en ander uitvoerende amptenare (hoofkantoor, Pretoria).

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode neem kennis van die handelinge van die Kommissie Owerheidsake.

4.2 Die voorgestelde werkwyse (soos in 2.2.2) vir skakeling met owerhede (parlementêre lessenaar en ‘luisterpos’) word goedgekeur as riglyne vir optredes.

4.3 Die Sinode keur die standpunt (soos in 2.2.6) oor die MIV-VIGS-pandemie, soos gewysig, goed.

Besluit: Goedgekeur.

MEDIAVERKLARING OOR DIE MIV-VIGSPANDEMIE

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) neem met hartseer kennis van een van die grootste krisisse wat die mensdom nog ooit getref het met die sorgwekkende afmetings wat die pandemie van vigs aangeneem het en steeds aanneem. Statistiek RSA: *Geïnfekteer* 3.5 miljoen (2003); 5.3-6.1 miljoen (2005); 6-7.5 miljoen (2010). *Sterftesyfer* (per jaar): 90 000 (2002), 383 000 (2005) 635 000 (2010). *

Die Sinode het ook sy kommer uitgespreek oor die kerke se gebrekkige rol ten opsigte van bestryding van hierdie tragedie. Die verwoestende effek wat vigs uitoefen op die gesinslewe (ouerlose kinders), die beroepslewe (verminderende arbeidskorps) en die mediese diens (oorlading by dokters en hospitale) is enorm. Daarmee saam moet die toenemende armoede en magteloosheid in agtergeblewe gemeenskappe waar vigs 'n welige teelaarde vind genoem word. Met afsku is ook kennis geneem van die gevaarlike mites wat onder sekere mense oor vigs bestaan en wat gelei het tot verkragting van kinders.

Teleurstelling is ook uitgespreek oor die landsregering se oënskynlike onvermoë om die vigs-pandemie op betekenisvolle wyse die hoof te bied met sy *pro-kondoomveldtog* asof dit *veilige seks* sal waarborg. Daarom is daar waardering vir die nuwe benadering van die regering, naamlik sy MIV-VIGS-program **A** ("abstinence") en **B** ("be faithful").

'n Beroep word op die kerke gedoen

– om te waarsku teen stigmatisering, diskriminering en verwerping van MIV-positiewe persone;

– om in die gesindheid van die liefde van Christus 'n veilige hawe te wees waar MIV-positiewe mense en vigslyers en hulle naasbestaandes die grootste vrymoedigheid het om hulle status bekend te maak;

– om deur middel van morele voorligting (aan veral jongmense), pastorale begeleiding en versorging van vigspasiënte en weeskinders die genesende krag van die evangelie van die Here Jesus Christus in die samelewing sigbaar te maak;

– om as vennoot formeel betrokke te raak by multi-dissiplinêre aksies om vigs te voorkom en te bestry;

– om te offer ten einde ook finansieel 'n beduidender rol te speel.

'**n Beroep word op die jeug gedoen** om te besef dat daar geen *veilige seks* bestaan nie, maar wel *verantwoordelike seks* binne die raamwerk van die *monogame* huwelik. Seksuele losbandigheid is nie alleen 'n hoë risiko nie, maar ook teen die wil van God.

'n Beroep word op die sentrale owerheid gedoen om MIV-VIGS tot 'n *aanmeldbare siekte* te verklaar ten einde MIV-VIGS-pasiënte doeltreffend te identifiseer en te behandel. Hierdie beroep het besondere betrekking op situasies van gedwonge saamgroepering van mense – soos veral in hostelle en in gevangenisse waar homoseksualiteit en verkragting 'n hoë risiko is.

Die owerhede (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) word ook versoek om met nog groter doelgerigtheid alles in die werk te stel om deur middel van voorligting, voorsorg, finansiële voorsiening en voorkomende maatreëls die pandemie te probeer stuit sodat ons 'n gesonde samelewing mag hê.

'n Beroep word ook op die media gedoen om nie advertensieruimte vir prostitusie te gee nie aangesien prostitusie teen die wil van God en sy Woord is én ook vanweë die direkte verband tussen prostitusie en MIV-VIGS-besmetting.

- **Bron: *loveLife*. Henry J Kaiser. Family Foundation**.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Die Sinode moedig die Partikuliere Sinodes aan om Deputate te benoem vir skakeling met die betrokke provinsiale owerhede.

4.5 Die Sinode roep lidmate op om hulle roeping kragtens die amp van die gelowige ook in landsake getrou na te kom.

4.6 *Deputate word aangewys om*:

4.6.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet skakel, te onderhou

4.6.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by 'n "luisterpos" by die Parlement

4.6.3 alle rolspelers – die kerk, die samelewing en die owerheid (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) – van die omvang van die *geweldsprobleem* te laat kennis neem en met mekaar in gesprek laat tree om gesamentlik te besin oor hoe die probleem van geweld die beste aangespreek kan word

4.6.4 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te tree ten opsigte van die kapelaansdienste en moontlike soortgelyke gevalle (wo vrywillige deeltydse kapelane);

4.6.5 gebruik te maak van advies van en hulpdiens deur die MVI ten opsigte van immigrasie en immigrantesake

4.6.6 in samewerking met reeds bestaande instellings en organisasies (waar van toepassing) advies te gee aangaande hulpverlening tov die *armoedevraagstuk*, veral met betrekking tot projekte vir werkverskaffing – projekte wat arm mense begelei na volhoubare inkomstes; verder om 'n getuienis te laat hoor teenoor enige sisteem en skema, van wie ook al, wat mense verarm en uitbuit.

Besluit: Goedgekeur.

E. BYLAE BY OWERHEIDSAKE-KOMMISSIE:

HERINSTELLING VAN DIE DOODSTRAF

In Junie 1995 het die Konstitusionele Hof bevind dat die doodstraf in stryd is met die grondwet en dit is afgeskaf.

A <u>BEPALINGS VAN DIE GRONDWET</u>

1. <u>Die mening van die meerderheid Suid-Afrikaners</u>
   - 'n "Informele referendum" is in Suid-Afrika gehou met motorplakkers om steun te wys vir die herinstelling van die doodstraf.

- In April 1995 het 'n meningsopname aan die lig gebring dat 80% van die blankes en 49% van die swartes wat deelgeneem het, die behoud van die doodstraf steun.
- Die Konstitusionele Hof was ook daarvan bewus, maar het gemeen die openbare mening kan nie die plig van die hof om die grondwet te interpreteer, vervang nie.

2. Argumente ter steun vir die **afskaffing** van die doodstraf

2.1 Die doodstraf druis in teen die volgende vier grondwetlike bepalings:

I. 'n verbod op wrede en onmenslike straf;
II. die beginsel van menswaardigheid en menswaardige optrede ;
III. die beginsel van gelyke behandeling voor die reg;
IV. die reg op lewe

2.2 In die nuwe orde is parlementêre besluite onderhewig aan die Grondwet. Gevolglik sal selfs 'n parlementêre meerderheidsbesluit om die doodstraf terug te bring deur die hof in terme van 2.1 se bepalings ongrondwetlik bevind kan word.

2.3 Veronderstel egter 'n parlementêre meerderheid sou besluit om die **Grondwet te wysig**, om die herinstelling van die doodstraf moontlik te maak:

- Eerstens sal die prosedurele vereistes vir die wysiging van die Grondwet nagekom moet word.
- Voorts sal die wysiging uitsonderings op al vier gronde moet skep.
- Die parlement sal ook die strafproseswet moet wysig om 'n nuwe doodsvonnisbedeling in te stel. *
- Die Konstitusionele Hof kan nog steeds vereis dat vir 'n vonnis wat so drasties en onherroeplik is, hoër standaarde van "billike verhoor" moet geld. Hierdie standaarde kan die doodsvonnis heeltemal onprakties maak.
- 'n Kortpad is om die Handves van Regte te wysig: sê eenvoudig dat geen bepaling in die Grondwet die oplegging en uitvoer van die doodsvonnis ongrondwetlik maak nie. Die Handves van Regte is egter gegrond op internasionaal aanvaarde beginsels en sal op grond daarvan, moeilik verander word – enige handves word uiteraard nie eintlik gewysig nie.

2.4 Dit is egter wesenlik belangrik dat die grondwetlike orde in Suid-Afrika gehandhaaf word, onder meer die vier genoemde grondbeginsels in die Grondwet. Regter Chaskalson het dieselfde punt in sy Konstitusionele Hof uitspraak gemaak: *"The very reason for establishing the new legal order and for vesting the power of judicial review of all legislation in the courts, was to protect the rights of minorities and others who cannot protect their rights adequately through the democratic process."*

** Onthou dat individuele wette ook aangepas sal moet word om die straf vir 'n spesifieke oortreding te wysig na bv. doodstraf.*

3. Menseregte van misdadigers

Die beskerming van menseregte in 'n land se grondwet, beteken uiteraard dat **alle** landsburgers beskerm word – nie net die "goeies" nie.

3.1 Met die beskerming van menseregte het regter Chaskalson gesê dat ook sosiale uitvaagsels en mense wat na die randgebied van die gemeenskap uitgedryf is, beskerm moet word: *"It was only when there was a willingness to protect the worst and weakest of our society that we could all be secure that*

our rights would be protected." Die Konstitusionele Hof het dus ingevolge hierdie uitspraak 'n plig om die menseregte van die misdadigers ("the worst") en van hulle slagoffers ("the weakest") te beskerm.

3.2 Die vraag is, in hoe 'n mate word die **slagoffers** beskerm?

B ENKELE PERSPEKTIEWE OP DIE HERINSTELLING VAN DIE DOODSTRAF

1. Die doodstraf as oplossing vir misdaad

1.1 Die onmiddellike herinstelling van die doodstraf word dikwels gesien as die oplossing vir ons land se misdaadvraagstuk. Vanuit 'n regsoogpunt beskou, blyk dit egter hoegenaamd nie 'n uitgemaakte saak te wees dat die herinstelling van die doodstraf onder die huidige omstandighede, enigsins 'n verskil sal maak aan die toenemende vlaag van misdaad nie.

1.2. Die doodstraf is in vroeëre jare so min voltrek dat vonnisopleggers oor die jare weinig of geen sinvolle gevolgtrekking ten opsigte van die retributiewe effek daarvan kon maak nie. Sedert die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 was daar maar slegs sowat 2000 doodsvonnisse opgelê, waarvan ongeveer 75% voltrek was. Sedert 1989 was daar in elk geval, vanweë 'n moratorium, hoegenaamd geen sodanige vonnis voltrek nie.

2. Straf: 'n Oplossing vir misdaad in Suid-Afrika?

2.1 Die gemeenskap van wetsgehoorsame Suid-Afrikaners is onder groot druk omdat hulle uitgelewer is aan 'n misdaadgolf wat alles en almal oorspoel – ondoeltreffende polisiëring, gebrekkige regspraktyke en ondoeltreffende vonnisse is deel daarvan.

2.2 As al die regsprosesse: polisiëring, vonnisoplegging en straf, nie afsonderlik en in samehang doeltreffend is nie, sal Suid-Afrika se misdaadprobleem nie opgelos kan word nie. Sonder 'n ingrypende hervorming van ons regsorde is die herinstelling van die doodstraf irrelevant tot die oplossing van die misdaadprobleem in Suid-Afrika.

2.3 Werklose en daklose rondswerwers word nie afgeskrik deur gevangenisstraf of selfs die doodstraf nie – elke dag is immers 'n stryd om oorlewing en kos en onderdak (in die tronk) is 'n welkome verligting.

2.4 Moet armoede die skuld kry vir misdaad in Suid-Afrika? "Sonder uitsondering word daar daagliks in ons howe deur vonnisopleggers aangehoor dat geweldsmisdadigers, huisbrekers, rowers, bedrieërs, ens. werkloos is en dat hulle dade grootliks deur hongerte gemotiveer was. Die skerp toename van veediefstal elke jaar voor Kersfees is 'n klinkende voorbeeld van die feit dat daar vir die pot gesteel word." Só sê 'n landdros wat met die praktyk te doen het.

2.5 'n Veranderende maatskaplike beleid in Suid-Afrika wys daarop, dat om 'n persoon uit die samelewing te verwyder en deel van 'n "sisteem van misdadigers" te maak (tronkstraf), nie suksesvol was nie. Gevangenes ontsnap wel uit tronke, maar oor die algemeen nie uit die siklus van oortreding en inperking, of oplossing van ‘n probleem deur geweld nie.

2.6 Uit ‘n studie van motorkapers blyk die volgende:

- Motorkapings word suiwer as gevolg van die lonendheid daarvan uitgevoer. Die gemiddelde inkomste vir 'n gekaapte motor is tussen R10 000 en R20 000. Mnr X wat alleen gewerk het en 55 jaar tronkstraf uitdien,

het in sy beste maand R800 000 verdien! (Terloops, hy het 'n BCom graad.)

- 'n Gewelddadige misdaad soos motorkaping ontwikkel uit 'n klimaat van geweld. Die gebruik van geweld is nie vir kapers onaanvaarbaar nie. Is daar nie te veel geweld op TV, flieks, in gesinne ens. nie?
- Motorkapers meen die kans om gevang en gestraf te word in Suid-Afrika is minimaal. (Doodstraf maak geen verskil aan hulle argument nie.) As hulle gevang word is hulle gou uit op borgtog. Die oneffektiwiteit van die **strafregpleging** word al hoe meer genoem as bydraende faktor tot groeiende misdaad.

3. <u>Probleme met polisiëring, vonnisoplegging en straf.</u>
Die volgende probleme verdien dringende aandag:

3.1 Ongeveer 1 uit elke 100 misdadigers word uiteindelik voor die hof gebring. In 'n sekere landdroshof is daar vir die tydperk 1 Oktober 1999 tot 31 Desember 1999 'n totaal van 926 lasbriewe tot die arrestasie van persone wat dagvaardigings verontagsaam het, gemagtig. Slegs 32 daarvan is uitgevoer.

3.2 Sake wat teruggetrek word vanweë karige ondersoeke deur ondersoek-beamptes, is legio.

3.3 Minderjarige misdadigers moet deur die reg beskerm word, maar 'n sestienjarige wat aktief deelneem aan huisbraak, gewapende roof, moord of verkragting, is sekerlik toerekeningsvatbaar. Elke geval behoort op eie meriete beoordeel te word.

3.4 Sake sloer om afgehandel te word. Hofrolle is tot so 'n mate oorlaai dat daar sake is wat 4 jaar of meer neem om gefinaliseer te word. Intussen het belangrike getuies verdwyn, of hulle is reeds oorlede.

3.5 Die paroolstelsel.

3.6 Die toelating van leke assessors in howe.

3.7 Oneerlike regsverteenwoordigers.

3.8 Die (on)kundigheid van landdroste en aanklaers.

3.9 Gebrek aan werksure in die howe.

3.10 Onvermoë van die Staat om voldoende bewyse teen 'n beskuldigde in te bring vir maksimum vonnisoplegging.

3.11 Bekentenisse aan 'n landdros/traumaberader kan tans nie sonder meer as getuienis teen 'n beskuldigde gebruik word nie.

4. <u>Misdaadvoorkoming en slagofferbemagtiging.</u>
Die klem het die afgelope jare verskuif na misdaadvoorkoming en slagofferbemagtiging. Onder andere is die Nasionale Misdaadvoorkoming-strategie gepubliseer. Wette is gewysig om wapens te beperk en geweld tydens inhegtenisnames te verhinder.

Tans sien ons egter geen effek van bogenoemde maatreëls om geweld en misdaad te verminder nie. Ons word in teendeel daagliks gekonfronteer met oneffektiwiteit en korrupsie in die praktyk.

Wat is die werklike oorsake van misdaad? Die regering spandeer miljoene rande aan die opheffing van armoede – is dit hoegenaamd haalbaar? Wat is die invloed van dwelms en alkohol, sedelike verval en disintegrerende gesinstrukture op misdaad? Waar begin 'n mens misdaad voorkom – by

Christelike waardes? Hoe effektief is slagofferbemagtiging en in hoe 'n mate sal dit misdaad in Suid-Afrika laat afneem? Dit is voorbeelde van die talle onbeantwoorde vrae.

Besluit: Kennis geneem.

L. AANVULLENDE RAPPORT

A. Ekumenisiteit – Binnelands

1. Vir kennisname

Nadat die Rapport vir Sinode 2003 ingedien is, het u Deputate nog twee belangrike vergaderings gehad waaroor gerapporteer moet word.

1.1 Die werkswinkel van die Tussenkerklike Kommissie op 5 en 6 November 2002.

1.2 Samesprekings met die Deputate van Sinodes Soutpansberg en Middellande op 22 November 2002.

Besluit: Kennis geneem.

2. Waaroor die Sinode moet besluit

2.1 By die Tussenkerklike Kommissie het 'n versoek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk om die gesamentlike belydenisskrifte te hervertaal, gedien. Die versoek is gegrond op die feit dat taal 'n dinamiese kommunikasiegebeure is wat ongeveer elke 25 jaar sodanig verander dat dit hervertaling noodsaak. Die TKK het ‘n ad hoc kommissie saamgestel om ‘n vooraf ondersoek te doen. Die Kommissie het aanbeveel dat die vertaling ‘n letterlike vertaling van die oorspronklike teks in lesers-vriendelike, verstaanbare Afrikaans moet wees.

Aanbevelings

2.1.1 Die GKSA aanvaar die beginsel van ‘n ondersoek na die moontlike hervertaling van die Belydenisskrifte met die oog op samewerking.

2.1.2 Die Sinode spreek hom uit ten gunste van ‘n brontaal-georiënteerde vertaling uit die oorspronklike teks.

2.1.3 Die Sinode wys Deputate aan om saam met die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduits Hervormde Kerk van Afrika en ander gebruikers van die belydenisskrite met die moontlike hervertaling saam te werk.

2.1.4 Die Deputate moet saamgestel wees uit 2 Deputate vir die Redaksionele Komitee en 4 kundiges om die eietydse vertaling te onderneem.

2.1.5 Die te benoemde Deputate moet ook behulpsaam wees om linguiste te identifiseer om met die projek behulpsaam te wees.

Besluit: Goedgekeur.

2.1.6 Die Sinode neem verantwoordelikheid vir die reis- en verblyfkostes van sy Deputate en begroot daarby vir ongeveer R3000 per jaar vir onvoorsiene uitgawes en bv. honoraria aan linguiste.

Besluit: Goedgekeur dat die reis- en verblyfkoste van Deputate ongeveer R3000 per jaar vir onvoorsiene uitgawes en bv. Honoraria aan linguiste as deel van die Deputate Ekumenisiteit en Owerheid se begroting vir goedkeuring en afhandeling by die Bestuur van die Administratiewe Buro ingedien word.

2.2 U Deputate het met die afgevaardigdes van Sinodes Soutpansberg en Middellande slegs een gesprek kon voer met die oog op die uitvoering van die opdrag Acta Sinode 2000 (p.500-501) aangesien ons eers moes wag dat die *ad h*oc deputate hulle opdrag uitvoer. Uit ons gesprek het geblyk dat Sinode

Soutpansberg onder andere die verskil oor teologiese opleiding steeds beskou as 'n struikelblok vir verdere samesprekings oor kerkregering. Vir Sinode Middellande staan daar niks in die weg om voort gaan met die gesprekvoering met die oog op die uitvoering van die genoemde opdrag nie. U Deputate en die afgevaardigdes van Sinodes Soutpansberg en Middellande het 'n ooreenkoms bereik soos vervat in die aanbevelings.

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 In die verdere samesprekings tussen die nuwe Deputate van die GKSA en die afgevaardigdes van Sinodes Soutpansberg en Middellande moet alle moontlike struikelblokke met betrekking tot die onderlinge verhoudinge verdiskonteer word.

2.3.2 'n Diepte gesprek moet gevoer word oor kerkregering wat die samestelling van meerdere vergaderings insluit.

2.3.3 Die besluite van GKSA Sinode 2000 en besluite van Sinode Soutpansberg oor die verhoudinge van die twee Sinodes tot mekaar moet as raamwerk dien waarbinne die samesprekings gevoer word.

Besluit: Kennis geneem.

B. Ekumenisiteit – Buitelands

Die Aanvullende Rapport lewer insette oor werk wat nog gedoen is sedert die indiening van die Rapport vir die Sinode 2003. Let daarop dat die volledige Rapporte van al die sake waarna verwys is, op aanvraag beskikbaar is by die Deputate.

1. Kerke met wie ekumeniese eenheid gehandhaaf word: Reformed Churches in Botswana (2.2.2.7)

1.1 *Die Sinode neem kennis*

1.1.1 Ds. IW Ferreira en ds. S Hibbert is afgevaardig om die Sinode van die Reformed Churches in Botswana gedurende Oktober 2002 by te woon.

1.1.2 Dit was die eerste keer dat afgevaardigdes van die GKSA hierdie kerke se sinode bygewoon het en die ontvangs was hartlik.

1.1.3 Daar is tans ‘n groot behoefte aan teologiese opleiding. Enkele studente is van voorneme om volgende jaar by Mukhanyo in te skryf.

1.1.4 Vanuit die Sinode is telkemale gepleit vir groter betrokkenheid by en samewerking van die GKSA in die sendingwerk wat nog in Botswana gedoen moet word. Enkele kerke van die GKSA het reeds hulle belangstelling laat blyk.

1.1.5 Afgevaardigdes van die Sinode was by die GKSA se Sinode in 2000 teenwoordig. Die volgende gee iets van ‘n besluit van hulle vorige Sinode weer:

> *... Long and emotional discussions arise about the question whether we can have correspondence with only part of the Reformed Churches in SA. In fact we are misled by the words: National means in this case tribal, white, Afrikaans and not “country wide”. What about the other parts of the GKSA?*

The Synod states that we cannot – practically and principally – have correspondence with only one part of a church. The National Synod does not represent the whole GKSA. It is therefore proposed to ask for clarity on the use of words and on the structure of the GKSA and how we can have correspondence

with a synod that represents all the churches and peoples of the Reformed Churches in SA. It is decided to write a letter in this sense to the National Synod ..."

1.1.6 Tydens hierdie Sinode het 'n voorstel gedien dat alle bande met die GKSA voorlopig opgeskort word totdat die situasie met die ander Nasionale Sinodes opgeklaar is.

1.1.7 Die GKSA se afgevaardigdes se deelname aan die debat wat gevolg het, was mede verantwoordelik daarvoor dat die voorstel met uitsondering van een stem afgekeur is.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 Die Sinode besluit

1.2.1 Die Sinode besluit dat die Reformed Churches in Botswana nog een in leer diens en tug met die GKSA is, en dat nie slegs met die korrespondensie voortgegaan word nie, maar dat dit daadwerklik uitgebou word.

1.2.2 Die Deputate kry die opdrag om alle samewerking van kerke uit die GKSA ten opsigte van sending in Botswana te koördineer.

1.2.3 Dat na volgende Sinodes van die Reformed Churches in Botswana, indien enigsins moontlik, afgevaardigdes gestuur word.

1.2.4 Die Deputate ondersoek alle moontlikhede waarop die GKSA met gedesentraliseerde teologiese opleiding behulpsaam kan wees.

Besluit: Goedgekeur.

2. Skakeling met Ekumeniese vergaderings

2.1 AEA en TEASA

2.1.1 **Opdrag**

Sien 3.4.

2.1.2 **Die Sinode neem kennis**

Daar kon nie in die huidige termyn kontak met die AEA of TEASA bewerkstellig word nie.

2.1.3 **Die Sinode besluit**

Aan die nuwe Deputate word opdrag gegee om by die werksaamhede van AEA en TEASA betrokke te bly as waarnemers en op die vlak gereformeerde insette te lewer. Vergelyk Acta 2000:216.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 WRF (3.3.4.4)

Kyk aanbevelings oor die PCA.

Besluit: Kennis geneem.

3. Ekumeniese kontak

3.1 Gereformeerde Kerke in Frankryk

3.1.1 **Opdrag**

Sien 4.3.4.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 **Die Sinode neem kennis**

Prof. A le R du Plooy het in 2000 besoek afgelê by die Faculté de Théologie Réformeé Aix-En-Provence. Daar is groete oorgedra en inligting gegee oor die TSP, PU vir CHO en die GKSA. Voorts is inligting ingewin oor die kerklike toestand in Frankryk.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 **Die Sinode oordeel**

Konstante kontak met die Gereformeerde situasie in Frankryk is belangrik na ‘n lang tyd van onderbroke kontak met die kerke in Europa.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.4 **Die Sinode besluit**

3.1.4.1 Dat kontak en kommunikasie met die Gereformeerde Kerk in Frankryk voortgesit word.

3.1.4.2 Dat nadere ondersoek ingestel word oor hoe saamgewerk kan word t.o.v. die kerklike roeping in die Franssprekende Afrika lande.

3.1.4.3 Dat aan die TSP aanbeveel word om kontak te hou met die Teologiese opleiding in Frankryk en inligting uit te ruil.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Presbyterian Church of America

3.2.1 **Opdrag**

Sien 4.4.3.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 **Die Sinode neem kennis**

Nadere kontak is deur die *IRF* met die PCA gemaak. Intussen is ds. JAT van Blerk deur die PCA beroep en die Deputate is om advies genader (Bylae 3.2).

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 **Die Sinode oordeel**

Die stukke voorhande van die PCA toon dat dit ‘n Gereformeerde Kerk in die Westminister (Presbiteriaanse) tradisie is. Kontak is ook met die kerk gemaak deur samewerking by die *Mukhanyo Theological College* en die gemeente in Braamfontein.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.4 **Die Sinode besluit**

Die Deputate kry opdrag om ekumeniese eenheid (korrespondensie) met die PCA in werking te stel.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Kerke in Hongarye

3.3.1 **Die Sinode neem kennis**

3.3.1.1 Prof. A le R du Plooy het op uitnodiging op Universiteitskoste ‘n besoek gedurende Oktober 2002 by die Karolyi Gaspar Reformed University in Budapest (in besonder die Fakulteit Teologie) afgelê ten einde die moontlikheid van kontak en samewerking op teologiese en universitêre terrein te ondersoek.

3.3.1.2 Met die inligting van die besoek van dr. CJ Smit in Julie 2002 oor die Karolyi Gaspar Institute of Theology and Missions, en die Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe, is die volgende bevindings gemaak.

3.3.1.3 Laasgenoemde Kerkgroep en Teologiese Instituut met dieselfde naam, Karolyi Gaspar, het inderdaad geen bande met die Hungerian Reformed Church nie, soos ook blyk uit die verslag van dr. Smit en 'n album van die groep gedateer 2001.

3.3.1.4 Die Karoli Gaspar Reformed University met 'n teologiese opleiding (Fakulteit) in belang van die Hungerian Reformed Church, is besig om ná die tydvak van Kommunisme te herstel en op te bou wat skade gely het.

Hulle is steeds sterk Calvinisties georiënteer en soek bande met die TSP en PU vir CHO.

3.3.1.5 Die Hungerian Reformed Church dateer uit die sestiende eeu en in hierdie verband van kerke is daar meer as 1000 kerke (gemeentes). Die kommunisme het inderdaad in meer as een opsig 'n negatiewe effek gehad, ook intern tussen die kerke en individue. Tans is hulle besig om ernstig hieraan aandag te gee.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.2 **Die Sinode oordeel**

3.3.2.1 Die siening van die Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe, dat die Hungerian Reformed Church tydens die kommunistiese bewind toegewings aan die owerheid gemaak het, is korrek, maar dié kerk is tans steeds in ‘n proses om daardie deel van sy geskiedenis te verwerk en koersaanpassings terug na die reformatoriese teologie te maak.

3.3.2.2 Die siening van die Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe, dat die Hungerian Reformed Church oorwegend Barthiaans en Bultmaniaans geöriënteer is, is ‘n eensydige siening van ‘n nuwe kerk wat in verset teen die foute van die Hungerian Reformed Church in die verlede na ‘n fundamentalisties georiënteerde benadering oorhel.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.3 **Die Sinode besluit**

3.3.3.1 Die Deputate gaan voort om gesprek te voer met beide, die Hungerian Reformed Church en die Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe. Die Teologiese Skool Potchefstroom en die Fakulteit Teologie word versoek om die kontak wat gemaak is verder uit te bou, en die Deputate op die hoogte te hou.

3.3.3.2 Die Deputate verkry eers meer volledige inligting oor die Gereformeerde kerklike toestand in Hongarye en omliggende lande in Sentraal en Oos-Europa voordat oor ekumeniese eenheid of nouer korrespondensie besluit word.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Kerke in Afrika: Besoek aan Sentraal- en Wes-Afrika

3.4.1 **Opdrag**

Kyk 4.1.1

Besluit: Kennis geneem.

3.4.2 **Die Sinode neem kennis**

3.4.2.1 Tydens die besoek aan Kameroen, Bénin en die Ivoorkus (10-25/6/2002), is daar kontak gemaak met vier kerkverbande uit die Gereformeerde/Presbiteriaanse tradisie en een kerkverband uit die Baptistiese tradisie (lg. slegs ’n beleefdheidsbesoek):

- -die UEBC (Unie van Baptistiese Kerke in Kameroen)
- -die EPC (Kameroense Presbiteriaanse Kerk)
- -die ERCB (Belydende Gereformeerde Kerk in Bénin)
- -die ERCT (Belydende Gereformeerde Kerk in Togo)
- -die EPERCI (Protestantse Evangeliese Gereformeerde Kerk van die Ivoorkus).

3.4.2.2 Aan die ERCT (Togo) en EPERCI (Ivoorkus) is tydens bg. besoek ’n beperkte finansiële bydrae gemaak in oorleg met die Deputate Diakonale Sake van die GKSA, waarvoor groot dankbaarheid uitgespreek is.

3.4.2.3 Tydens die gesprekke wat plaasgevind het met die EPC (Kameroen), die ERCB (Bénin), die ERCT (Togo) en die EPERCI (Ivoorkus) is die GKSA deur die afgevaardigdes bekendgestel terwyl kennis geneem is van die geskiedenis, die Belydenisskrifte, die vorm van kerkregering, die sendingaksies en die opleiding van predikante van dié betrokke kerkverbande. Moontlike opleiding van hulle teologiese studente by die TSP is gemeld terwyl moontlike samewerking op sendingvlak tussen die GKSA en hulle ook ondersoek is.

3.4.2.4 Pertinente vrae is ook aan hulle rondom die volgende leerstellige vraagstukke en/of liturgiese praktyke gevra:

-Die kwessie van die beker en/of kelkies tydens Nagmaalviering.
-Die posisie van die susters t.o.v. die besondere ampte.
-Die sin "Neergedaal het na die hel' in die twaalf artikels.
-Besoek aan die Protestante Teologiese Fakulteit van Yaoundé.

3.4.2.5 Die Fakulteit – wat onafhanklik van die staat is, is interdenominasioneel en het agt voltydse professore wat nie op 'n kontrakbasis aangestel is nie (individuële reëlings word met elkeen getref). Studente kom vanuit verskeie Fransprekende lande (DRK, Kongo-Brazzaville, Rwanda ens.) Die Fakulteit hou bande met Europese Fakulteite Teologie, soos dié van Lausanne, Montpellier en Straatsburg, maar daar bestaan geen uitruilprogramme met enige Fakulteit Teologie in Afrika nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.3 **Die Sinode besluit: Aanbevelings**

3.4.3.1 Dat die GKSA die ekumeniese kontak met die EPC (Kameroense Presbeteriaanse Kerk) voortsit deur middel van –waar moontlik, uitnodigings aan en besoeke deur moontlike nagraadse studente van die EPC aan die Fakulteit Teologie (TSP) vir studie-ondersteuning.

3.4.3.2 Dat die pad na ekumeniese eenheid volgens die riglyne wat deur Sinode 2000 neergelê is (Acta :210, 2.3.3) verder ondersoek word.

3.4.3.3 Dat besoeke en ekumeniese gesprekke met die ERCB (Belydende Gereformeerde Benin) met erns voortgesit word met die oog op ekumeniese eenheid.

3.4.3.4 Dat diakonale hulp, veral by gebrek aan bedienaars en vervoermiddele vir verdere bediening en versorging t.o.v. hulle sendingwerk, aan hulle verleen word.

Motivering

Op konfessionele gronde is die ERCB (Bénin) waarskynlik die naaste aan die GKSA van die vier kerkverbande wat tydens hierdie besoek ontmoet is. Hulle het die inisiatief van die GKSA om hulle te besoek en kontak met hulle te maak baie waardeer. Die ERCB is 'n jong Gereformeerde kerk sonder predikant, met 'n aantal groeiprobleme: byeenkomste in die platteland is moeilik a.g.v. die gebrek aan vervoermiddels en dit veroorsaak ook dat sakramente nie op 'n gereelde basis bedien kan word nie.

3.4.3.5 Dat ekumeniese besoeke en gesprekke met die ERCT voortgesit word

3.4.3.6 Dat materiaal soos liturgiese formuliere aan hulle beskikbaar gestel word.

3.4.3.7 Dat ekumeniese gesprekke met EPERCI (Protestants Evangeliese Gereformeerde Kerk van die Ivoorkus) voortgesit word, en dat – waar en wanneer moontlik – besoeke aan hulle gebring word - spesifiek met die oog op hulpverlening op teologiese en diakonale vlak.

Besluit: Goedgekeur.

4. Ekumeniese sendingsamewerking (Sien 6.2)

4.1 **Opdrag**

4.1.1 Afvaardiging na ekumeniese sendingkonferensies waarheen sendelinge van die GKSA genooi word, (bv. die Sendingkonferensies van die ICRC)

4.1.2 Advies aan plaaslike en buitelandse kerke wat sending-samewerkingsprojekte oorweeg

4.1.3 Kontak behou met kerke wat op dieselfde Belydenisgrondslag staan by sake waarin sendingsamewerking nodig is

4.1.4 Daaroor besin of 'n dokument wat riglyne gee vir samewerkingsooreenkomste met buitelandse kerke by sending, nie noodsaaklik geword het nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 **Die Sinode neem kennis**

4.2.1 Globalisering het belangrike implikasies vir die koms van God se koninkryk deur sendingwerk wêreldwyd. Uitvoerbare vennootskappe oor lands- en selfs denominasionele grense, is 'n groeiende realiteit, ook vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit moet as 'n seën gesien word - en selfs 'n roeping van ons Here om daaraan mee te doen. Jesus het immers gebid: "... dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het". (Joh 17:21)

4.2.2 Vanweë sendingvennootskappe tussen die GKSA en die Christelijke Gereformeerde Kerke in Nederland, die Nederlands Gereformeerde Kerken en die Gereformeerde Gemeenten in Nederland het 'n hele aantal nuwe gemeentes in Venda, KwaNdebele, Botswana, Natal en Noordwes provinsie tot stand gekom. In die onlangse verlede het Gereformeerde Presbiteriaanse Kerke uit Korea (Kosin Presbyterian Churches in Korea) en Amerika (PCA en OPC) ook vennootskappe met plaaslike Gereformeerde kerke aangegaan en het verdere nuwe gemeentes ontstaan en is bestaande middestadsgemeentes wat basies "sendingposte" geword het, bedien.

4.2.3 Enkele plaaslike Gereformeerde Kerke het betrokke geraak in vennootskappe met Gereformeerde Kerke in die Demokratiese Republiek van die Kongo. Tans oorweeg individuele Gereformeerde Kerke soortgelyke vennootskappe in Malawi, Zambië en ander dele van Afrika.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 **Die Sinode oordeel**

4.3.1 Die Deputate se ondersoek en besinning oor ekumeniese sendingsamewerking het tot die gevolgtrekking gelei dat een van die vernaamste bydrae wat Gereformeerde kerke in Afrika kan lewer om die onvoltooide sendingtaak verder te voer, is om in die lig van die tweede deel van die groot sendingopdrag in Matteus 28 ("... *en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het...");* waar moontlik, hulp te verleen met *goeie dog kultureel relevante* teologiese opleiding aan jong kerke in Afrika.

4.3.2 Hierdie taak lê egter nie in die eerste plek op die terrein van die Deputate nie, en behoort in oorleg met die Kuratorium in samewerking met die Senaat van die Teologiese Skool, waar toepaslik, verder ondersoek te word. (Kyk onder die aanbevelings 4.7).

4.3.3 Riglyne vir samewerkingsooreenkomste met buitelandse kerke in die sendingtaak, is noodsaaklik, vanweë verskeie kerkregtelike probleme wat kan opduik.

Besluit: Kennis geneem.

4.4 **Die Sinode besluit**

4.4.1 Die Deputate kry ‘n opdrag om, waar toepaslik, in oorleg met plaaslike kerke advies te gee by die aangaan van sendingooreenkomste met buitelandse kerke en/of sendingorganisasies. Waar dit toepaslik is, pleeg die Deputate oorleg met die Deputate en/of kerke van Soutpansberg en Middellande.

4.4.2 In sendingooreenkomste moet sendelinge se regsinnigheid, kennis van plaaslike en kulturele omstandighede, die belydenisskrifte en Kerkorde van die GKSA, en tersaaklike besluite van Sinodes oor sending en liturgiese aangeleenthede in ag geneem word.

4.4.3 In sendingooreenkomste moet ook die toesighouding oor die sendelinge en beheer oor die opdraguitvoering deur die sendende kerk in oorleg met die plaaslike kerk gereël word.

4.4.4 Die Administratiewe Buro word opdrag gegee om alle relevante dokumente (bv. Kerkorde, Sinodebesluite oor Liturgie en Sendingaangeleenthede en kerklike formuliere en toepaslike vorms) in Engels beskikbaar te stel.

4.4.5 Wanneer sendingooreenkomste gesluit word, moet die regulasies en vereistes van die Departemente Buitelandse en Binnelandse Sake terdeë in ag geneem word.

4.4.6 Die Deputate kry ‘n opdrag om ‘n databasis saam te stel en op datum te hou van moontlike buitelandse kerke en organisasies met wie “sendingvennootskappe” aangegaan kan word, sowel as van ondersteuningspunte en plekke waar hulp verleen kan word en om sodanige inligting tot die beskikking van plaaslike kerke te stel.

4.4.7 Die Deputate pleeg oorleg met die Kuratore in samewerking met die Senaat van die Teologiese Skool vir ‘n behoeftebepaling en uitvoering van opleiding wat nodig mag wees. Hierby word ervare sendelinge betrek.

4.4.8 Sien ook aanbeveling in 3.1.4.2 van hierdie Rapport.

Besluit: Goedgekeur.

5. ‘n Samevattende aanbeveling

5.1 Die Deputate voeg alle opdragte ten opsigte van teologiese opleiding saam en bespreek dit met die Teologiese Skool.

Besluit: Goedgekeur.

5.2 Deputate word so benoem vir die volgende termyn dat die volgende portefeuljes gevul kan word:

- Voorsitter, Skriba, Hulpskriba
- Kerke in Afrika
- Kerke in Europa en die Verenigde Koninkryk
- Kerke in Noord en Suid Amerika
- Kerke in Eurasië
- Kerke in die Ooste
- Kerke in Australië en Nieu Seeland

(Die funksionarisse sou ook verantwoordelik kan wees vir die streke soos aangedui)

Besluit: Word verwys na die Kommissie vir benoeming van Deputate.

15.2 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE PRETORIA INSAKE DIE AANKNOOP VAN KORRESPONDENSIE MET DIE PRESBYTERIAN CHURCH OF AMERICA (Artt.8, 92, 184)

A. Dr. NP Heystek stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Ekumenisiteit.
C. Ds. P Venter rapporteer namens die Kommissie : Ekumenisiteit.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

Die Deputate vir Ekumeniese Sake van die Nasionale Sinode ondersoek die moontlikheid van die aanknoop van korrespondensie met die *Presbyterian Church of America* (hierna genoem die PCA).

2. Motivering

2.1 Vanuit gesprekke met die Deputate vir Ekumeniese Sake (Nasionale Sinode) het dit duidelik geword dat die hoofpunte wat gewoonlik in ag geneem word wanneer die moontlikheid van korrespondensie met 'n buitelandse kerkverband ondersoek word, die volgende is:
- leer, diens en tug en die mate waarin dit uitgeleef word
- bande met ander kerke en kerkgroeperings
- aard van teologiese opleiding
- missionêre aktiwiteite

2.2 Ten opsigte van die PCA kan gestel word dat die volgende getuienis van hulle webblad asook uit persoonlike skrywes deur van hul predikante en persone vanuit die GKSA verkry is:

2.2.1 Leer, diens en tug
- *Die Westminster Confession of Faith* en die *Shorter and Larger Catechisms* word deur hierdie kerk aanvaar
- Die Gereformeerde leer kom duidelik na vore in hulle onderskrywing van die vyf sola's van die reformasie, in die handhawing van die uitverkiesingsleer, asook in die handhawing van 'n presbiteriale kerkregeringstelsel, soos uitgedruk in hulle *Book of Church Order*.
- Die PCA was eers deel van die *Presbyterian Church of the United States of America* (PCUSA). As gevolg daarvan dat die PCUSA klaarblyklik nie meer die Godheid van Christus en die onfeilbaarheid van die Skrif onvoorwaardelik wou aanvaar wou nie, het die PCA in 1973 van hulle weggebreek.

2.2.2 Bande met ander kerke en kerkgroeperings
- In 1982 het die PCA verenig met die *Reformed Presbyterian Church*. Laasgenoemde Kerkverband het in 1965 tot stand gekom vanweë 'n vereniging van die *Evangelical Presbyterian Church* en die *Reformed Presbyterian Church in North America*.
- Die PCA ken nie ekumeniese bande soos wat dit in die Europese Gereformeerde kringe geken word en ook deur die GKSA onderhou word nie. Die PCA beskou die kerke wat lid is van die *World Reformed Fellowship* (WRF) as "susterskerke". Op die eersvolgende Nasionale Sinode van die GKSA gaan sy Deputate vir Ekumeniese Sake aanvoer dat die GKSA ook lid word van die WRF.

- Die PCA is een van die leidende lede van NAFARC, 'n vereniging wat poog om Gereformeerdes en die Presbiteriane nader aan mekaar te bring.
- Dit blyk dat die PCA nou saamwerk met die *Orthodox Presbyterian Church*, die *Free Church of Scotland* en die *Presbyterian Church of Korea.* Hierdie is almal kerke met wie die GKSA in korrespondensie is.

2.2.3 Aard van teologiese opleiding

- Die PCA se predikante word opgelei aan *Convenant Theological Seminary, Greeneville Theological Seminary, Knox Theological Seminary, Westminster Theological Seminary* en *Reformed Theological Seminary*. Van hierdie is ten minste Covenant en Westminster wêreldbekende Gereformeerde teologiese opleidingsinstitute.

2.2.4 Missionêre aktiwiteite

- Die PCA is tans 'n vinnig groeiende denominasie in die VSA. In die VSA en Kanada alleen is daar meer as 1450 kerke en *missions*. Reeds in die jaar 2000 was daar al meer as 306 000 belydende lidmate en dooplidmate.
- Die PCA is 'n kerk met evangeliseringsaktiwiteite dwarsoor die wêreld. Daar werk tans 519 voltydse sendelinge onder 60 nasies, 169 “twee jaar sendelinge” en meer as 6 500 korttermyn sendelinge wêreldwyd.

2.3 As verdere oorweging dien vermeld te word dat terugvoer vir kontak reeds vanuit die kringe van die GKSA met die PCA gemaak is, positief is:

- Dr. Flip Buys het tydens 'n vergadering van die *World Reformed Fellowship* 'n gesprek gehad met die *stated clerk* van die PCA oor ekumeniese bane.
- Ds. Theo van Blerk is deur 'n gemeente van die PCA beroep en hy het die beroep opgevolg. In verkennende gesprekke met die PCA het hy die groete van die GKSA aan hulle oorgedra. Sy terugvoer rakende die PCA is ook oorweldigend positief.
- 'n Emerituspredikant uit die PCA, rev. Jim Gray, het hulpdiens by die *Good News Community Church* (Engelssprekende Gereformeerde Kerk wat deel in die kerkverband is) in Hillbrow verrig.

2.4 Vanuit bostaande oorsig is dit duidelik dat genoegsame *prima facie* getuienis bestaan om te veronderstel dat korrespondensie aangeknoop behoort te word.

Besluit: Dat aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word.

15.3 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE OVS EN NATAL : SKAKELING MET DIE OWERHEDE (Artt.8, 75, 156)

A. Dr. N Vorster stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Ekumenisiteit.
C. Ds. P Venter rapporteer namens die Kommissie : Ekumenisiteit.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

1.1 Dat die Deputate vir korrespondensie met sentrale- en streeksowerhede se opdrag so geformuleer word dat dit pas binne die nuwe grondwetlike bedeling.

1.2 Dat die Sinode Deputate aanwys om die moontlikheid van ‘n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee te ondersoek.

2. Motivering

2.1 In die vorige politieke bedeling het die owerheid homself as ‘n Christelike owerheid beskou (vergelyk Inleiding, Grondwet 1983). Die gevolg was dat die kerk en die owerheid op die grondslag van ‘n gemeenskaplike Christelike uitgangspunt gesprek kon voer. Met die oorgang tot ‘n nuwe politieke bedeling in 1994 is ‘n regstaat in Suid-Afrika gevestig, wat ‘n era van grondwetlike regering in Suid-Afrika ingelei het. Die owerheid is ooreenkomstig die vereiste van die nuwe Grondwet ‘n neutrale regering en is in sy uitvoerende gesag gebonde aan ‘n Handves van Regte (vergelyk paragrawe 1(c), 8(1), 15(2)).

Binne die nuwe konteks van ‘n neutrale owerheid bestaan die vorige gemeenskaplike Christelike gespreksbasis nie meer nie, omdat die owerheid ooreenkomstig die Grondwet nie een godsdiens bo ‘n ander mag bevoordeel nie. Dit help daarom nie om binne die nuwe staatkundige konteks op dieselfde wyse gesprek met die owerheid te voer as binne die Christelike-nasionale konteks nie. Om effektief getuienis te kan lewer sal ‘n nuwe gespreksbasis gevorm moet word. In die vestiging van ‘n nuwe gespreksbasis sal die konteks van ‘n regstaat deeglik verdiskonteer moet word.

2.2 Die bogenoemde realiteit het die volgende implikasies vir die Deputate vir gesprek met die owerheid:

2.2.1 Die owerheid is grondwetlik gesproke nie by magte om wette te maak wat die Christelike geloof ten koste van ander gelowe bevorder nie, of om ‘n spesifiek Christelike moraliteit op die samelewing af te dwing nie. Dit het geen sin vir die deputate om by die owerheid aan te dring om wette te maak wat die Christelike geloof openlik bevorder nie, omdat sodanige eise nie binne ‘n regstaat implementeerbaar is nie (vergelyk opdrag 1.4 en 1.6 van Sinode 2000:488 aan Deputate). Die Deputate sal desnoods Christelike beginsels in nie-dogmatiese taal moet oorvertaal, en in sy gesprekke met die owerheid aansluiting moet probeer vind by algemene sedelike norme.

2.2.2 Dit het weinig sin om binne die konteks van die nuwe bedeling gesprekke met parlementslede/ Streeksverteenwoordigers te voer (vergelyk 1.5 van 2000 Sinode se opdrag aan Deputate). Die Deputate het in ‘n onlangse skrywe aan kerke laat blyk dat hulle nie die opdrag kon uitvoer nie.

2.3 Die regstaat bied die volgende kanale wat moontlik deur kerke gebruik kan word om in gesprek met die owerheid te tree:

2.3.1 Die Grondwet geniet hoër status as enige ander wet. Paragraaf 8(4) waarborg dat kerklike instellings as regspersone geregtig is op al die regte in die Handves van Regte in die mate waarin die aard van die regte en die aard van daardie regspersoon dit vereis. Paragraaf 16 waarborg die kerk se reg tot vrye uitdrukking. Die Grondwet bevat verder nie ‘n *establishment clause*, soos in die Amerikaanse Grondwet, wat van die owerheid verwag om homself van religieuse aktiwiteite te disassosieer nie, maar wel ‘n sogenaamde *free exercise clause* wat beteken dat die owerheid religieuse aktiwiteite in die openbaar mag bevorder (vergelyk State vs Lawrence 1997). Dit beteken dat die kerk haarself vrylik op die Grondwet van die land kan beroep, en dat die kerk ook met die owerheid gesprek kan voer oor openbare religieuse aangeleenthede.

2.3.2 Die Handves van Regte bind die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag in die land (paragraaf 7.1). Die kerk sou wette wat onreg bevorder in die Konstitusionele Hof kan betwis op grond van die Handves van Regte.

2.3.3 Die Grondwet maak voorsiening vir meganismes ter ondersteuning van die Grondwetlike demokrasie. Paragraaf 181(1) maak ruimte vir ‘n Openbare Beskermer, Menseregtekommissie, die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe, die Kommissie vir Geslagsgelykheid, die Ouditeur Generaal en die Verkiesingskommissie. Dit kan sinvol wees vir die Deputate om met hierdie meganismes gesprek te voer.

2.3.4 Die owerheid vaardig gereeld witskrifte van beoogde wetgewing uit vir sosiale kommentaar. Dit is in lyn met die beginsels van ‘n grondwetlike demokrasie wat burgerlike deelname aan wetgewende prosesse probeer moontlik maak.

Interne Gereformeerde moniteringskomitee

Aangesien Suid-Afrika met die oorgang tot ‘n nuwe politieke bedeling vanaf ‘n verteenwoordigende na ‘n deelnemende demokrasie verander het, is gemeenskaplike bedingingsmag van deurslaggewende belang. Dit is belangrik dat kerke vanuit Gereformeerde belydenis vanuit een mond moet praat. Verdeelde getuienis is swak getuienis, en gee aan owerhede die geleentheid om verskillende kerklike standpunte teenoor mekaar af te speel. Om verdeelde kerklike getuienis te deurbreek kan dit raadsaam wees om ‘n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee tot stand te bring wat wetgewing gereeld op ‘n kerklike wyse in die lig van die Gereformeerde etiek monitor, en met die owerheid daaroor gesprek voer. Hierdie praktyk word met groot vrug gevolg deur evangeliese kerke in Duitsland en die VSA.‘n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee wat wetgewing gereeld monitor kan die volgende voordele inhou:

2.3.5 Dit gee eenvormige gereformeerde getuienis wat oor taal- en kultuurgrense heen strek.

2.3.6 Uit ekumeniese gesprekke ontwikkel dikwels nuwe perspektiewe.

2.3.7 Sake kan spoedeisend behandel en afgehandel word deur so ‘n moniteringskomitee.

3. Aanbevole wyse van skakeling

3.1 Dat die Deputate vir korrespondensie met sentrale en streeksowerhede se opdrag so geformuleer word dat dit pas binne die nuwe grondwetlike bedeling. Die volgende formulerings word voorgestel:

3.1.1 Hou wetgewing voortdurend dop, en tree op indien nodig, in die lig van die besluite van die Sinode, deur moontlike en toeganklike kanale wat die regstaat bied te gebruik. Die Deputate moet witskrifte wat die regering uitvaardig bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en die Gereformeerde etiek daarop kommentaar lewer.

3.1.2 Die Deputate moet wanneer nodig in gesprek tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie.

3.2 Die Sinode wys Deputate aan om die moontlikheid van ‘n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee te ondersoek. Die volgende opdragte word aan die Deputate gegee:

3.2.1 Swart en Engelstalige Gereformeerde kerke moet indien moontlik, saam met die drie Afrikaanse kerke betrek word by die vergadering.

3.2.2 Die Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee behoort saamgestel te word uit gereformeerde etici wat bevoeg is om wetgewing te monitor in die lig van die Skrif.

3.2.3 Die komitee moet witskrifte wat die regering uitvaardig, bestudeer en daarop kommentaar lewer.

4. Prinsipiële Motivering

4.1 KO, artikel 28 vereis van kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou.

4.2 NGB, artikel 36 en 1 Timoteus 2:1-2 beskryf die owerheid as 'n instelling van God waarvoor die kerk voorbidding moet doen.

4.3 Romeine 13:4-7 beskryf die owerheid as 'n dienaar van God wat die koninkryk van God moet dien deur reg en orde te handhaaf. Die kerk moet die owerheid aan sy Godgegewe taak herinner.

4.4 2 Korintiërs 10:4-5 vereis dat die gelowiges elke gedagte gevange neem, en dit aan Christus gehoorsaam maak.

Besluit: Dat aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word met die volgende as aanbevelings:

1. Die Deputate vir skakeling met die sentrale- en streeksowerhede moet as volg fokus en skakeling verbreed

1.1 Die Deputate moniteer wetgewing voortdurend en tree, indien nodig, op in die lig van die besluite van die Sinode, deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek daarop kommentaar lewer op die mees effektiewe wyse.

1.2 Die Deputate moet, wanneer nodig, in gesprek tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv. die Openbare Beskermer, die Kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregtekommissie.

1.3 Die Deputate moet die moontlikheid van 'n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee ondersoek. Swart en Engelstalige Gereformeerde kerke moet, indien moontlik, saam met die drie Afrikaanse kerke betrek word. Die komitee behoort ook saamgestel te word uit Gereformeerde Etici wat bevoeg is om wetgewing te monitor en in die lig van die Skrif kommentaar daarop te lewer.

1.4 Die Deputate moet ook die kerke, waar nodig, adviseer oor huidige en nuwe wetgewing.

1.5 Die Deputate moet skakeling tussen verskillende Deputategroepe bewerkstellig sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer.

Besluit: Goedgekeur.